

**DIE VERBAND TUSSEN VADERS SE OUERSKAPSTYLE EN
DIE EMOSIONELE INTELLIGENSIE VAN GRAAD 2-DOGTERS**

deur

CECILIA OOSTHUIZEN

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir
die graad

**MASTER DIACONIOLOGIAE
(SPELTERAPIE-RIGTING)**

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: DR M DUNN

November 2009

VERKLARING

Studentenommer: 4187 5915

Hiermee verklaar ek, Cecilia Oosthuizen, dat:

DIE VERBAND TUSSEN VADERS SE OUERSKAPSTYLE EN DIE EMOSIONELE INTELLIGENSIE VAN GRAAD 2-DOGTERS

my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of direk aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het. Dit is 'n verhandeling van beperkte omvang en moet as sodanig beskou word.

Handtekening

Datum

Verklaring – Me. M. Grobler (Nagraadse diploma in taalversorging).

16 November 2009

To whom it may concern

I hereby confirm that I was responsible for the editing of the following thesis:

Cecilia Oosthuizen
Student number: 4187 5915

DIE VERBAND TUSSEN VADERS SE OUERSKAPSTYLE EN DIE EMOSIONELE INTELLIGENSIE VAN GRAAD 2-DOGTERS

You are more than welcome to contact me should there be any queries.

Yours sincerely



Mrs Mari Grobler
 Language Practitioner
 072 9292 036

BEDANKINGS

- Aan my Hemelse Pappa, dankie vir die voorreg om te mag studeer met soveel geleentheid om my talente tot U eer te kan gebruik.
- George, my steunpilaar en man. Hoe kan ek ooit dankie se vir jou ongelooflike ondersteuning. Jy is altyd daar...dankie. Jy is die liefde van my lewe.
- Caralyn, my meisiekind. Jou unieke verhouding met jou pappa was my inspirasie vir hierdie studie. Behou jou vryheid en uniekheid my pop. Dankie dat jy verstaan het as mamma dalk nie dadelik aan die wiskunde huiswerk kon aandag gee nie.
- My seun, Michael. Dankie vir al die drukkies en briefies net op die regte tyd. Jy is kosbaar en gaan eendag 'n wonderlike pappa wees.
- Aan my ma, dankie dat ma altyd bereid was om die kinders op kort kennisgewing rond te ry en vir ma se belangstelling.
- Marlene, Henriette, René, Liezl en al my ander vriende (te veel om te noem), dankie vir julle ondersteuning, belangstelling en gebede.
- Mnr. Willie van Rensburg, personeel van Laerskool ?, leerders en ouers – Dankie vir julle bereidheid om deel te wees van die studie, ek waardeer julle.
- Laastens aan Dr. Munita Dunn. Jou positiwiteit, deursettingsvermoë, raad, humor, deeglikheid en kundigheid het hierdie proses suksesvol gemaak. 'n Oproep na jou was die beste opkikker om my weer positief te kry! Dankie is nie genoeg nie, maar uit my hart dankie.

"My father died many years ago, and yet when something special happens to me, I talk to him secretly not really knowing whether he hears, but it makes me feel better to half believe it."

--Natasha Josefowitz

OPSOMMING

DIE VERBAND TUSSEN VADERS SE OUERSKAPSTYLE EN DIE EMOSIONELE INTELLIGENSIE VAN GRAAD 2-DOGTERS

deur

C. Oosthuizen

STUDIELEIER: Dr. M. Dunn
UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA
GRAAD: MAGISTER DIACONIOLOGIAE
(SPELTERAPIE)

Vaders se rol in die opvoeding van dogters is 'n hedendaagse besprekingspunt. Die doel van die studie was om te bepaal watter spesifieke ouerskapstyl, wat vaders van graad 2-dogters toepas, moontlik kan bydra tot hoër vlak van emosionele intelligensie.

Kwantitatiewe navorsing met 'n verkennende en beskrywende aard is uitgevoer. Data is ingesamel deur gebruik te maak van twee meetinstrumente naamlik, die Cilliers Emosionele Intelligensie Toets en *Parenting Styles and Dimensions Questionnaire (PSDQ)*, om onderskeidelik die emosionele intelligensie van graad 2-dogters te meet en die ouerskapstyldimensies van die dogters se vaders te bepaal. Die steekproef het bestaan uit 24 graad 2-dogters en hulle ouers. Dit het geblyk dat die invloed van die vaders se ouerskapstyle op die dogters se emosionele intelligensie nie gebaseer kan word op grond van die ouerskapstyldimensies wat die meeste benut word nie, maar wel op watter van die ouerskapstyldimensies die minste deur die vaders benut word.

SLEUTELTERME: Emosionele intelligensie, graad 2-dogters, middelkinderjare, ouerskapstyle

SUMMARY

THE RELATIONSHIP BETWEEN FATHERS' PARENTING STYLES AND THE EMOTIONAL INTELLIGENCE OF GRADE 2 DAUGHTERS

by

C. Oosthuizen

Supervisor: Dr M. Dunn
UNIVERSITY OF SOUTH AFRICA
DEGREE: MAGISTER DIACONIOLOGIAE
(PLAY THERAPY)

The increasing awareness about the important role that fathers play in their daughters' lives, have lead to the undertaking of this study. The goal of this study was to determine whether there is a specific parenting style of fathers that will contribute to the achieving of a higher level of emotional intelligence in grade 2 daughters.

Quantitative research with an exploratory and descriptive nature was used. Data were collected with the use of the Parenting Styles and Dimensions Questionnaire (PSDQ) as well as the Cilliers Emotional Intelligence Test. The sample consisted of 24 Grade 2 girls and their parents. The conclusion was that the relationship between parenting style dimensions and emotional intelligence was not showed through the parenting style or dimension mostly used, but through the parenting style dimension that was used the least.

KEY TERMS: Emotional intelligence, grade 2 daughter, parenting styles, parenting, fathers, daughter, quantitative, father-daughter relationship and middle childhood

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

HOOFSTUK 1 – ALGEMENE INLIGTING EN OORSIG VAN DIE STUDIE

1.	<u>Inleiding</u>	11
2.	<u>Rasionaal van die studie</u>	13
3.	<u>Probleemformulering</u>	18
4.	<u>Die doelstelling, doelwitte en hipoteses van die studie</u>	20
4.1.	<u>Doelstelling</u>	20
4.2.	<u>Doelwitte</u>	21
4.3.	<u>Hipoteses</u>	22
5.	<u>Navorsingsbenadering</u>	22
5.1.	<u>Kwantitatiewe benadering</u>	22
5.2.	<u>Soort navorsing</u>	24
5.3.	<u>Navorsingsontwerp</u>	25
6.	<u>Navorsingsprosedures en werkswyse</u>	25
6.1.	<u>Data-insameling</u>	26
	6.1.1. <u>Literatuurstudie</u>	26
	6.1.2. <u>Meetinstrumente</u>	26
	6.1.2.1. <u>Psigometriese vraelyste aan vaders en moeders</u>	
	<u>om vaders se ouerskapstyle te bepaal</u>	26
	6.1.2.2. <u>Psigometriese toetsing van emosionele</u>	
	<u>intelligensie</u>	27
6.2.	<u>Data-analise</u>	28
6.3.	<u>Data-verifikasie</u>	28
	6.3.1. <u>Interne geldigheid</u>	29
	6.3.2. <u>Eksterne geldigheid</u>	29
6.4.	<u>Universum, populasie, afbakening van steekproef en wyse</u>	
	<u>van steekproef</u>	30
7.	<u>Etiese aspekte wat betrekking het op die studie</u>	32
7.1.	<u>Voorkoming van skade aan respondente</u>	32
7.2.	<u>Ingeligte toestemming</u>	33
7.3.	<u>Publikasie van resultate</u>	33
7.4.	<u>Bekwaamheid van navorser</u>	34
8.	<u>Definisies van hoofkonsepte</u>	34
8.1.	<u>Ouerskapstyle</u>	34
8.2.	<u>Emosionele Intelligensie</u>	34
8.3.	<u>Graad 2-dogter</u>	35

9.	<u>Indeling van navorsingsverslag</u>	35
10.	<u>Samevatting</u>	35

HOOFSTUK 2 – LITERATUURSTUDIE

1.	<u>Inleiding</u>	36
2.	<u>Emosionele intelligensie</u>	37
2.1.	<u>Emosionele intelligensie vaardighede</u>	39
2.1.1.	<u>Intrapersoonlike vaardighede</u>	40
2.1.2.	<u>Interpersoonlike vaardighede</u>	43
2.2.	<u>Faktore wat emosionele intelligensie by kinders beïnvloed</u>	45
2.2.1.	<u>Neurologiese faktore</u>	45
2.2.2.	<u>Taalontwikkeling</u>	46
2.2.3.	<u>Kinders se vermoë om vaardighede aan te leer</u>	46
2.2.4.	<u>Genetiese faktore</u>	47
2.2.5.	<u>Ouers</u>	47
2.2.6.	<u>Media</u>	48
2.3.	<u>Voorspellingswaarde van emosionele intelligensie</u>	49
3.	<u>Ontwikkeling van dogters in hulle middelkinderjare</u>	50
4.	<u>Emosionele ontwikkeling van dogters tydens middelkinderjare</u>	54
5.	<u>Ouerskap</u>	55
6.	<u>Ouerskapstyle</u>	59
6.1.	<u>Gesaghebbende ouerskapstyl</u>	60
6.1.1.	<u>Dimensies van die gesaghebbende ouerskapstyl volgens die PSDQ</u>	62
6.1.1.1.	<u>Verhoudingsdimensie</u>	62
6.1.1.2.	<u>Redeneringsdimensie</u>	62
6.1.1.3.	<u>Demokratiese deelname-dimensie</u>	62
6.2.	<u>Outoritêre ouerskapstyl</u>	63
6.2.1.	<u>Dimensies van die outoritêre ouerskapstyl volgens die PSDQ</u>	63
6.2.1.1.	<u>Fisiese dwangdimensie</u>	63
6.2.1.2.	<u>Verbale vyandigheidsdimensie</u>	64
6.2.1.3.	<u>Strafdimensie</u>	64
6.3.	<u>Permissiewe ouerskapstyl</u>	64
6.3.1.	<u>Dimensie van permissiewe ouerskapstyl volgens die PSDQ</u>	65
6.3.1.1.	<u>Inskiklikheidsdimensie</u>	65

6.4.	<u>Die rol van ouers tydens die middelkinderjare</u>	65
	6.4.1. <u>Vaders en dogters</u>	67
6.5.	<u>Faktore wat vaderskap beïnvloed volgens ontwikkelingsteorieë</u>	69
	6.5.1. <u>Bio-ekosistemiese teorie</u>	69
	6.5.1.1. <u>Mikrosisteem</u>	70
	6.5.1.2. <u>Mesosisteem</u>	70
	6.5.1.3. <u>Eksosisteem</u>	71
	6.5.1.4. <u>Makrosisteem</u>	71
	6.5.1.5. <u>Chronosisteem</u>	72
	6.5.2. <u>Veldteorie</u>	73
7.	<u>Samevatting</u>	74

HOOFSTUK 3 – NAVORSINGSMETODOLOGIE: 'N EMPIRIESE PERSPEKTIEF EN INTEGRASIE VAN NAVORSINGSBEVINDINGS

1.	<u>Inleiding</u>	75
2.	<u>Die kwantitatiewe navorsingsproses hersien</u>	75
3.	<u>Meetinstrumente</u>	77
	3.1. <u>Cilliers Emosionele Intelligensie (CEI)</u>	77
	3.1.1. <u>Toetsadministrasie</u>	77
	3.1.2. <u>Nasien van CEI</u>	77
	3.2. <u>Parenting styles and dimensions questionnaire (PSDQ)</u>	78
	3.2.1. <u>Toetsadministrasie</u>	78
	3.2.2. <u>Nasien van PSDQ</u>	79
	3.2.2.1. <u>Gesaghebbende ouerskapstyl (Faktor 1)</u>	79
	3.2.2.2. <u>Outoritêre ouerskapstyl (Faktor 2)</u>	80
	3.2.2.3. <u>Permissiewe ouerskapstyl (Faktor 3)</u>	80
4.	<u>Data-insameling</u>	81
5.	<u>Statistiese ontleding van empiriese data, interpretering en integrering van bevindings</u>	82
	5.1. <u>Emosionele intelligensie toetsing (CEI)</u>	83
	5.2. <u>Ouerskapstyle en dimensiemeting (PSDQ)</u>	88
	5.2.1. <u>Gesaghebbende ouerskapstyl</u>	89
	5.2.2. <u>Outoritêre ouerskapstyl</u>	90
	5.2.3. <u>Permissiewe ouerskapstyl</u>	90
	5.3. <u>Integrering van data van die PSDQ en die CEI</u>	91
	5.3.1. <u>Respondente met 'n baie goeie emosionele intelligensie</u>	91

5.3.2.	<u>Respondente met 'n goeie emosionele intelligensie</u>	93
5.3.3.	<u>Respondente met 'n gemiddelde emosionele intelligensie</u>	95
6.	<u>Samevatting</u>	98

HOOFSTUK 4 – GEVOLGTREKKINGS, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

1.	<u>Inleiding</u>	100
2.	<u>Hersiening van navorsingprobleem, doelstelling en doelwitte van die studie</u>	101
3.	<u>Gevolgtrekkings na aanleiding van die empiriese ondersoek</u>	103
4.	<u>Aanspreek van navorsingsprobleem en die bevestiging van hipotese</u>	105
5.	<u>Tekortkominge van studie en aanbevelings vir toekomstige studies</u>	106
6.	<u>Samevatting</u>	108

BIBLIOGRAFIE

110

TABELLE

Tabel 2.1. – Die Psigososiale Ontwikkelingsfases van Erikson	52
Tabel 3.1. – Beskrywings van stanegeskaal en persentasie toekenning van die CEI	83
Tabel 3.2. – Standaardafwykings van onderafdelings van die CEI	85
Tabel 3.3. – Rou punte van dogters se CEI-toets en standaardafwykings	86
Tabel 3.4. – Rou punte en standaardafwykings van die PSDQ	88
Tabel 3.5. – Voorstelling van die volgorde van ouerskapsdimensies wat deur vaders, van dogters met verskillende emosionele intelligensievlakke, gebruik word	98

FIGURE

Figuur 2.1. – Intra- en interpersoonlike komponente van emosionele intelligensie	39
Figuur 2.2. – Emosionele intelligensie vaardighede	40
Figuur 2.3. – Ouerskapstyle en dimensies volgens die PSDQ	60
Figuur 3.1. – Verspreiding van die emosionele intelligensie tellings	84
Figuur 3.2. – Verspreiding van rou punt-waardes van vyf vaardighede van	

emosionele intelligensie	87
Figuur 3.3. – Verspreiding van rou punte en standaardafwykings van Faktor 1 se dimensies	89
Figuur 3.4. – Verspreiding van rou punte en standaardafwykings van Faktor 2 se dimensies	90
Figuur 3.5. – Dogters met 'n baie goeie emosionele intelligensie se <i>PSDQ</i> -rou punte in verskillende ouerskapstyle verdeel	92
Figuur 3.6. – Waardes van vaders (dogters met 'n baie goeie emosionele intelligensie) in elk van die verskillende subfaktore	93
Figuur 3.7. – Dogters met 'n goeie emosionele intelligensie se <i>PSDQ</i> -rou punte in verskillende ouerskapstyle verdeel	94
Figuur 3.8. – Waardes van vaders (dogters met 'n goeie emosionele intelligensie) in elk van die verskillende subfaktore	95
Figuur 3.9. – Dogters met 'n gemiddelde emosionele intelligensie se <i>PSDQ</i> -rou punte in verskillende ouerskapstyle verdeel	96
Figuur 3.10. – Waardes van vaders (dogters met 'n gemiddelde emosionele intelligensie) in elk van die verskillende subfaktore	97

LYS VAN BYLAES:

Bylaag 1	-	Voorbeeld van toestemmingsbrief aan ouers gestuur	121
Bylaag 2	-	Toestemmingsbrief aan skool gerig	124
Bylaag 3	-	Afskrif van die <i>PSDQ</i>	126
Bylaag 4	-	Rou punte van die <i>PSDQ</i>	132
Bylaag 5	-	Empiriese data van dogters se emosionele intelligensie	135
Bylaag 6	-	Rou punte van die <i>PSDQ</i> vir dogters met 'n baie goeie emosionele intelligensie	138
Bylaag 7	-	Rou punte van die <i>PSDQ</i> vir dogters met 'n goeie emosionele intelligensie	140
Bylaag 8	-	Rou punte van die <i>PSDQ</i> vir dogters met 'n gemiddelde emosionele intelligensie	143

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLIGTING EN OORSIG VAN DIE STUDIE

1. Inleiding

Die konsep van emosionele intelligensie is bekend onder ouers en terapeute en blyk vanuit navorsing 'n bepalende faktor te wees in die sukses van 'n persoon se deelname aan 'n gebalanseerde volwasse lewe (Recker, 2001). Emosionele intelligensie verwys na die kind se vermoë om gevoelens waar te neem, weer te gee en empatie te kan betoon (Kapp, 2000:151).

Brink (2006:37-44) dui aan dat kinders in die Suid-Afrikaanse konteks tans 'n verskeidenheid van gedrag toon sowel as emosionele probleme ervaar soos byvoorbeeld, 'n gebrek aan verantwoordelike sin, 'n gebrek aan respek vir volwassenes, 'n gebrek aan grense, 'n gebrek aan selfmotiveringsvaardighede en 'n gebrek aan empatie vir ander se gevoelens. Brink (2006:37-44) noem dat bogenoemde probleme gedeeltelik aangespreek kan word deur die verhoging van 'n kind se emosionele intelligensie.

Volgens Blom (2004:1) speel die huislike omgewing waarin 'n kind in die middelkinderjare homself of haarself bevind ook 'n belangrike rol in die kind se emosionele intelligensie. Cilliers (2004:41-42) ondersteun die stelling en noem dat die twee belangrikste rolspelers in die ontwikkeling van 'n kind se emosionele intelligensie die omgewing en die ouers is.

Reder en Lucey (1995:1) ondersteun bogenoemde stelling deur die volgende aanhaling: "The parenting children receive is a cornerstone for the development of their emotional, interpersonal and social well-being". Campbell (2000:15) is van mening dat ouers die kind se primêre versorgers is en dat kinders se gedrag gesien kan word as 'n direkte uitvloeisel van hulle ouers se gedrag en optrede.

Die stereotipering van vaders as slegs die broodwinners van en voorsieners aan gesinne het die laaste twee dekades negatiewe kommentaar ontlok, en vaders word vandag al hoe meer gesien as belangrike rolspelers in die emosionele ontwikkeling van kinders (Wambugu & Adams, 2007). Volgens Wambugu en Adams (2007:18) het die rol van vaders die afgelope twee dekades 'n metamorfose ondergaan. Vaders is nie net meer verantwoordelik vir die manlike genetika om kinders te verwek nie, maar is deels die persoon wat verantwoordelikheid met die moeder vir die kind se sosiale, emosionele sowel as fisiese versorging deel.

Dogters word reeds in hulle laat middelkinderjare geteister met adolessente kwessies soos byvoorbeeld seks, onbeplande swangerskappe, Menslike Immuniteitsgebrekvirus (MIV), romantiese verhoudings, groepsdruk en gewigsbewustheid. Navorsing toon dat betrokke vaders die negatiewe impak van die bogenoemde kwessies tot die minimum vir die dogter in die laat middelkinderjare kan beperk (vergelyk Degraffenred: 2008; Durham: 2003; Tata, Fox & Cooper: 2001:202).

Na aanleiding van bogenoemde stellings kan die afleiding gemaak word dat die vader se optrede en betrokkenheid die dogter se emosionele ontwikkeling negatief of positief kan beïnvloed. Volgens 'n studie wat onderneem is deur Kenny en Peters (in Richter, 2006:53), word daar aangedui dat die afwesigheid van 'n vaderfiguur in die gesin meer problematies is as slegs die inkorting van finansiële bydraes. Hierdie outeur is van mening dat die verlies aan aspekte soos emosionele betrokkenheid en gesag die kind se ontwikkeling van 'n positiewe selfkonsep ontnem.

In 'n poging om ouers se optredes en betrokkenheid te definieer en klassifiseer het Diana Baumrind in 1966 die konsep van ouerskapstyle ontwikkel (Grobman, 2003). Baumrind het die volgende drie indelings van ouers se ouerskapstyle gedoen: outoritêre ouerskapstyl, gesaghebbende ouerskapstyl en die permissiewe ouerskapstyl. Volgens Baumrind (Grobman, 2003) het elke ouerskapstyl positiewe en negatiewe gevolge, wat in hoofstuk twee in meer detail bespreek sal word. Die psigometriese meetinstrument

wat gebruik sal word, naamlik die *Parenting Styles and Dimensions Questionnaire* (hierna genoem *PSDQ*) vir die bepaling van die vader se ouerskapstyl onderskei tussen sewe dimensies van ouerskapstyle aan. Die gesaghebbende ouerskapstyl beskik oor drie dimensies – die verhoudingsdimensie, die redeneringsdimensie en die demokratiese deelname-dimensie. Die dimensies van fisiese dwang, verbale vyandigheid en straf word onder die outoritêre ouerskapstyl geklassifiseer, terwyl die permissiewe ouerskapstyl slegs bestaan uit die insiklikheidsdimensie (Robinson, Mandleco, Olsen & Hart, 2001).

Die navorser het die studie onderneem om te bepaal watter een van die ouerskapstyle en ouerskapstyldimensies wat vaders van graad 2-dogters toepas, die grootste verband toon met die ontwikkeling van 'n hoër vlak van emosionele intelligensie in graad 2-dogters. Die navorser is bewus daarvan dat emosionele intelligensie bepaal word deur verskillende veranderlikes maar vir die doel van die studie sal daar net op bogenoemde gefokus word.

2. Rasionaal van die studie

Die rasionaal van navorsingsonderwerp skep vir die navorser die geleentheid om die leser van die voorstel te oortuig van die waarde van die beoogde navorsing (Babbie, 2004:113). Volgens Fouché (2005:115) moet die navorsingsvoorstel duidelik uiteensit hoe die beoogde navorsing aan die volgende drie vereistes voldoen:

- Die navorsing moet 'n bydrae tot die kennis van die vakgebied lewer
- Die relevante partye moet die navorsing bruikbaar en betekenisvol ag
- Die beoogde studie moet van waarde vir relevante praktisyns wees

In die volgende afdeling poog die navorser om die waarde van die studie aan die leser te verduidelik.

Emosionele intelligensie word deur Kapp (2000:152) omskryf as die kind se vermoë om emosies effektief te kommunikeer, te herken en te verstaan. Goleman (1995:43) definieer emosionele intelligensie as die vermoë om

emosies te kan herken en beheer, jouself te kan motiveer, impulse te kan beheer, emosies in ander te kan herken en verhoudings suksesvol te kan hanteer.

Emosionele intelligensie bevorder bevoegdheede soos ouderdomsgepaste emosionele ontwikkeling, 'n positiewe selfbeeld en selfkonsep, genoegsame selfkontrole en aanvaarding van seksualiteit. Volgens Gurian (2008a) bereik 'n dogter se selfbeeld 'n hoogtepunt op die ouderdom van nege jaar en neem daarna beduidend af, wat daarop kan dui dat die ontwikkeling van emosionele intelligensie voor hierdie ouderdom belangrik geag moet word. Die redes hiervoor is dat sodra die dogter die adolessente lewensfase inbeweeg, die sosiale druk en verwagtinge aansienlik meer word. 'n Hoër vlak van emosionele intelligensie is dus nodig om die druk en verwagtinge suksesvol te kan hanteer en verwerk.

Volgens Erikson (in Harder, 2002) is dogters in die middelkinderjare nog op familie gefokus vir goedkeuring en nie so intens vriende-georiënteerd soos hulle adolessente-eweknie nie, wat beteken dat die vader nog 'n belangrike rol in die dogter se lewe sal kan speel. Die fase van kinderontwikkeling dui daarop dat die moontlikheid vir die verhoging van emosionele intelligensie nog bestaan omdat die kind nog beïnvloed word deur ouers se optredes.

Volgens navorsing gedoen in die Verenigde State van Amerika (hierna genoem VSA), trek 73% van 8- tot 12-jariges soos adolessente aan en tree hulle soos adolessente op, wat veroorsaak dat hulle met adolessentekwessies soos seks, liefdesverhoudings, gewigbewustheid ensovoorts gekonfronteer word (Gurain, 2008a). Na aanleiding van genoemde navorsingsbevindings het die navorser besluit om die studie te onderneem met 8-jarige dogters wat in Graad 2 is, omdat hulle reeds aan die bogenoemde kwessies blootgestel is maar nog nie die groepsdruk van die adolessente fase so intens ervaar nie.

Die betrokkenheid van vaders by kinders se opvoeding het die laaste paar dekades volgens Evans en Fogarty (2008) toegeneem. Navorsing oor die

invloed van vaders wat betrokke is by die opvoeding van hulle kinders het die volgende bevindinge getoon (Evans & Fogarty, 2008):

- Kinders met betrokke vaders het hoër tellings in kognitiewe toetse verkry;
- Adolessente met betrokke vaders is meer geneig om tersiêre opleiding suksesvol te voltooi;
- Betrokke vaderskap kan ook in verband gebring word met laer voorkoms van adolessente-geweld en ander probleme van adolessente met die regstelsel;
- Vaders se betrokkenheid word ook met positiewe karaktereienskappe by kinders en adolessente geassosieer, naamlik empatie, positiewe selfbeeld, selfkontrole en psigologiese welstand.

Na aanleiding van bogenoemde studies is dit duidelik dat vaders'n belangrike rol in die emosionele sowel as fisiese welstand van kinders, speel. Hierdie stelling is ook van toepassing op dogters in die middelkinderjare, maar die verband tussen die spesifieke ouerskapstyl wat die vader toepas en die dogter se emosionele intelligensie word nie in die bogenoemde studies aangespreek nie. Daar is ook nie bewyse gelewer of daar een dimensie van 'n ouerskapstyl is wat meer bevorderlik is vir die ontwikkeling van 'n hoër vlak van emosionele intelligensie by dogters nie. Die studie sal daarom poog om dié leemtes aan te spreek.

Nielsen (in Degraffenred, 2008), wat 'n kundige in Psigologie en vader-en-dogter verhoudings is en 'n eensoortige kursus oor vader-dogter verhoudings by die Wake Forest Universiteit in die VSA aanbied, voer aan dat die verhouding wat vaders met hulle dogters het 'n belangrike rol speel in 'n dogter se lewe as kind, adolessent en volwasse vrou. Daar bestaan volgens Nielsen (in Degraffenred, 2008)'n leemte in navorsing oor vader-dogter verhoudings en die impak daarvan op dogters se welstand. Na aanleiding van soektogte op die volgende internetdatabasisse gedoen, naamlik *Sabinet*, *Google Scholar*, *Nexus* en *UCTD (Union Catalogue of Theses and Dissertations)* kon die navorser nie daarin slaag om enige relevante navorsing op te spoor nie,

wat daarop dui dat daar ook 'n leemte vir die navorsing ook in Suid-Afrikaanse navorsing bestaan.

Volgens Du Toit (2008) 'n praktiserende egskeidingsprokureur, word toesig aan vaders tydens egskeidingsake meer as ooit te vore toegestaan. Die onlangse wettiging van dieselfde geslag huwelike, wat daartoe aanleiding gee dat twee mans in die huwelik kan tree en dan wettig 'n baba (manlik of vroulik) mag aanneem dui saam met bogenoemde stelling op die noodsaaklikheid van bemagtiging van vaders in die ontwikkeling van dogters se emosionele intelligensie.

Ouerskap kan verduidelik en gedefinieer word deur middel van ouerskapstyle. Die wyse waarop die vader 'n dogter sal dissiplineer, motiveer, bystaan en empatie betoon, word die ouerskapstyl van die vader genoem. Baumrind (Grobman, 2003) het drie ouerskapstyle geïdentifiseer, naamlik outoritêr, gesaghebbend en permissief. Gurain (2008b) voer aan dat ouerskapstyle in vier style ingedeel kan word, naamlik 'n gesaghebbende, outoritêre, permissiewe en onbetrokke ouerskapstyl. Die indeling is gedoen volgens 'n skaal oor die volgende aspekte van ouerskap (Grobman, 2003):

- die wyse van simpatiebetoning deur die ouers aan die kind sowel as die voorkoms van dié tipe gedrag by ouers;
- die mate van kontrole wat uitgeoefen word op die kind deur die ouers se besluitnemingsprosesse en;
- die manier en wyse waarop ouers hulle ouerskap uitleef en beoefen (Early Childhood Learning Knowledge Centre, 2007). Hierdie indelings word deur terapeute en ander professionele persone soos byvoorbeeld onderwysers, maatskaplike werkers en sielkundiges gebruik om ouers se optredes te kan klassifiseer en evalueer.

Vir die doel van dié studie is daar op die indeling van ouerskapstyle volgens Diana Baumrind (1991) gefokus word wat die onbetrokke ouerskapstyl uitsluit. Die redes hiervoor is:

- Baumrind het eerste die konsep van ouerskapstyle ontwikkel en daarvolgens word hierdie outeur se werk as die primêre bron geklassifiseer;
- die gestandaardiseerde meetinstrument wat gebruik is om die ouerskapstyl van 'n ouer te bepaal, naamlik die *PSDQ*, maak slegs gebruik van die drie indelings van ouerskapstyle en;
- na aanleiding van beskikbare navorsing en akademiese bronne (Hsieh, 2006; Neal, 2001) kan die afleiding reeds gemaak word dat die onbetrokke ouerskapstyl nie bevorderlik sal wees vir die ontwikkeling van die dogter se emosionele intelligensie nie. Dié tipe vaders is geensins betrokke by hulle dogters se lewe nie en verskaf geen leiding ten opsigte van emosionele, kognitiewe of sosiale ontwikkeling nie.

Navorsing in Suid-Afrika oor die verband tussen ouerskapstyle en kinders se algemene welstand is beperk. Internasionale navorsing het die volgende aan die lig gebring:

- Kinders van moeders met 'n gesaghebbende ouerskapstyl sal minder sukkel met wanaanpassing by nuwe situasies as kinders wie se moeders 'n ander ouerskapstyl beoefen (Kauffmann *et al.*, 2000:240). Daar word aan die einde van dié studie aanbeveel dat daar meer navorsing gedoen moet word oor die verband tussen ouerskapstyle en kinders se emosionele welstand. Die studie is onderneem in Florida in die VSA;
- In 'n studie oor die verhouding tussen die basiese ouerskapstyle en die oorgewigstatus van Graad 1-leerders, is daar bevind dat aansienlike hoër risiko van obesiteit bestaan by leerders wie se moeders die outoritêre ouerskapstyl toepas (Kyung, Lumeng, Appugliese, Kacoroti & Bradley, 2006). Daar is ook bevind tydens die studie in die VSA dat leerders wie se moeders se ouerskapstyle in die permissiewe en onbetrokke style ingedeel kan word, twee keer meer geneig is om oorgewig te wees as kinders wie se moeders 'n gesaghebbende ouerskapstyl beoefen. Graad 1-leerders (gemiddeld 7 jaar oud) bevind hulleself volgens Erikson (in Harder, 2002) in die middelkinderjare, wat dié studie toepaslik maak op 8-jariges wat in die middelkinderjare val;

- In Tata *et al.* (2001:202) se navorsing wat in Londen gedoen is, getiteld: *An Investigation into the influence of gender and parenting styles on excessive exercise and disordered eating* is bevind dat'n dogter wie se ouers 'n outoritêre ouerskapstyl handhaaf meer geneig is om 'n ontevredenheid oor haar liggaamsbeeld te toon en meer geneig is tot afwykende eetpatrone en;
- 'n Studie wat in die VSA met 242 meisies en in New Zeeland met 520 meisies gedoen is, het bevind dat adolessente swangerskappe by dogters wie se vaders op 'n vroeë ouderdom afwesig was tot agt keer hoër is as by dogters met aanwesige vaders (Durham, 2003).

Ouers word nie met 'n spesifieke ouerskapstyl gebore nie, wat daarop dui dat dit 'n aangeleerde vaardigheid is en dat dit verbeter of aangepas kan word (vergelyk Clarkson, 2008; Marsiglio, Roy & Fox, 2005). Dit is dus moontlik vir ouers om hulle ouerskapstyle aan te pas sodat dit meer gunstig is vir die kind. Dit is duidelik dat'n vader se ouerskapstyl by 'n kind se opvoeding 'n beduidende rol speel en dan ook spesifiek in die dogter se lewe. Duidelikheid oor watter ouerskapstyl of dimensie daarvan van vader se hoër vlak van emosionele intelligensie by die dogter sal verseker, ontbreek egter.

Die navorser werk as 'n jeug- en kinderberader by 'n kerk in Klerksdorp in die Noordwes-provinsie en ondervind daagliks dat dogters in die middelkinderjare 'n groot behoefte het aan beter verhoudings met hulle vaders. Die navorser werk ook as 'n onafhanklike jeug- en ouerberader by Laerskool ? in Klerksdorp. Die rasionaal vir die betrekking van dié skool is na aanleiding van gesprekke wat gevoer is met onderwysers en moeders, wat hulle behoeftes en bekommernisse aangaande dogters se vlak van emosionele intelligensie en die verbetering daarvan uitgespreek het.

3. Probleemformulering

Die probleemformulering hou verband met die doel van die studie (Babbie, 2004:113), en met die fokus van die studie en hoe dit bereik sal word.

Volgens Leedy en Ormrod (2005:43) kan die probleem as die hart van die studie gedefinieer word, en is dit volgens hulle belangrik om die probleem presies en duidelik te definieer en dan in meer bruikbare stappe op te deel.

Daagliks word spelterapeute, sielkundiges, maatskaplike werkers en opvoedkundiges gekonfronteer met dogters in die laat middelkinderjare wat intervensie benodig, veral met die verhoging van selfwaarde en emosionele intelligensie. Om hierdie dogters werklik effektief te kan help moet daar volgens die navorser na die dogter en haar gesin holisties gekyk word – wat die ouerskapstyle van vaders insluit. Die probleem hiermee is egter dat bogenoemde professionele persone nie voldoende ingelig is oor watter vaderlike ouerskapstyl die mees bevorderlik sal wees vir die ontwikkeling van 'n hoër vlak van emosionele intelligensie by die kind nie.

Indien ouers bewus gemaak kon word van watter ouerskapstyl bevorderlik is vir die ontwikkeling van hul kind se emosionele intelligensie, sou ouers graag aanpassings wou maak indien hulle nie reeds van dié ouerskapstyl gebruik maak nie. Thompson en Rudolph (2000:313) dui aan dat 'n verandering in een lid van die gesin 'n invloed sal hê op ander lede van die gesin. Terapeute en ander professionele persone sal uiteraard hieroor ingelig moet wees om hulle advies daarop te kan skoei.

Die meeste navorsing wat reeds in Suid-Afrika oor die invloed van ouerskapstyle gedoen is, betrek slegs moeders en sluit beide dogters en seuns in. Die navorser het leemte geïdentifiseer in die navorsing oor die verband tussen vaders se ouerskapstyle en kinders se emosionele welstand - spesifiek dogters.

Nielsen (2001) noem dat terapeute, sielkundiges, sosioloë en navorsers meestal fokus op die verhouding tussen ma's en dogters en dat die vader-dogter verhouding slegs ondersoek word indien daar sprake was van bloedskande. Dié outeur is ook van mening dat die vader-dogter verhouding, veral dié van vaders met dogters in die adolessente en middelkinderjare,

area is wat nog nie voldoende in Suid-Afrika nagevors is deur die sosiale wetenskappe nie.

Die probleemstelling vir die studie kan as volg gedefinieer word:

Daar is 'n gebrek aan beskikbare resente navorsing wat aan terapeute, sielkundiges, sosioloë, maatskaplike werkers en ouers die mees gepaste ouerskapstyl van vaders uitwys wat bevorderlik sal wees vir die optimale ontwikkeling van emosionele intelligensie by graad 2-dogters.

Die volgende subprobleme is ook geïdentifiseer:

- Wat is die leemte in die Suid-Afrikaanse literatuur in terme van ouerskapstyle van vaders en die segswaarde daarvan in die emosionele ontwikkeling van graad 2-dogters?
- Is daar enige verband tussen die ouerskapstyle van vaders en die stand en ontwikkeling van emosionele intelligensie by graad 2-dogters?

Die voltooide studie sal die probleem en moontlik van die subprobleme genoem, aanspreek. Die waarde van die studie sal wees dat inligting aan professionele persone en ouers beskikbaar sal wees oor watter ouerskapstyl van vaders bevorderlik is vir die ontwikkeling van hoër vlak emosionele intelligensie by graad 2-dogters.

4. Die doelstelling, doelwitte en hipoteses van die studie.

In die lig van die navorsingsprobleem, is die volgende doelstelling en doelwitte geformuleer. Die hipoteses sal daarna bespreek word.

4.1. Doelstelling

Volgens Bak (2004:18) weerspieël die doelstelling die eindbestemming wat bereik wil word met die studie. Die doelstelling is dus die einde of doel wat die navorser wil bereik (Fouché & De Vos, 2005a:104).

Die doelstelling van die studie is om die verband tussen vaders se ouerskapstyle en graad 2-dogters se emosionele intelligensie te bepaal.

4.2. Doelwitte

Fouché en De Vos (2005a:104) beskryf die doelwitte van 'n studie as volg: "Objectives are the steps one has to take, one by one, realistically at grass-root level, within a certain time span, in order to attain the dream." Die doelwitte van 'n studie kan dus gesien word as die plan wat gevolg word om die doelstelling van die studie te bereik (Bak, 2004:18).

Die doelwitte van die studie kan soos volg geformuleer word:

- A. Om 'n geïntegreerde teoretiese kennisraamwerk saam te stel ten opsigte van:
 - a. Literatuur beskikbaar oor vaders se ouerskapstyle, die verband tussen vaders se ouerskapstyle en die ontwikkeling van emosionele intelligensie by graad 2-dogters;
 - b. Literatuur oor die ontwikkeling van kinders in hulle middelkinderjare asook literatuur oor die ontwikkeling van emosionele intelligensie.

- B. Om data-insameling te doen deur middel van:
 - a. Psigometriese vraelyste wat deur die vaders en moeders van graad 2-dogters van die geïdentifiseerde laerskool ingevul word en om die vaders se ouerskapstyle te bepaal deur die gebruik van die *PSDQ*;
 - b. Psigometriese toetsing van graad 2-dogters by die betrokke laerskool om hulle emosionele intelligensie te bepaal deur die afneem van die Cilliers Emosionele Intelligensie Toets (hierna genoem CEI);

- C. Om die resultate van die *PSDQ* en CEI te ontleed en te evalueer;

- D. Om die bevindinge volledig te bespreek, gevolgtrekkings te formuleer en aanbevelings aan te dui.

4.3. Hipoteses

Die vorming van toetsbare hipotese is tiperend van die kwantitatiewe navorsingsproses. Fouché (2005:116) noem dat wanneer daar gebruik gemaak word van 'n kwantitatiewe navorsingsbenadering, soos in die studie, 'n hipotese gevorm moet word. 'n Hipotese is 'n toetsbare stelling oor die verband tussen twee of meer veranderlikes (De Vos, 2005:34). Hipoteses word geformuleer in 'n verklarende sinformaat en dit hou spesifiek of in die algemeen verband met die veranderlike of veranderlikes (Kerlinger in De Vos, 2005:34).

Die volgende hipoteses is vir die studie geformuleer:

Hipotese 0: Daar is 'n verband tussen vaders se ouerskapstyle en die vlak van emosionele intelligensie van die graad 2-dogters

Hipotese 1: Daar is geen verband tussen vaders se ouerskapstyle en die vlak van emosionele intelligensie van die graad 2-dogters nie

5. Navorsingsbenadering

Die keuse van die benadering wat deur die studie gevolg sal word, sal ook die metode bepaal wat tydens die navorsingstudie gebruik sal word (De Vos, Schurink & Strydom, 2001:15). Daar kan onderskei word tussen drie benaderings vir navorsing in die sosiale wetenskappe, naamlik die kwalitatiewe, die kwantitatiewe en die gekombineerde kwalitatiewe-kwantitatiewe benadering. Neuman (2006:17) voer aan dat die drie benaderings aansienlik van mekaar verskil, met die grootste verskil of die numeriese data gebruik word al dan nie. Vir die doel van die studie is kwantitatiewe navorsingsbenadering gevolg.

5.1. Kwantitatiewe benadering

Babbie (2004:396) beskryf kwantitatiewe navorsing as navorsing waarin die observasies en bevindinge omgesit word in numeriese data. Volgens Leedy

en Ormrod (2005:94) word kwantitatiewe navorsing oor die algemeen gebruik om 'n vraag te beantwoord oor die verhouding tussen twee meetbare veranderlikes, met die doel om dit te verduidelik en voorspellings te kan maak. Dié outeurs noem dat kwantitatiewe navorsers een of meer meetbare veranderlikes identifiseer waarvan dataversameling deur middel van numeriese waardes gedoen kan word. Fouché en Delpont (2005a:74) beskryf kwantitatiewe navorsing se hoofdoel soos volg: "...to objectively measure the social world, to test hypotheses and to predict and control human behaviour."

'n Beperking van kwantitatiewe navorsing is dat die steekproef aansienlik wyd moet wees om te verseker dat die bevindinge van die studie veralgemeen kan word op die totale populasie. Volgens Charoenruk (2009:3) is die gebruik van 'n ewekansige steekproewe baie arbeidsintensief en die rede is die oorsaak vir die gebruik van doelbewuste steekproefneming, soos in die hierdie studie, wat veroorsaak dat die steekproef aansienlik groot moet wees om die veralgemening van die bevindinge te regverdig. Soos die navorser noem in Hoofstuk vier was hierdie aspek een van die tekortkomings van hierdie studie. Kwantitatiewe navorsing bied ook nie volgens Silverman (2001:40) die geleentheid aan die navorser om aandag te skenk aan sekere kulturele en sosiale veranderlikes wat moontlik invloed mag toon op die betrokke veranderlikes wat deur die navorsing ondersoek word nie, die aspek is ook deur die navorser aangespreek in die aanbevelings vir toekomstige studies.

Kwalitatiewe navorsing word volgens Leedy en Ormrod (2005:94) gebruik as die studie beoog om antwoorde te verskaf op spesifieke verskynse. I. Tydens hierdie navorsing word daar nie gebruik gemaak van numeriese data om afleidings te maak nie.

Omdat die hipotese hoofsaaklik bevestig of verkeerd bewys sal word deur numeriese data (vraelyste en psigometriese toetse) en omdat die studie sal poog om die verband tussen een meetbare veranderlike (ouerskapstyl) en 'n ander meetbare veranderlike (emosionele intelligensie) te bepaal, het die studie deur middel van die kwantitatiewe benadering plaasgevind.

5.2. Soort navorsing

Daar kan onderskei word tussen twee tipes navorsing – basiese en toegepaste navorsing. Basiese navorsing verwys volgens Neuman (2006:24) na navorsing gedoen om bestaande teorieë, wat die funksionering van die sosiale lewe beskryf, te ondersteun of af te keur. Basiese navorsing se hoofdoel is om bestaande kennis verder uit te brei (Neuman, 2006:24). Leedy en Ormrod (2005:43) definieer basiese navorsing as navorsing met die doel om bestaande kennis te verbeter en te verfyn.

Fouché en De Vos (2005a:105) is van mening dat toegepaste navorsing wetenskaplike beplanning is ten einde verandering mee te bring in moeisame situasies in die daaglikse lewe. Die doel van toegepaste navorsing is om kennis te bekom wat oorgesit kan word in aksie om 'n verbetering in omstandighede te laat plaasvind (Babbie, 2004:28).

Daar is van toegepaste navorsing gebruik gemaak omdat die einddoel van dié studie is om kennis te bekom oor watter een van die ouerskapstyle wat vaders beoefen die meeste sal bydra tot die ontwikkeling van 'n hoër vlak van emosionele intelligensie in graad 2-dogters. Daardeur kan riglyne aan terapeute en toekomstige navorsers beskikbaar gestel word oor die aanpassing van ouerskapstyle om sodoende emosionele intelligensie te verhoog.

Volgens Fouché en De Vos (2005a:106) word verkennende navorsing gebruik as daar 'n gebrek aan kennis is oor 'n spesifieke fenomeen, gemeenskap, verhouding of situasie bestaan. Die navorser is van mening dat daar gebrek aan inligting is aangaande vaders se ouerskapstyle se rol in die ontwikkeling van dogters se emosionele intelligensie, en daarom was verkennende navorsing gepas vir die studie.

Beskrywende navorsing word gedefinieer as navorsing wat gedoen word om meer spesifieke detail beskikbaar te stel oor 'n spesifieke verhouding, probleem of situasie (Fouché & De Vos, 2005a:106). Daar is gebruik gemaak van beskrywende navorsing, aangesien die studie die verband tussen vaders

se ouerskapstyle en graad 2-dogters se emosionele intelligensie bepaal en bespreek.

5.3. Navorsingsontwerp

Strydom (2005a:202) beskryf die gebruik van doelgerigte steekproefneming, as 'n navorsingsontwerp wat tipies gebruik word tydens kwantitatiewe navorsing indien die respondente spesifiek gekies word na aanleiding van spesifieke kriteria en ook as daar gebruik gemaak word van vraelyste om data in te samel.

Daar is tydens die studie van opnames gebruik gemaak. 'n Opname word gedefinieer as die proses waartydens die navorser skriftelike vraelyste aan die respondente stel om te beantwoord en dan die resultate aanteken (vergelyk Fouché & De Vos, 2005:137; Neuman, 2006:43). Data vir hierdie studie is deur middel van psigometriese vraelyste en toetsing ingesamel. Die respondente se ouers het skriftelike toestemming vir deelname verleen. Die navorser is van mening dat dié tipe navorsingsontwerp die mees geskikte ontwerp vir die studie was.

Die navorsingsontwerp wat volgens die navorser dus die mees gepas was om die navorsingsprobleemstelling voldoende te beantwoord, was verkennend en beskrywend van aard.

6. Navorsingsprosedures en werkswyse

Delport (2005:159) beklemtoon dat die navorsingsmetodologie inligting verskaf oor die tipe metodes wat gebruik word om die navorsingsproses te voltooi. Die navorsingsmetodologie bevat navorsingsprosedures en werksywes wat gebruik word om die doel van die studie te bereik, dus die plan om die einddoel te bereik (Delport, 2005:159). Die navorsingsprosedure vir die studie het die volgende stappe ingesluit:

6.1. Data insameling

Om die beoogde studie se doelwitte te bereik het data-insameling volgens die volgende metodes geskied:

6.1.1. Literatuurstudie

Fouché en Delpont (2005b:123) is van mening dat die bestudering van beskikbare literatuur en bronne oor die navorsingsonderwerp bydra tot die ontwikkeling van 'n duideliker begrip van die aard en definisies van die probleem. Vir die navorsingsprojek het die navorsers 'n literatuurstudie uitgevoer ten opsigte van:

- spesifieke ontwikkelingsstadia van 'n 8-jarige dogter;
- emosionele intelligensie – die konsep en meting daarvan;
- ouerskapstyle – die konsep en bepaling daarvan asook die dimensies;
- kwantitatiewe navorsingsbenadering.

Die bogenoemde literatuurstudie het bestaan uit boeke, artikels, joernale en internetsoektogte wat die *Nexus*-databasis ingesluit het. Die meeste van die bronne gebruik, is reser, behalwe van die bronne oor ouerskapstyle deur Diana Baumrind – *Effects of authoritative control on child behavior* (1966) en Perls, Hefferline en Goodman – *Excitement and Growth in the Human Personality* (1951) se bron oor Gestalt, wat as die primêre bronne geag word.

6.1.2. Meetinstrumente

6.1.2.1. Psigometriese vraelyste aan vaders en moeders om vaders se ouerskapstyl te bepaal

Die beskikbaarheid van 'n gestandaardiseerde vraelys om ouerskapstyle te bepaal is beperk in Suid-Afrika. Daar is vir die doel van die studie gebruik gemaak van die *Parenting Styles and Dimensions questionnaire* (PSDQ). Die psigometriese vraelys was slegs in Engels beskikbaar. Omdat die meerderheid van die ouers van die laerskool Afrikaanssprekend is en Engels as tweede taal aandui, het die navorser

dit goed gedink om haar kontaknommer aan die ouers te verskaf indien daar enige onduidelikheid was by die beantwoording van die vraelys.

Volgens Bailey (2005:199) bestaan die *PSDQ* uit 32 self beantwoorde vrae wat deur ouers ingevul kan word om sodoende hulle ouerskapstyl en die benutting van die dimensies van die ouerskapstyl te bepaal. Die vraelys is ontwikkel deur Robinson, Mandleco, Olsen en Hart (2001). Die drie style wat deur die vraelys bepaal word, is die outoritêre, gesaghebbende en permissiewe styl. Die vraelys het aan ouers die geleentheid gebied om mekaar se ouerskapstyl ook te bepaal. Tydens dié deel van die vraelys is moeders gevra om slegs die vaders se ouerskapstyle aan te dui en nie hulle eie nie aangesien die studie beperk was tot die vaders se ouerskapstyle. Die ouers het elk 'n verklaring onderteken om aan te dui dat hulle die vraelys self ingevul het om die geldigheid en betroubaarheid van die navorsing te verhoog.

Die navorser het toestemming ontvang van die outeur van die vraelys vir die gebruik van die verkorte 32-punt vraelys. Bylaag 3 (p.126) bevat 'n kopie van die *PSDQ*.

6.1.2.2. Psigometriese toetsing van emosionele intelligensie

Aangesien psigometrika 'n gespesialiseerde veld is, kan dit slegs deur 'n beperkte deel van die populاسie uitgevoer word. Die psigometriese toetsing van die graad 2-dogters se emosionele intelligensie is deur 'n psigometris behartig.

Tydens die studie is daar van die Cilliers Emosionele Intelligensie Toets (CEI) gebruik gemaak. Die CEI is 'n gestandaardiseerde psigometriese toets vir die meting van emosionele intelligensie by kinders tussen 4 en 8 jaar van ouderdom (Cilliers, 2004:10). Die meetinstrument is opgestel en gestandaardiseer deur dr. Cilliers in 2004 tydens die voltooiing van haar doktrale studie. Die toets bestaan uit vyf onderafdelings met tien vrae elk. Die toets neem tussen 20 tot 30 minute om te voltooi. Die toets is in Afrikaans sowel as Engels beskikbaar wat die geldigheid van

die data verhoog. Die navorser het voor die toetsaflegging inligtingsessie met die betrokke dogters gereël om die prosedure tydens toetsing aan hulle te verduidelik.

Die toetsing is deur 'n geregistreerde psigometris afgeneem en dr. Cilliers, 'n geregistreerde sielkundige wat die CEI ontwikkel het, het die merk van die toetse behartig. 'n Bykomende rede vir die gebruik van 'n eksterne geregistreerde psigometris, is die feit dat die navorser deelydse terapeut by die respondente se skool is en van die respondente het ten tyde van die navorsing terapie by die navorser ontvang en dit sou die objektiwiteit van die studie negatief beïnvloed het.

6.2. Data-analise

Data-analise kan beskryf word as die proses waartydens die navorser die data organiseer en manipuleer om sodoende interessante feite en inligting oor die sosiale wêreld na vore te bring (Neuman, 2006:343). Leedy en Ormrod (2005:276) definieer data-analise as die proses waartydens die ingesamelde data verwerk word om die voorgestelde hipoteses te bewys.

Volgens Reid en Smith (in Kruger, De Vos, Fouché & Venter, 2005:218) word die plan van data-analise altyd bepaal deur die doel van die studie. Data-analise tydens kwantitatiewe ondersoeke verskaf eers antwoorde op die navorsingsprobleem nadat die bevindings geïnterpreteer is (Kruger *et al.*, 2005:218). Tydens dié fase van die studie is daar met behulp van persentasies moontlike verbande getrek word tussen graad 2-dogters se vlak van emosionele intelligensie en hulle vaders se ouerskapstyle.

6.3. Data-verifikasie

Data-verifikasie vind plaas deur om die geldigheid van die beoogde studie te analiseer en te bewys. Geldigheid word deur Babbie (2004:143) gedefinieer as die mate waarin die navorsing en die meetinstrumente gebruik, die bedoelde veranderlike meet. Geldigheid kan verder verdeel word in interne en eksterne geldigheid.

6.3.1. Interne geldigheid

Interne geldigheid behels die bepaling of die meetinstrumente wat gebruik word, wel meet wat dit veronderstel is om te meet (Neuman, 2007:121). Die twee gestandaardiseerde meetinstrumente wat gebruik is tydens die studie was die Cilliers Emosionele Intelligensie (CEI) Toets en die *Parenting Styles and Dimensions Questionnaire (PSDQ)*.

Die CEI is tans die enigste psigometriese toets van sy soort in Suid-Afrika wat die emosionele intelligensie van kinders in Afrikaans kan toets wat wetenskaplik geformuleer en getoets is (Cilliers, 2004). Die toetsinstrument is gestandaardiseer in 2004 deur die toetsing van meer as 1100 subjekte in Suid-Afrika. Die geldigheid van die instrument is dus reeds bewys (Cilliers, 2004:15).

Die *PSDQ* is 'n psigometriese vraelys ontwikkel deur Robinson, Mandleco, Olsen en Hart (2001). Die vraelys beskik oor die volgende subskale van ontleding volgens Bailey (2005:199): emosionele warmte en betrokkenheid, redenering/bevestiging; demokratiese deelname; goedaardigheid/sorgeloosheid; verbale vyandigheid; lyfstraf; voorskriftelikheid; mate van deurvoerbaarheid; ignorering van wangedrag en laastens selfvertroue. Die bogenoemde vraelys is onlangs deur 'n studie, wat gepoog het om bestaande meetinstrumente van ouerskapstyle te evalueer, as een van die min meetinstrumente van dié veranderlike aangedui as 'n meetinstrument waarvan die geldigheid van hoogstaande gehalte is (vergelyk Locke & Prinz: 2002; Winsler, Madigan & Aquilino:2005).

6.3.2. Eksterne geldigheid

Eksterne geldigheid verwys na die mate van veralgemening wat kan plaasvind van studie bevindings. Of die bevindings dus toegepas kan word op ander populasies wat nie deel was van die steekproef nie (Neuman, 2007).

Die studie se steekproef was beperk aangesien dit slegs deel uitmaak van 'n verhandeling van beperkte omvang. Die studie het plaasgevind in Klerksdorp, 'n plattelandse dorp, en daar bestaan dus 'n baie goeie moontlikheid dat die

bevindings wel veralgemeen sal kan word na ander plattelandse gemeenskappe.

6.4. Universum, populasie, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming

Arkava en Lane, soos aangehaal deur Strydom (2005a:193), dui aan dat die term, universum, verwys na alle potensiele subjekte van die studie wat voldoen aan al die voorgeskrewe eienskappe wat verlang word. Volgens Neuman (2006:9) verwys universum na die wetenskaplike gemeenskap wat saamgevoeg word deur gemeenskaplike norms, waardes, gedrag of eienskappe. Vir die doel van die studie word die universum soos volg gedefinieer: *Graad 2-dogters van enige kultuurgroep van laerskole in Klerksdorp, Suid-Afrika.*

Arkava en Lane (aangehaal in Strydom, 2005a:193) beskryf populasie as die term wat grense aan die universum stel. Populasie dui dus op die individue in die universum wat al die spesifieke eienskappe, soos vereis deur die studie, besit (Strydom, 2005a:193).

Die populasie was dus: *Graad 2-dogters van enige kultuurgroep wat leerders is aan 'n departementele laerskool in Klerksdorp, Suid-Afrika.*

Volgens Arkava en Lane (in Strydom, 2005a:194) sluit die steekproef alle subjekte van die populasie in, wat uiteindelik in die studie opgeneem sal word. Sarantakos (in Strydom, 2005a:194) voer aan dat die hoofrede vir die neem van 'n steekproef die realiteit is juis omdat die opname van 'n totale populasie in 'n studie onwaarskynlik en skaars is.

Die tipe steekproef wat vir die doel van die studie geneem was, was 'n doelbewuste steekproef. Doelbewuste steekproefneming is 'n vorm van nie-waarskynlikheidsseleksie, wat volgens Singleton (in Strydom, 2005a:202) staat maak op die oordeel van die navorser om steekproef saam te stel wat maklik toeganklik is (vergeelyk Neuman, 2006:196).

Die steekproef het bogenoemde populasie verder afgebaken tot die vroulike leerders wat in 2009 by die geïdentifiseerde laerskool ingeskryf is as graad 2-leerders. Die redes vir die betrekking van dié spesifieke laerskool is dat die navorser reeds die afgelope twee jaar aktief betrokke is by die terapeutiese aspekte van leerderontwikkeling en dat onderwysers asook die skoolhoof belangstelling in die studie getoon het.

Spesifieke kriteria waaraan die respondente dus moet voldoen vir die doel van die beoogde studie is:

1. Moet vroulik wees;
2. Moes as leerder by die geïdentifiseerde laerskool ingeskryf wees in 2009;
3. Nie ouer as 8 jaar oud sal wees met die aanvang van die graad 2-jaar nie;
4. Die respondente moet by hulle wetlike vaders woon, wat verseker dat dogters wat aangeneem is deur hulle stiefvaders sowel as aangenome dogters ingesluit word by die steekproef. Die rede vir die insluiting van wetlike nie-biologiese vaders is dat die navorser van mening is dat indien die nuwe vader bereid was om deur die wetlike proses te gaan om die dogter wetlik aan te neem kan die aanname gemaak word dat die vader'n belangrike rol in die dogter se lewe speel. Die rede vir uitsluiting van vaders wat nie by hulle dogters woon nie, hetsy biologiese of wetlike vaders, is dat navorsing toon dat ouers se ouerskapstyle aansienlik verander indien die kind nie permanent by die ouer woon nie (vergelyk Fraenkel, 1999).

Volgens Strydom (2005a:193) is steekproefneming die proses waartydens daar slegs 'n deel van die universum geneem word as verteenwoordigend van die hele universum. Die steekproefneming is nie noodwendig verteenwoordigend van die universum nie, maar word as sodanig geag (Strydom, 2005a:193). Na aanleiding van bogenoemde stelling, is die navorser wel bewus daarvan dat die steekproef klein was, maar as gevolg van die beperkte tyd beskikbaar en die afwesigheid van borge vir die studie,

het die navorser en haar studieleier op bogenoemde steekproef besluit (vergelyk Strydom, 2005a:193).

7. Etiese aspekte wat betrekking het op die betrokke studie

Etiese aspekte word deur Neuman (2006:129) gedefinieer as die bekommernisse, dilemmas en konflikte wat kan ontstaan oor die uitvoering van die studie. Strydom (2005b:63) definieer etiese aspekte as die stel morele beginsels wat deur die navorser gebruik gaan word om die reëls en verwagtings van die studie op s'n wyse te bepaal dat geen persoon enige skade sal lei as gevolg van die studie. Leedy en Ormrod (2005:101) is van mening dat navorsing wat gebruik maak van menslike subjekte aandag moet skenk aan die etiese aspekte verbonde aan die uitvoering van die studie. Volgens dié outeurs moet die volgende etiese aspekte deur die navorser aangespreek word: vermyding van skade aan respondente, ingeligte toestemming, die reg tot privaatheid en eerlikheid met professionele kollegas deur middel van die publikasie van bevindings.

Daar is deur die navorser aandag gegee aan die volgende etiese aspekte tydens die uitvoering van die studie:

7.1. Voorkoming van skade aan respondente

Eerstens moes daar deur die navorser seker gemaak word dat daar geen respondente sou skade ly nie, emosioneel sowel as fisies (Babbie, 2004:64; Strydom, 2005b:58). Aangesien name aangeteken is op die meetinstrumente (om sodoende vaders en dogters met mekaar te verbind), moes die navorser seker maak dat daar aan alle vraelyste en toetsbevindings kodes toegeken is, om sodoende die vaders en dogters se identiteite te beskerm. Indien negatiewe emosies as gevolg van die vraelys ontlok was, is die ouers en leerders versoek word om die navorser so spoedig moontlik te kontak sodat die verwysingstrategie wat in plek was geïmplementeer kon word.

7.2. Ingeligte toestemming

Ingeligte toestemming kan gedefinieer word as toestemming op wit en swart vir die onderneming van die studie by alle betrokke partye (Leedy & Ormrod, 2005:101; Neuman, 2006:135). Strydom (2005b:59) beklemtoon die bogenoemde definisie deur die volgende aanhaling “Obtaining informed consent implies that all possible or adequate information on the goal of the investigation, the procedures which will be followed during the investigation, the possible advantages, disadvantages and dangers to which respondents may be exposed, as well as the credibility of the researcher, be rendered to potential subjects or their legal representatives”.

Skriftelike toestemming is dus verkry vanaf die skool se hoof en beheerliggaam. Uitnodigings vir die deelname aan die studie is skriftelik aan alle graad 2-dogters se ouers in die laerskool (sien Bylaag 1, p. 121) gerig. In die skrywe is die doelstellings, anonimiteit, prosedures, voordele en nadele van die ondersoek sterk beklemtoon asook die bevoegdheid van die navorser. Slegs die ouers wat toestemming verskaf het vir hulle eie sowel as hulle dogter se deelname is by die studie ingesluit. Die ouerskapstyl-vraelyste naamlik die *PSDQ*, is aan die betrokke ouers gestuur. Ouers het persoonlik die vraelys ingevul en teruggestuur skool toe in hulle verskafde koevert. Die betrokke dogters se emosionele intelligensie is deur middel van die CEI geëvalueer by die skool.

7.3. Publikasie van resultate

Navorsers moet hulle bevindings in ’n volledige en eerlike skriftelike verslag rapporteer wat beskikbaar gestel word aan professionele kollegas (Leedy & Ormrod, 2005:102). Strydom (2005b:65) is van mening dat die bevindings van ’n studie akkuraat en so objektief as moontlik in skriftelike formaat beskikbaar gestel moet word. Gegrand op bogenoemde, is ’n publikasie van die bevindings beskikbaar in UNISA (Universiteit van Suid-Afrika) Biblioteek sowel as in die Hugonote Kollege Biblioteek. Die navorser het ook ’n kopie van die publikasie beskikbaar gestel vir ouers wat sou belangstel. Indien enige ouers owerleiding verlang het, was ’n verwysingstrategie in plek.

7.4. Bekwaamheid van navorser

Strydom (2005b:64) noem dat navorsers eties verplig word om seker te maak dat hulle bekwaam is en oor genoegsame ondervinding beskik om navorsing te onderneem. Die outeur noem ook dat behoorlike supervisie nodig blyk. Die navorser was ten tyde van die uitvoering van dié studie finale jaar Magistergraadstudent aan die Universiteit van Suid-Afrika in die rigting Speltherapie. Sy beskik ook oor'n Honneursgraad in Psigologie. Die navorser het ook in noue samewerking met en onder toesig van haar studieleier dr. Munita Dunn, verbonde aan die Hugenote Kollege te Wellington, die navorsing voltooi.

8. Definisies van hoofkonsepte

Die volgende hoofkonsepte is in die studie gebruik en word vervolgens gedefinieer:

8.1. Ouerskapstyle

Volgens Gurain (2008b) verwys 'n ouerskapstyl na die breë algehele patroon van ouerlike optredes en aksies. Ouerskapstyle kan dus gesien word as die wyse waarop ouers hulle kinders grootmaak (Louw & Louw, 2007:248). Vir die studie het die fokus op die ouerskapstyle van vaders geval. Die ouerskapstyl is gesien as die wyse van opvoeding wat deur die vader gebruik word om sy dogter groot te maak. Daar is in die studie gebruik gemaak van Baumrind (1966) se indeling van ouerskapstyle en daar kan onderskei word tussen die Outoritêre, Gesaghebbende en Permissiewe ouerskapstyl.

8.2. Emosionele Intelligensie

Goleman (1995:43) definieer emosionele intelligensie as die vermoë om emosies te kan herken en beheer, jouself te kan motiveer, impulse te kan beheer, emosies in ander te kan herken en verhoudings suksesvol te kan hanteer. Vir die doel van die studie is hierdie definisie gebruik.

8.3. Graad 2-dogter

Volgens Erikson (in Harder, 2002) en Louw & Louw. (2007:214) is kinders tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar in die middelkinderjare. Die dogters wat as respondente gebruik is tydens die studie was tussen sewe en agt jaar oud, wat aandui dat hulle geklassifiseer kan word as kinders in hul middelkinderjare.

Vir die doel van die studie is die bogenoemde definisies gebruik.

9. Indeling van navorsingsverslag

Die navorsingsverslag word soos volg ingedeel:

- Hoofstuk 1 – Oriëntering, probleemstelling en navorsingsprogram
- Hoofstuk 2 – Teoretiese raamwerk ten opsigte van beskikbare literatuur oor vaders se ouerskapstyle en die verband tussen vaders se ouerskapstyle en die vlak van emosionele intelligensie by graad 2-dogters
- Hoofstuk 3 – Empiriese ondersoekmetodes en bevindings
- Hoofstuk 4 – Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings
- Bibliografie

10. Samevatting

In Hoofstuk een word die rasionaal en probleemformulering van die studie weergegee. Die doelstellings, doelwitte en hipoteses vir die studie is geformuleer, bekend gemaak en bespreek. Daar is aandag geskenk aan die navorsingsprosedures en werksydes wat gebruik is om die studie uit te voer. Die navorser het die etiese aspekte wat as belangrik geag is tydens die studie uitgelig en bespreek. Hoofkonsepte van die studie is gedefinieer en laastens is die indeling van die navorsingsverslag weergegee.

Hoofstuk twee sal bestaan uit 'n volledige literatuurstudie oor die geïdentifiseerde temas wat benodig word vir die uitvoering van die studie.

HOOFSTUK 2

LITERATUURSTUDIE

1. Inleiding

Kinders se funksionering word daagliks deur die emosies wat hulle ervaar beïnvloed. Die effektiewe hantering en prosessering van dié emosies kan saamgevat word in die emosionele intelligensie van die kind (De Klerk & Le Roux, 2003:10). Die fokus van die navorsing was dogters se emosionele intelligensie en die invloed van die vaders se ouerskapstyle op die vlak van emosionele intelligensie. Eerstens sal daar dus in hierdie hoofstuk aandag gegee word aan die definiëring van emosionele intelligensie. Die ontwikkeling van emosionele intelligensie word deur verskeie faktore tydens die kinderjare beïnvloed en daar sal kortliks na van hierdie faktore in dié hoofstuk gekyk word. Die voordele van verhoogde emosionele intelligensie sal ook aangeraak word.

Die navorsing wat gedoen was, het die graad 2-dogters as respondente gebruik en die navorser het dit goed gedink om tydens die literatuurstudie ook aandag te skenk aan die bespreking van die ontwikkelingsfase waarin die graad 2-dogters hulle bevind.

Volgens Gottman (1997:15) het die mate en kwaliteit van emosionele interaksie tussen 'n kind en ouer'n langtermyn invloed op'n kind se emosionele welstand. Ouerskap is sekerlik een van die belangrikste en moeilikste take wat volwasse persoon kan onderneem. Aangesien die navorsing die vaders van die graad 2-dogters betrek het, is 'n bespreking van die volgende faktore wat ouerskap beïnvloed, nodig geag om sodoende ouerskap meer volledig te kan definieer (Gupta & Theus, 2006:30-33): ouers se eie ervaring as 'n kind van hulle ouers, die transaksionele model, stres, grense asook die kultuur van die ouers.

Die manier van opvoeding en vertroeteling wat ouers gebruik word die ouer se ouerskapstyl genoem (Louw & Louw, 2007:135). Tydens die studie is die verskillende dimensies van ouerskapstyle gebruik om die vaders se invloed op die dogters se emosionele intelligensie te bepaal. In 'n poging om ouerskapstyle ten

volle te kan verstaan sal daar egter eers na ouerskap in die geheel gekyk word en daarna sal die volgende ouerskapstyle in die hoofstuk bespreek word naamlik: gesaghebbende (ook genoem demokratiese), outoritêr en permissief. Daar sal ook tydens die bespreking aandag geskenk word aan die verskillende dimensies van elke ouerskapstyl soos geklassifiseer deur die meetinstrument wat gebruik is vir die analisering van die vaders se ouerskapstyle, naamlik die *Parenting Styles and Dimensions Questionnaire* (hierna die *PSDQ* genoem), (Robinson *et al.*, 2001:320). Laastens sal die faktore wat vaderskap kan beïnvloed volgens Bronfenbrenner se Bio-ekosistemiese teorie en die Veldteorie bespreek word.

2. Emosionele intelligensie

Emosionele intelligensie word volgens Recker (2001) reeds van babajare deur kinders aangeleer en die ontwikkeling van dié tipe intelligensie vind plaas tot die persoon eendag sterf. Emosionele intelligensie word gekoppel, volgens Srivastava, Sibia en Misra (2008:142) aan die kwaliteit van persoon of kind se emosionele lewe. Dié outeurs is van mening dat kinders met 'n hoër vlak van emosionele intelligensie meer geneig is om gelukkig, tevrede, kreatief, en optimisties te wees as kinders van dieselfde ouderdom met 'n laer vlak van emosionele intelligensie.

Die begrip emosionele intelligensie bestaan uit twee konsepte naamlik, emosies en intelligensie. Om hierdie konsep volledig te definieer word die twee terme eers afsonderlik omskryf. Emosies word deur Papalia, Olds en Feldman (2008:501) beskryf as die subjektiewe reaksies tot ervarings wat geassosieer word met fisiologiese en gedragsveranderinge. Intelligensie word deur Louw en Louw (2008:7) gedefinieer as die vermoë om probleme op te los en effektief by 'n spesifieke omgewing aan te pas.

Goleman (1995:45) kombineer dié twee terme en gee vorm aan die begrip emosionele intelligensie – die vermoë van persone om hulle eie en ander se gevoelens en emosies te herken, te kan onderskei en die inligting daaruit verkry te kan gebruik om hulle denke sowel as optrede te rig tot voordeel van betrokke partye. Bogenoemde definisie sluit die bemeestering van vyf vaardighede in, naamlik: herkenning en beheer van eie emosies, optimisme, impulsbeheer,


empatie en handhawing van suksesvolle verhoudings met ander persone (Goleman, 1995:45). De Klerk en Le Roux (2003:7) definieer emosionele intelligensie soos volg: “Emosionele intelligensie is die vermoë om jou eie gedagtes en gevoelens te identifiseer, te verstaan en te beheer, dit gepas aan ander te kommunikeer, en empatie te hê met ander se emosies, wat jou in staat stel om op 'n emosionele vlak met hulle 'n verhouding te hê. Volgens Kapp (2000:152) is emosionele intelligensie die vermoë van persoon om homself emosioneel te motiveer, te verstaan en die volgende gedrag te kan openbaar: kreatiwiteit, impulsbeheer, deursettingsvermoë, integriteit, meewarigheid, sosiale vaardigheid en doelgerigheid (vergelyk Louw & Louw, 2007:244).

Gardner (in Shaffer, 1996:339-340) identifiseer emosionele intelligensie as een van 'n spektrum van sewe tipes, naamlik ruimtelike, linguistiese, wiskundige, musikale, kinestetiese, naturalistiese en persoonlike intelligensie. Dié outeur is van mening dat emosionele intelligensie onder die vaandel van persoonlike intelligensie geplaas kan word. Laasgenoemde word in twee kategorieë, naamlik intra- en interpersoonlike intelligensie, verdeel.

Intrapersoonlike intelligensie verwys na die vermoë om persoonlike emosies te kan ervaar en te kan erken asook die vermoë om beheer daarvoor uit te kan oefen en sodoende die self te kan motiveer. Interpersoonlike intelligensie behels die vermoë om sosiale verhoudings met ander persone te kan opbou en in stand te hou. Saamgevoeg vorm dié twee tipe subintelligensie die basis van emosionele intelligensie (De Klerk & Le Roux, 2003:7) en word vervolgens in Figuur 2.1. voorgestel.


Intrapersoonlike komponente van emosionele intelligensie

Persoon se emosionele verhouding met homself



Interpersoonlike komponente van emosionele intelligensie

Persoon se emosionele verhouding met ander




Figuur 2.1. – Intra- en interpersoonlike komponente van emosionele intelligensie

Hierdie intra- en interpersoonlike komponente van emosionele intelligensie word ter verduideliking in die bogenoemde figuur voorgestel (Blom, 2005:7). As daar na die definisie van emosionele intelligensie gekyk word soos voorgestel deur De Klerk en Le Roux (2003:7), is dit duidelik dat intrapersoonlike sowel as die interpersoonlike komponente die boustene van emosionele intelligensie vorm.

Die intra- en interpersoonlike komponente van emosionele intelligensie word ontwikkel deur die bemeestering van vyf vaardighede, naamlik herkenning van en beheer van eie emosies, optimisme, impulsbeheer, empatie en handhawing van suksesvolle verhoudings met ander persone. Die vyf vaardighede soos voorheen geïdentifiseer sal nou kortliks bespreek word.

2.1. Emosionele intelligensie vaardighede

Soos reeds genoem het Goleman (1995:43) die vyf vaardighede geïdentifiseer wat nodig is vir die bereiking van optimale emosionele intelligensie en kan die vaardighede verdeel word in interpersoonlike sowel as intrapersoonlike vaardighede, soos uiteengesit in Figuur 2.2.



Figuur 2.2. – Emosionele intelligensie vaardighede

(aanpas uit Goleman, 1995:44)

Dié vaardighede sal elk kortliks bespreek word en daar sal ook gekyk word na die ontwikkeling van hierdie vaardighede tydens die kinderjare aangesien die fokus van die studie graad 2-dogters was en die ontwikkeling van emosionele intelligensie nog plaasvind tydens die middelkinderjare.

2.1.1. Intrapersoonlike vaardighede

Intrapersoonlike vaardighede verwys na die vermoë van die kind om persoonlike emosies te kan ervaar, te kan erken, te kan beheer en om homself/haarself te motiveer om hierdie aksies uit te voer (De Klerk & Le Roux, 2003:7). Die vaardighede wat onder hierdie komponent van emosionele intelligensie geklassifiseer word is:

- Herkenning van en beheer van eie emosies;
- Optimisme;
- Impulsbeheer.

Die bogenoemde vaardighede sal nou kortliks bespreek word.

- ***Herkenning van en beheer van eie emosies***

Hierdie vaardigheid kan bereik word deur middel van selfbewustheid. Selfbewustheid word gedefinieer as die vermoë van 'n persoon om bewus te wees van hulle eie gemoedstoestand, dit ook te kan verstaan en beheer (Recker, 2001). 'n Goeie vlak van selfbewustheid verseker dat 'n persoon bewus is van die emosies wat hy of sy ervaar en ook dat dié emosies deur

die persoon beheer kan word. Volgens Cilliers (2004:50) kan persone met 'n hoër selfbewustheidsvlak byvoorbeeld vinniger 'n slegte bui afskud as persone wat slegs verskeie emosies beleef, maar niks daaromtrent doen nie, omdat hulle in staat is om die emosie te identifiseer en te verwerk. Emosionele beheer van emosies beteken nie dat die negatiewe emosies ontwyk word nie, maar dat die tyd wat gespandeer word om dié emosies te verwerk aansienlik minder is as by kinders sonder emosionele beheer.

Die herkenning van en beheer van emosies is 'n vaardigheid wat deur kinders aangeleer moet word. Die aanleer van die vaardigheid vind gewoonlik plaas tydens die vroeë kinderjare onder die vaandel van emosionele ontwikkeling en gaan voort tydens die middelkinderjare (Louw & Louw, 2007:308). Die toepaslike hantering van emosies 'ns metode waarmee selfbewustheid bevorder kan word. Omdat kinders nie gebore word met dié vaardigheid nie, is dit noodsaaklik dat persone naby die kinders dit aan hulle openbaar. Hierdie rol kan deur ouers, onderwysers of belangrike persone in die kinders se lewe vervul word (vergelyk De Klerk & Le Roux, 2003:11; De Minzi, 2006:91; Papalia *et al.*, 2008:299).

Emosionele selfregulering is die produk van selfbewustheid en toepaslike hantering van emosies is die eindproduk. Dié vaardigheid is noodsaaklik vir kinders om hulle gedrag positief te rig en hulle te help om met ander oor die weg te kom (Papalia *et al.*, 2008:299). Kinders wat nie hierdie vaardigheid bemeester nie, is geneig tot impulsiewe en aggressiewe gedrag (Cilliers, 2004:53).

- **Optimisme**

Odendaal en Gouws (2000:815) definieer optimisme as 'n gesindheid van dat dinge ten goede verloop en dat mense se wense vervul of doelwitte uiteindelik bereik sal word (vergelyk Louw & Louw, 2007:319). Bogenoemde definisie sluit positiewe denke en hoopvolheid in (Cilliers, 2004:48). Cilliers (2004:48) noem dat optimistiese mense eerstens nie sal moed opgee in 'n uitdagingende situasie nie en tweedens dat hulle die stand van die huidige situasie sal verstaan. Goleman (1995:89) is oortuig dat

daar 'n duidelike verband bestaan tussen kinders se geestestoestand en optimisme. Volgens dié outeur hanteer optimistiese kinders verwerping beter as pessimistiese kinders en is hulle denke oor hulle vermoëns en lewensomstandigheid meer positief. Optimistiese kinders stel ook meer doelwitte vir hulleself en streef daarna om dié doelwitte suksesvol te bereik (Goleman, 1995:88). Hierdie outeur (Goleman, 1995:279) het in 'n studie bewys dat optimisme 'n beter voorspeller van eerstejaars tudente se akademiese sukses is, as die punte wat hulle behaal het in 'n tradisionele intelligensietoets.

- ***Impulsbeheer***

Impulsbeheer word volgens Cilliers (2004:49) gedefinieer as die vermoë om 'n ondeurdagte begeerte of emosie te kontroleer. Goleman (1995:47-50) verwys onder andere na die interessante Malvalekker-eksperiment van Walter Mischel in die sestigerjare.

Tydens die eksperiment het Mischel 'n groep vyfjariges gevat en vir elkeen 'n malvalekker gegee. Voordat hulle alleen gelaat word, is daar aan die vyfjariges gesê dat hulle die lekker kon eet, maar indien hulle kon wag vir die terugkeer van die navorser, daar nog 'n lekker aan hulle gegee sou word. Die kinders is vir 15 minute alleen gelaat en met behulp van 'n videokamera dopgehou. Sommige kinders het die malvalekker dadelik opgeëet en ander het verskeie tegnieke van impulsbeheer toegepas, soos byvoorbeeld om met hulleself te gesels om sodoende hulle aandag af te trek van die lekker. Die kinders is oor die jare gemonitor en daar is gevind dat dié kinders wat as vyfjariges impulsbeheer kon toepas, tydens hulle tienerjare frustrasies beter kon hanteer en steeds onmiddellike bevrediging kon uitstel om hulle doel te bereik. Die kinders wat onmiddellik die malvalekker verorber het, was as tieners meer hardkoppig en gespanne (Goleman, 1995:47-50).

Impulsbeheer kan reeds in die vroeë kinderjare ontwikkel word, mits die ouers die omgewing vir die ontwikkeling daarvan skep (Gottman, 1997:20). Impulsbeheer kan gesien word as 'n mate van selfregulering en

daarvoor is kognitiewe sowel as emosionele bewustheid nodig (Papalia *et al.*, 2008:234). Kinders met 'n hoë vlak van impulsbeheer sal in staat wees om 'n impuls met 'n negatiewe gevolg te kan beheer (Blom, 2004:26), sonder dat iemand hulle beveel om beheer uit te oefen. Kinders met 'n hoë vlak van impulsbeheer besef dat planne soms skeefloop en sal hulleself nie vir elke onaangenaamheid blameer nie (Cilliers, 2004:49).

2.1.2. Interpersoonlike vaardighede

Cilliers (2004:55) definieer die term interpersoonlike vaardighede as vaardighede wat nodig is om 'n suksesvolle verhouding te kan hê met een of meer persone op 'n persoonlike vlak. Die vaardighede wat onder hierdie komponent van emosionele intelligensie geklassifiseer word is:

- Empatie;
- Suksesvolle persoonlike verhoudings met ander persone.

Die bogenoemde vaardighede sal nou kortliks bespreek word.

- **Empatie**

Soos kinders ouer word, word hulle meer bewus van hulle eie sowel as ander persone se emosies. Die ontwikkeling van empatie vind plaas tydens die middelkinderjare. Tussen die ouderdom van vyf tot agt jaar begin die egosentrisme van die voorskoolse jare afneem en die kinders se empatiese vermoëns verbeter (Blom, 2004:26).

Empatie is die vermoë om jouself in 'n ander persoon se skoene te plaas en sodoende begrip te kan toon vir die emosies wat deur die ander persoon ervaar word (Louw & Louw, 2007:118). Volgens Louw en Louw (2007:118) begin die ontwikkeling van empatie reeds om twee jaar. Dié outeur noem dat empatie toeneem soos die kind ouer word. Blom (2004:26) is van mening dat ouerskapstyle 'n rol speel in die ontwikkeling van hierdie morele vaardigheid.

Hierdie empatiese vermoë stel kinders in staat om te weet hoe om op te tree teenoor ongelukkige, hartseer of woedende maats en wanneer om

maar eerder die maats alleen te laat. Empatiese gedrag sluit in mededeelsaamheid, hulpvaardigheid en die vermoë om ander te troos in tye van nood (Louw & Louw, 2007:273). Nog voordele van empatie is dat dit aan kinders die vermoë gee om emosioneel goed aan te pas wat tot gevolg sal hê dat hierdie kinders meer gewild sal wees onder maats en moontlik in later jare meer suksesvol sal wees in romantiese verhoudings (Cilliers, 2004:54).

- ***Suksesvolle persoonlike verhoudings met ander persone***

Suksesvolle persoonlike verhoudings word ontwikkel as kinders die geleentheid kry om met ander persone en kinders sosiaal te verkeer, as hulle ervaar hoe hulle ouers vriendskappe beoefen en sodoende sekere sosiale vaardighede aanleer wat noodsaaklik is vir die totstandkoming en handhawing van goeie interpersoonlike verhoudings. Kinders moet die volgende sosiale vaardighede aanleer: hulpvaardigheid, regverdigheid, samewerking, die sluit en instandhouding van vriendskappe (De Klerk & Le Roux, 2003:11).

Kinders met goeie interpersoonlike vaardighede is gewild onder maats en onderwysers. Dié kinders het beheer oor hulle eie emosies en reageer meestal gepas op die denke en gevoelens van ander mense (vergelyk Cilliers, 2004:61; Vasta, Miller & Ellis, 2004:535). Die vermoë van die kinders om ander persone se nie-verbale gedrag korrek te interpreteer is volgens Cilliers (2004:61) van belang vir goeie interpersoonlike verhoudings.

Die ontwikkeling van die vyf vaardighede (soos hierbo bespreek) van emosionele intelligensie begin reeds by geboorte ontwikkel en is 'n dinamiese proses wat lewenslank aanhou. Die navorser is van mening dat kinders se ontwikkeling van emosionele intelligensie nie net deur die ouers beïnvloed word nie, maar ook deur ander faktore waarvan die prominentste hiernaas bespreek sal word. Ouers se invloed op die ontwikkeling van emosionele intelligensie sal ook bespreek word.

2.2. Faktore wat emosionele intelligensie by kinders beïnvloed

Daar is reeds na die definiëring van emosionele intelligensie gekyk sowel as na die vaardighede wat nodig word om 'n hoër vlak van emosionele intelligensie te bereik. Daar sal vervolgens kortliks aandag geskenk word aan van die mees algemene invloede wat kinders se emosionele intelligensie kan beïnvloed, naamlik: neurologiese faktore, taalontwikkeling, kinders se vermoë om vaardighede aan te leer, genetiese faktore, ouers en die media.

2.2.1. Neurologiese faktore

Neurologiese faktore, breinontwikkeling en gesondheid van die brein, speel 'n rol in alle menslike gedrag en kan nie uitgesluit word by die ontwikkeling van emosionele intelligensie nie (Papalia *et al.*, 2008:354).

Emosies ontstaan in die limbiese sisteem van die brein, en meer spesifiek in die amigdala vanwaar gevoelens soos geluk, afsku, vrees en woede ontwikkel. Die normale "roete" van 'n impuls wat 'n emosie sal ontlok is soos volg: die sensoriese impuls vanaf enige van die sintuie beweeg eerstens na die talamus en dan word die impuls deur enkele sinaps na die amigdala gestuur. 'n Tweede impuls word deur die talamus na die neokorteks gestuur – die neokorteks is die area in die brein wat verantwoordelik is vir redenering, denkprosesse en besluitneming (Papalia *et al.*, 2008:221).

Die normale "roete" bepaal dat die persoon die korrekte emosionele intelligensie sal gebruik om die situasie tot sy/haar en ander se voordeel te hanteer. Intense gevoelens soos vrees, angst en woede kan die funksies van die neokorteks inperk, wat veroorsaak dat die primitiewe brein, die limbiese sisteem oorneem. Omdat die neokorteks nie betrokke is by die hantering van dié emosies nie sal die persoon nie sy/haar emosionele intelligensie kan inspan om te help met die hantering van die emosie nie. Bogenoemde situasie sal veroorsaak dat 'n persoon se emosionele intelligensie beproef word omdat hy/sy daagliks en vir 'n lang tydperk aan hierdie intense emosies blootgestel word. Dit is dus moontlik dat persone met normale neurologiese funksionering se emosionele intelligensie laer kan toets (vergeelyk Cilliers,

2004:39; Goleman, 1998:6; Papalia *et al.*, 2008:354; Van der Merwe, Coetsee & De Beer, 2005:37).

Kinders met breinbeserings sal na aanleiding van bogenoemde inligting dit moeiliker vind as hulle normale eweknie om emosionele intelligensie aan te leer en te ontwikkel. Die navorser is van mening dat hierdie aspek moontlik 'n invloed kan hê op die toets van emosionele intelligensie soos gedoen in die studie.

2.2.2. Taalontwikkeling

Emosies word deur verbale en nie-verbale gedrag getoon (De Klerk & Le Roux, 2003:11). Babas kan reeds vanaf geboorte emosies kommunikeer deur te huil en aangaande kinders se taalvaardighede verbeter, brei die spektrum van emosies wat getoon kan word aan ander uit. Taal is 'n vaardigheid wat nodig is om gevoelens op 'n aanvaarbare manier uit te druk en aan ander te verduidelik. Die aanname kan gemaak word dat indien kinders se taalvaardigheid nie aan die standaard beantwoord nie, dit die ontwikkeling van hulle emosionele intelligensie negatief sal beïnvloed (vergeelyk Cilliers, 2004:39; Goleman, 1995:56-64).

'n Bewustheid dat die taalvaardigheid van graad 2-dogters moontlik hulle vlak van emosionele intelligensie kan beïnvloed, is volgens die navorsers 'n aspek wat aandag behoort te geniet, indien daar enige taalgebroke by van die graad 2-dogters in die studie geïdentifiseer word.

2.2.3. Kinders se vermoë om vaardighede aan te leer

Emosionele intelligensie word as 'n aangeleerde vaardigheid beskou (Recker, 2001). Cilliers (2004:39) voer aan dat kinders se ouers en onderwysers 'n groot rol speel in die ontwikkeling van emosionele intelligensie. Kinders kan nie hulle gesin of onderwysers kies nie, en die mate van blootstelling aan die vaardighede wat benodig word vir die ontwikkeling van emosionele intelligensie word ongelukkig nie deur kinders self bepaal nie.

Vaardighede wat benodig word vir die ontwikkeling van emosionele intelligensie soos byvoorbeeld empatie word deur ouers en onderwysers aan kinders geleer. Hierdie spesifieke vaardigheid word makliker op vroeë ouderdom aangeleer, as deur adolessent wat nooit blootgestel is aan empatie nie en dit in die adolessente fase probeer aanleer. Die aanname kan gemaak word dat die vermoë van kinders om sekere vaardighede aan te leer, soos byvoorbeeld die vermoë van graad 2-dogters om empatie aan te leer, die ontwikkeling van emosionele intelligensie beduidend kan beïnvloed (vergelyk Goleman, 1995:262; Saarni, 1997:35-66).

2.2.4. Genetiese faktore

Cilliers (2004:40) noem dat daar wel persone is wat skepties is oor die mening dat emosionele intelligensie aangeleer kan word. Die mate van emosionele intelligensie wat deur genetika oorgedra word, is onbekend tot op hede. Goleman (1998:215) erken dat sommige outomatiese reaksies op vrees reeds eeue gelede in die neurologiese sisteem van die mens ingeëts is en dat hierdie reaksie wel moontlik rol speel in die ontwikkeling van emosionele intelligensie.

Volgens Bar-On, Parker en Goleman (2000:3) word emosionele intelligensie wel deur persoonlikheidseienskappe beïnvloed, maar die outeurs is ook van mening dat die spesifieke eienskappe wel verander kan word deur die interaksie met ander persone in kinders se lewe byvoorbeeld ouers. Die gevolgtrekking kan gemaak dat genetiese faktore moontlik'n rol kan speel in die ontwikkeling van emosionele intelligensie, maar dat daar nog nie genoegsame navorsing is om aan te dui tot watter mate die invloed daarvan is nie.

2.2.5. Ouers

Soos reeds in die voorafgaande uitgewys speel ouers'n belangrik e rol in die ontwikkeling van kinders se emosionele intelligensie. Die tipe verhouding tussen ouer en kind bepaal volgens Goleman (1995:15) die mate van emosionele stabiliteit wat die kind in die toekoms sal beleef. In *The heart of parenting: how to raise an emotionally intelligent child*, maak die outeur die

stelling dat gesinslewe emosionele ontwikkeling se eerste skool is. Hy gaan verder deur te noem dat goeie ouerskap emosie bevat en dat kinders beter in skool en vriendskappe vaar as hulle vaders bewus is van die kinders se gevoelens en hulle help om enige probleme op te los.

Ouers kan kinders se emosionele intelligensie help verhoog deur hulle kinders bewus te maak van hulle emosies, en die korrekte manier van hantering aan die kinders te modelleer. Net so kan ouers ook die verkeerde hantering van emosies aan hulle kinders modelleer en sodoende 'n negatiewe invloed hê op hulle vlak van emosionele intelligensie (Cilliers, 2004:41). Daar is deur ontwikkelingsnavorsing (Saarni, 1997:35-66) bewys dat kinders wat empatiese gedrag openbaar, meestal ook empatiese ouers het.

Die navorsing wat uitgevoer is se basis kan hier gevind word. Die voorafgaande paragrawe bevestig dat ouers *wel* speel in die ontwikkeling van emosionele intelligensie en die studie het gepoog om hierdie stelling verder te versterk en verbreed.

2.2.6. Media

Die kultuur van 'n sensasie -soekende en media gedrewe samelewing waarin die kinders van vandag leef, ~~met~~beduidende invloed op kinders se emosionele opvoeding en ontwikkeling. Jong kinders word deur die media blootgestel aan situasies wat intense emosies aanwakker – waarvoor hulle emosioneel nog nie reg is nie. Hierdie situasie veroorsaak dat kinders gedwing word om die emosie te verwerk op 'n manier wat bekend is aan hulle. Die volgende voorbeeld van 'n vierjarige seuntjie sal bogenoemde stellings bewys: Die seuntjie en sy pa kyk Nuus op die televisie in die aand. Tydens die program sien die seuntjie hoe 'n polisieman 'n oproerige met 'n knuppel slaan en dit veroorsaak by hom 'n intense emosies wat hy nie vers taan nie. Die volgende dag sien hy iets soortgelyks aan die knuppel in sy kamer. Hy neem dit en slaan sy sussie daarmee in sy kinderlike poging om sin te gee aan sy emosies wat deur die televisiebeelde aangewakker is (Papalia *et al.*, 2008:403).

Graad 2-dogters word daagliks blootgestel aan die media, hetsy in digitale of in drukformaat en die hantering van emosies kan moontlik deur hierdie tipe media beïnvloed word. Die navorser het hierdie aspek in ag geneem tydens die selektering van meetinstrument vir emosionele intelligensie. Geen aspekte van of verwysing na massa-media figure soos byvoorbeeld Hanna Montana is ingesluit nie.

2.3. Voorspellingswaarde van emosionele intelligensie

Kinders of persone met 'n hoër vlak van emosionele intelligensie het volgens Goleman (1998:19-41) 'n voorsprong in die lewensreis. Die outeur voer aan dat die voordele van 'n hoër vlak van emosionele intelligensie kinders sal baat tot in bejaardheid. De Klerk en Le Roux (2003:7) bevestig hierdie stelling deur die volgende aanhaling: “[emosionele intelligensie] kan help om die wisselvalligheid van die lewe veel makliker te hanteer”.

Navorsing dui aan dat kinders ná deelname aan 'n program om emosionele intelligensie te verbeter, nie net akademies beter presteer het op skool nie, maar ook 'n verbetering in verhoudings aangemeld het (De Klerk & Le Roux, 2003:10). Cilliers (2004:27) is van mening dat kognitiewe vermoë slegs 20% tot persone se sukses bydra. De Klerk en Le Roux (2003:10) lys die volgende positiewe uitkomstes vir die verhoging van kinders se emosionele intelligensie:

- Kinders geniet 'n beter liggaamlike gesondheid aangesien intense emosies soos stres hulle immuniteit kan verlaag;
- Akademiese verbetering (veral as vaders betrokke is). Emosionele intelligensie kan help om kognitiewe intellek meer doeltreffend aan te wend;
- Verhoudings met maats, sibbe en ouers verbeter;
- Minder gedragsprobleme;
- Ervaring van meer positiewe as negatiewe gevoelens;
- Emosionele veerkragtigheid;
- Is beter in staat om respek te toon vir ander se emosies, waardes en persepsies;

- Kan positiewe houdings, gedrag, waardes en vaardighede makliker en beter toepas;
- Verstaan en aanvaar hulleself as uniek en waardevol;
- Assertiwiteit ontwikkel en verbeter;
- Kommunikasie vaardighede en selfmotivering verbeter;
- Kan beter weerstand bied teen groepsdruk, dwelms, alkohol, seksuele prikkelings en ander negatiewe ervarings en versoekings.

Die navorser is van mening dat indien die navorsing in die uitgesette doel slaag, naamlik dat vaders hulle ouerskapstyle aanpas tot die voordeel van ontwikkeling van hulle dogters se emosionele intelligensie, die dogters voordeel sal kan trek uit al die bogenoemde voordele wat verhoogde emosionele intelligensie vir kinders inhou soos uitgewys deur De Klerk en Le Roux (2003:10).

3. Ontwikkeling van dogters in hulle middelkinderjare

Graad 2-dogters, wat as deelnemers geïdentifiseer is vir die navorsing, bevind hulle in die middelkinderjare. Dié tydperk word gesien as tydperk waartydens fisiese groei nie meer so vinnig plaasvind soos tydens die vroeë kinderjare nie, maar ~~vir~~ tydperk waartydens kardinale ontwikkeling plaasvind ten opsigte van die kind se kognitiewe, sosiale, emosionele en selfkonsep ontwikkeling (Louw & Louw, 2007:214). Dit sluit die bemeestering van emosies, skooltake en die vestiging van betekenisvolle verhoudings in. Dogters in hulle vroeë middelkinderjare fokus nog op familie vir goedkeuring (vergelyk Erikson in Harder, 2002). Die aanname kan gemaak word dat die bemeestering van goeie verhoudings met familielede, wat vaders insluit, baie aandag geniet in hierdie fase van persoonlikheidsontwikkeling.

Die ontwikkeling van dogters in die middelkinderjare sal na aanleiding van die psigososiale teorie van Erikson bespreek word. Erikson was 'n student van Sigmund Freud, wat sy konsep van onbewuste konflik aanvaar het, maar Erikson het die fokus van dié konflik geskuif na die sielkundige en sosiale

aspekte van kinders se lewe, eerder as die biologiese en seksuele aspekte soos deur Freud aangevoer (vergelyk Erikson, 1980:20; Louw & Louw, 2007:20; Vasta *et al.*, 2004:11). Erikson se epigenetiese psigososiale teorie bestaan uit agt ontwikkelingsfases of uitdagings wat deur kinders bemeester moet word om in 'n gebalanseerde goedaangepaste volwassene te ontwikkel wat in 'n samelewing kan funksioneer. Erikson se teorie dui aan dat die ontwikkelingsreis na volwassenheid 'n moeilike een is met baie uitdagings en struikelblokke (Erikson, 1980:82; Louw & Louw, 2007:21; Papalia *et al.*, 2008:300; Vasta *et al.*, 2004:11).

Volgens Erikson se ontwikkelingsfases bevind dogters in die middelkinderjare hulle in die vierde ontwikkelingsfase, naamlik arbeidsaamheid versus minderwaardigheid (verwys na Tabel 2.1. bl.52). Hierdie fase se fokus is die bemeestering van basiese vaardighede wat benodig word om as deel van die samelewing te kan funksioneer. Die vaardighede sluit take in soos aanpassing by die skoolstelsel, vorming van portuurverhoudings (met dieselfde geslag sowel as met die teenoorgestelde geslag), aanleer van reëls van spel en die bemeestering van akademiese prestasies (vergelyk Erikson, 1980:87; Louw & Louw, 2007:21; Papalia *et al.*, 2008:300; Vasta *et al.*, 2004:11). Kinders in hierdie fase is geneig om hulleself met ander kinders in dieselfde ontwikkelingsfase te vergelyk om sodoende te bepaal of hulle die take aan hul gestel bemeester of nie. Die erkenning aan dogters (kinders) gegee tydens die bemeestering van dié vaardighede deur ouers, onderwysers en maats sal bepalend wees of die dogters hulle as minderwaardig teenoor ander kinders van dieselfde ouderdom beskou of nie (De Klerk & Le Roux, 2003:23).

Volgens Goodman (2008) ervaar kinders in die middelkinderjare baie nuwe uitdagings en het hulle 'n behoefte aan troeteling van volwassenes – dogters veral aan die vertroeteling deur hulle vaders. Volgens Erikson en Goodman (Erikson, 1980:87; Goodman, 2008) word hierdie tydperk van kindwees gekenmerk aan die verskuiwing vanaf die invloedarena van die familie na die invloedarena van die skoolomgewing en dié van maats.

Goodman (2008) is van mening dat hierdie oorgang minder stresvol gemaak kan word indien kinders reeds in gebalanseerde en betekenisvolle verhoudings met volwassenes in hulle familie staan, byvoorbeeld dogters met vaders. Die outeur voer aan dat die samelewing beelde van sukses aan dogters verskaf maar dat die waardes en norme wat benodig word vir sukses, nog steeds deur volwasse persone oorgedra word met wie dogters betekenisvolle verhoudings het.

Tabel 2.1. – Die Psigososiale Ontwikkelingsfases van Erikson

(Vergelyk Erikson, 1980:80-88; Louw & Louw, 2007:21; Papalia *et al.*, 2008:300; Vasta *et al.*, 2004:11.)

Ouderdom	Naam van Fase	Uitdaging wat bemeester moet word
Geboorte – 18 maande	Basiese vertrouwe vs. wantroue	Babas moet vertrouensverhoudings met ouers en versorgers ontwikkel. As sorg nie voldoende is nie ontwikkel wantroue in plaas van vertrouwe.
18 maande – 3 jaar	Outonomie vs. skaamte en twyfel	Wanneer kleuters begin om verskillende take te bemeester, soos byvoorbeeld om te loop, toiletgebruik ens., begin kleuters gevoelens van outonomie en selfkontrole ontwikkel. Indien bemeestering nie plaasvind nie, ontwikkel die kleuters gevoelens van skaamte en twyfel in hulleself.
3 jaar – 6 jaar	Inisiatief vs. skuld	Kinders begin meer inisiatief neem tydens interaksie met hulle omgewings, maar kan moontlike gevoelens van skuld ervaar as gevolg van konflik met ouers en versorgers.
6 jaar – 12 jaar	Arbeidsaamheid vs. Minderwaardigheid	Skoolgaande kinders ontwikkel arbeidsaamheid deur die suksesvolle bemeestering van nuwe vaardighede.

		Onsuksesvolle pogings tot bemeestering lei tot gevoelens van minderwaardigheid.
12 jaar – 18 jaar	Identiteit vs. Rol verwarring	Tieners moet hulle identiteit ontwikkel in verskillende areas van hulle lewe, soos byvoorbeeld, geslagsrolle en moontlike belangstellings in beroepe, indien dit nie gebeur nie kan hulle identiteitsverwarring beleef in hulle volwasse jare beleef.
Jong volwassenes	Intimiteit vs. Isolasie	Jong volwassenes moet intieme verhoudings vorm of daar is moontlik die risiko van eensaamheid en alleenheid.
Volwassenes	Generatiewe vs. Stagnasie	Volwassenes moet maniere vind om die volgende generasie te onderhou, deur kinderopvoeding of ander produktiewe aktiwiteite.
Bejaardes	Ego-integriteit vs. Wanhoop	Bejaardes moet poog om'n gevoel van volbrenging te beleef anders staan hulle die kans om dood in die oë te staar met 'n gevoel van wanhoop.

Indien dogters die psigososiale krisis wat aan hulle gestel word tydens die ontwikkelingsfase kan bemeester, sal hulle 'n beter selfbeeld ontwikkel, hulle selfvertroue en vermoë tot sukses sal verhoog en hulle sal bekwaam voel (Erikson, 1980:88). Indien die psigososiale krisis egter nie suksesvol bemeester word nie, sal die dogters nie deursettingsvermoë ontwikkel nie, hulle sal 'n verlaagde selfbeeld toon en 'n minderwaardigheidskompleks ontwikkel wat 'n negatiewe invloed sal hê op hulle emosionele intelligensie.

4. Emosionele ontwikkeling van dogters tydens middelkinderjare

Tydens die middelkinderjare begin kinders om toenemende bewustheid te toon ten opsigte van emosies en ook van die sosiale standaard waaraan hulle moet voldoen. Groepsaanvaarding vir kinders tussen 6 en 11 jaar is noodsaaklik sodat verwerping nie ervaar word nie (Louw & Louw, 2007:244; Papalia *et al.*, 2008:386).

Kinders (ook dogters) floreer op erkenning en aanvaarding van maats, onderwysers en ouers tydens die middelkinderjare. De Klerk en Le Roux (2003:23) is van mening dat kinders in die middelkinderjare tydperk van verhoogde emosionaliteit beleef, waartydens hulle eerder hulle gevoelens sal uitdruk as om dit te onderdruk.

Kinders moet hard werk om gevoelens te verstaan en te beheer, en om die bewustheid te ontwikkel dat dit moontlik is om meer as een emosie te ervaar in 'n spesifieke situasie. Kinders in dié ontwikkelingsfase, beskik oor 'n beter vermoë om komplekse emosies soos trots en skaamte te verstaan en dié emosies word toenemend geïnternaliseer en geïntegreer (vergelyk Louw & Louw, 2007:244; Vasta *et al.*, 2004:444). 'n Negatiewe ontwikkeling tydens dié ontwikkelingsfase is die feit dat kinders tydens die fase die vaardighede begin ontwikkel om hulle emosies en negatiewe gevoelens te onderdruk en dit te internaliseer.

Emosionele intelligensie kan 'raseindproduk gesien word van die suksesvolle afhandeling van hierdie ontwikkelingsfase volgens Scharfe (2000:244). Volgens hierdie outeur leer kinders om emosies te verwoord, te verstaan en te reguleer deur interaksie met ouers, sibbe en vriende. Die aanname word gemaak dat kinders (ook dogters) 'n beter mate van emosionele ontwikkeling sal toon indien hulle families positiewe sowel as negatiewe emosies uitleef en verwoord in die daaglikse funksionering van 'n gesin (Scharfe, 2000:257-259).

5. Ouerskap

Ouerskap kan gedefinieer word as die persone wat verantwoordelik is vir die geboorte, opvoeding en vertroeteling van kinders (The free dictionary, 2009). In die Middeleeue is kinders gesien as miniatuur volwassenes en was die behoefte aan ouerskap soos dit vandag bekend staan minimaal. Die siening van John Locke (1632 – 1704), dat kinders se psige en menswees gesien moet word as'n "tabula rasa" – Latyns vir'n skoon bladsy – word gesien as die begin van die revolusie van ouerskap (Louw & Louw, 2007:4). Dié Britse filosoof het met sy siening, dat kinders se omgewingol speel in hul le ontwikkeling, die beweging tot stand gebring wat baie meer fokus geplaas het op die rol van ouerskap in kinders se ontwikkeling.

Soos voorheen genoem is ouerskap een van die uitdagendste take wat persoon kan onderneem. Volgens Louw en Louw (2007:247) is ouerskap'n dinamiese verhouding en soveel te meer tydens die middelkinderjare, omdat die middelkinderjare gekenmerk word deur'n verhoging van emosionaliteit in kinders se persoonlike ontwikkeling (Papalia *et al.*, 2008:221). Die moderne gesin soos dit vandag bekend staan, beleef ongekeerde ekonomiese sowel as sosiale druk van die moderne samelewing. Dit veroorsaak dat t persentasie gesinne twee werkende ouers bevat, wat beteken dat die ouerskapsrolle verdeel word om die potensiaal van kinderopvoeding te bereik. Wat ouerskap so ingewikkeld maak is die feit dat daar geen spesifieke ouerskap plan en opleiding is wat sal verseker dat elke kind sy potensiaal sal bereik nie en behels dit gewoonlik geen formele opleiding nie.

Tradisioneel bestaan die ouerpaar uit moeder en 'n vader, maar met modernisering het dit egter verander en is dit vandag moontlik om 'n ouerpaar te hê van dieselfde geslag. Moeders was gesien as die hoofopvoeder van kinders en vaders as die voorsiener. Die belangrikheid van die rol wat vaders in die opvoeding en ontwikkeling van kinders speel kom egter tans sterk na vore in huidige navorsing (vergelyk Nielsen, 2001).

Die einddoel van ouerskap is om 'n omgewing vir kinders te skep waarin hulle die reëls van die lewe kan leer en 'n goeie selfbeeld kan ontwikkel en as gebalanseerde jong volwassenes die wêreld kan betree (Britz, 2007:26; Louw & Louw, 2007:209). Volgens Vasta *et al.* (2004:535) is ouers invloedryke modelle vir hulle kinders se aggressiewe, pro-sosiale en morele ontwikkeling. Ouerskap is, soos reeds genoem, 'n dinamiese verhouding en dit verander om aan te pas by die ouderdom en ontwikkelingsvlak van die kinders sowel as die ouer. Volgens Gupta en Theus (2006:30-33) is daar sekere aspekte wat die manier van ouerskap beïnvloed asook die verhouding tussen ouers en kinders, naamlik:

- Ouers se ervarings van ouerskap as kinders;
- Transaksionele model;
- Stres;
- Grense;
- Kultuur.

Hiërdie aspekte sal nou kortliks bespreek word.

i) Ouers se ervarings van ouerskap as kind

Die verwagtings en standarde geïnternaliseer deur ouers as gevolg van die opvoeding wat hul ontvang het van hulle ouers, speel 'n beduidende rol in die opvoeding van hulle eie kinders. Louw en Louw (2007:209) noem dat kinders gedrag aanleer deur die nabootsing en modellering van hulle ouers se gedrag. Ouers het byvoorbeeld unieke maniere van dissiplinerings en verskeie outeurs (vergelyk Gupta & Theus, 2006:30-33; Royal College of Psychiatrists, 2004) is van mening dat dié dissiplineringsstyl grootliks beïnvloed word deur ouers se ervaring van dissipline wat as kind toegepas is deur hulle ouers. Ouers kan dié styl naboots of die ervaring daarvan kan veroorsaak dat ouers 'n totaal ander dissiplinêre styl aanneem tydens die dissiplinerings van hulle eie kinders.

ii) *Transaksionele model*

Volgens hierdie model beïnvloed ouers en kinders mekaar wedersyds (Gupta *et al.*, 2006:31; Louw & Louw, 2007:249). Die beïnvloeding kan kort termyn sowel as lang termyn gevolge toon. Ouers en kinders se optredes het ook invloed op mekaar se gedrag (Flouri, 2005:21; Hall, 2008:116), die volgende voorbeeld sal dit duidelik maak: 'n Tienjarige kind ervaar 'n intense aggressiewe emosie as gevolg van 'n sibbe wat hom/haar terg, die ouer reageer as gevolg van die intensiteit van die emosie wat die kind ervaar n t so aggressief en dissiplineer die sibbe deur lyfstraf toe te dien. Die kind sien hoe aggressief die ouer die emosie verwerk en hanteer en leer dat dit die korrekte manier van hantering is vir die spesifieke emosie. Die ouer aan die ander kant word geprikkel deur die intense emosionele reaksie van die kind wat geterg word en tree aggressief op. Die ouer en kind se reaksies beïnvloed dus mekaar wedersyds. Die invloed kan negatief of positief wees (vergeelyk Louw & Louw, 2007:207; Papalia *et al.*, 2008:387; Vasta *et al.*, 2004:447).

iii) *Stres*

Soos reeds genoem beleef moderne gesir meongekende vlak van finansi le, emosionele sowel as sosiale stres (Vasta *et al.*, 2004:446). 'n Voorbeeld hiervan is dat ouers as gevolg van finansi le toestande verplig word om lang ure te werk wat veroorsaak dat hulle kinders vir lang tydperke onder die toesig van kinderoppassers gelaat of selfs soms alleen gelaat word (Hall, 2008:37; Papalia *et al.*, 2008:387). Die situasie wat kindertoesig noodsaak kan moontlik stres veroorsaak in die ouers sowel as die kinders se lewe (Hall, 2008:37). Ouers is uitgeput na 'n lang dag by die werk en dit veroorsaak dat hulle moontlik nie die energie het om aan al die ouerskapstake te voldoen soos deur die ouers self, die samelewing, die media en die kinders verwag word nie. Kinders ervaar dat die ouers te besig is om na hulle om te sien en voel moontlik 'n lae selfwaarde wat stres by die kinders kan veroorsaak (Gupta *et al.*, 2006:54).

iv) *Grense*

Grense kan gedefinieer word as die voorafbepaalde maatstawwe wat ouers stel om te bepaal watter gedrag aanvaarbaar geag en watter gedrag as onaanvaarbaar geag word (Blom, 2004:63). Grense verskaf riglyne aan kinders oor wat die samelewing van hulle verwag en bied kinders sekuriteit en verminder angs. Indien ouers nie hulle eie persoonlike grense kan uitleef en erken nie, sal hulle moontlik ook probleme ondervind om grense vir kinders te stel tydens hulle rol as ouers (Britz, 2007:27). Volgens Stibbs (2001) kan dié tekortkoming van ouers verantwoordelik wees vir die vorming van disfunksionele gesinsinteraksie waar die lede nie seker is van hulle rol in die gesin nie. Stibbs (2001) is van mening dat suksesvolle verhouding, ook tussen ouers en kinders in hulle middelkinderjare, slegs kan plaasvind as die verhouding uit persone bestaan wat bewus is van hulle eie persoonlike grense.

v) *Kultuur*

Kultuur verwys na die oortuigings, norms, gebruike, tradisies en algemene lewenswyse van 'n spesifieke groep mense wat van geslag tot geslag oorgedra word (Louw & Louw, 2007:12). Suid-Afrika is 'n uitstekende voorbeeld van hoe kultuur die ouerskapsrol verskillend kan beïnvloed. Verskillende kultuurgroepe gebruik verskillende dissiplinerings metodes. Een kultuurgroep sal byvoorbeeld daarvan oortuig wees dat lyfstraf die aangewese metode van dissipline is, maar hierdie metode van dissipline kan totaal en al verwerp word deur 'n ander kultuurgroep. Kultuurgroepe het ook elk hulle eie tradisies en rituele wat die ouerskapsrol uniek sal definieer en beïnvloed (Gupta *et al.*, 2006:33; Louw & Louw, 2007:13).

Die navorser is bewus daarvan dat bogenoemde faktore beïnvloedende invloed kan hê op die styl van ouerskap wat deur die ouers beoefen word en het dit nodig geag om slegs 'n paar moontlike invloede kortliks te bespreek, alhoewel daar ander moontlike invloede ook kan wees wat 'n rol kan speel in die ouers se ouerskapstyl.

Die konsep, ouerskap, en die faktore wat dit moontlik kan beïnvloed is reeds bespreek en die indeling van ouerskap volgens verskillende ouerskapstyle is die volgende stap om ouerskap volledige te definieer. Daar sal vervolgens aandag geskenk word aan die drie ouerskapstyle naamlik Gesaghebbende, Outoritêre en Permissiewe, soos geklassifiseer deur Diana Baumrind.

6. Ouerskapstyle


Die wyse waarop ouers hulle kinders opvoed en hulle optredes teenoor die kinders in verskillende situasies, verwys na die ouers se ouerskapstyl (Louw & Louw, 2007:248; Papalia *et al.*, 2008:316). Diana Baumrind het in 1966 die eerste indeling van ouerskap gedoen op grond van die volgende dimensies van gesinsfunksionering (vergelyk Baumrind, 1966; Grolnick, 2003:68; Louw & Louw, 2007:194; Papalia *et al.*, 2008:316):

- Warmte en koestering wat aan kinders van vroeë ouderdom verskaf word;
- Duidelikheid en konsekwentheid ten opsigte van reëls deur ouers aan kinders gestel;
- Eise van volwassenes – dit behels die mate van hoë eise wat deur die ouers aan die kinders gestel word ten opsigte van take en die emosionele hantering van situasies;
- Kommunikasie tussen ouers en kinders. Of daar werklik na die kinders geluister en met die kinders gesels word en of daar net opdragte op 'n volwasse vlak vir die kinders gegee word.

Hierdie dimensies vind nie volgens Baumrind in isolasie plaas nie, maar in 'n kombinasie en hieruit identifiseer sy drie basiese ouerskapstyle, naamlik die Gesaghebbende (demokraties), Outoritêre en Permissiewe (vergelyk Baumrind, 1966; Grolnick, 2003:68; Louw & Louw, 2007:194; Papalia *et al.*, 2008:316).

Tydens die bespreking van elk van die genoemde ouerskapstyle sal daar ook aandag gegee word aan die verskillende dimensies van elke ouerskapstyl

soos aangedui deur die psigometriese toets wat gebruik is om die vaders se ouerskapstyle te bepaal tydens die studie, naamlik die *PSDQ*. Die volgende diagram, Figuur 2.3, dui die klassifisering en indeling van elke ouerskapstyl aan volgens die dimensies geïdentifiseer deur die *PSDQ*.



Figuur 2.3. Ouerskapstyle en dimensies volgens die *PSDQ*

Die navorser is oortuig daarvan dat sommige ouers (vaders) gebruik maak van een of meer van die bogenoemde ouerskapstyle en daarom is dit nodig geag om aandag te skenk aan die verskillende dimensies van die ouerskapstyle soos aangedui deur die *PSDQ*, om sodoende die oortuiging te bewys en te bepaal watter dimensies van spesifieke ouerskapstyle korrelasies toon met 'n hoër vlak van emosionele intelligensie by graad 2-dogters.

6.1. Gesaghebbende ouerskapstyl

Ouers met hierdie ouerskapstyl toon hoë aanvaarding van kinders se menswees, is baie betrokke by kinders se lewens, het aanpasbare beheertegnieke en gee toepaslike geleentheid vir outonomie aan kinders (Louw & Louw, 2007:195).

Dié ouers glo dat kinders die reg het om te onderhandel oor alle reëls sodat kinders toegelaat kan word om onafhanklike besluite te neem (Papalia *et al.*, 2008:316). Ouers wat hierdie ouerskapstyl beoefen is baie ingestel op die individualiteit van kinders maar verloor nie perspektief ten opsigte van sosiale grense nie. Alhoewel dié ouers baie liefdevol voorkom dring hulle aan op goeie gedrag en handhaaf ferm riglyne (Papalia *et al.*, 2008:316). Gesaghebbende ouers luister na hulle kinders se redes vir wangedrag en versoeke en neem besluite wat die kinders se behoeftes en begeertes in ag neem (Latouf, 2008:59).

Negatiewe punte van die ouerskapstyl is dat ouers “demokrasie” in die ouerhuis oorbeklemtoon en vergeet dat jong kinders nie gesien moet word as gelykes in die ouerhuis nie wat onnodige druk op kinders kan plaas om besluite buite hulle ontwikkelingsvlak te neem. Kinders met ouers wat dié ouerskapstyl toepas, kan ook moontlik manipulasie deur ouers se gedrag aanleer, wat dan kan lei tot manipulerende gedrag in die middelkinderjare sowel as in adolessensie teenoor ouers sowel as ander persone in die kinders se lewe (Britz, 2007:156; Papalia *et al.*, 2008:316). Hierdie tipe ouers sien die grys in elke situasie raak en hanteer hulle kinders na aanleiding van elke situasie se unieke omstandighede (Britz, 2007:156).

Na aanleiding van verskeie outeurs (vergelyk Baumrind, 1991; Grolnick, 2003:6; Latouf, 2008:61; Louw & Louw, 2007:194) blyk dié ouerskapstyl die effektiwste te wees vir die ontwikkeling van gelukkige en gebalanseerde kinders sowel as adolessente.

Die *PSDQ* dui die volgende drie dimensies aan waaruit die gesaghebbende ouerskapstyl bestaan naamlik: verhoudingsdimensie, redeneringsdimensie en demokratiese deelname-dimensie. 'n Kort bespreking van elk van die dimensies sal nou volg:

6.1.1. Dimensies van die gesaghebbende ouerskapstyl volgens die PSDQ

6.1.1.1. Verhoudingsdimensie

Soos reeds genoem is gesaghebbende ouers baie ingestel op kinders se behoeftes en betrek hierdie dimensie die mate van warmte en ondersteuning deur ouers aan kinders gebied. Gesaghebbende ouers of ook genoem demokratiese ouers, toon meer ondersteuning en warmte teenoor kinders, deur hulle persoonlike behoeftes, temperament, emosionele toestand en begeertes tydens besluitneming in ag te neem (Grolnick, 2003:2).

6.1.1.2 Redeneringsdimensie

Hierdie ouerskapstyl laat meer ruimte vir redenering as enige van die ander ouerskapstyle (Britz, 2007:156; Papalia *et al.*, 2008:316). Hiermee word bedoel dat ouers die kinders 'n regmatige kans gee om hulle kant van die storie te stel. Ouers wat 'n outoritêre ouerskapstyl toepas sal nie hierdie tipe kommunikasie duld nie. Gesaghebbende ouers sal in 'n redenasie met kinders betrokke raak waartydens die kinders se mening net soveel gewig sal dra as dié van die ouers (Papalia *et al.*, 2008:316). Hierdie dimensie kyk na tot in watter mate die ouer in redenering betrokke raak met hul kind en tot watter mate die redenering 'n invloed het op die besluite tydens ouerskap.

6.1.1.3. Demokratiese deelname-dimensie

Hierdie dimensie verwys na die mate van tweerigting-kommunikasie tussen ouers en kinders wat 'n groot rol speel in die gesaghebbende ouerskapstyl. Soos reeds genoem, is die demokratiese deelname van kinders in besluitneming en daaglikse funksionering kenmerk van hierdie ouerskapstyl (Britz, 2007:159). Die dimensie fokus op die mate waarin demokrasie toegepas word tydens die opvoeding van gesaghebbende ouers se kinders (Latouf, 2008:65).

Die navorser is van mening dat die gesaghebbende ouerskapstyl, soos ingedeel in die bogenoemde drie dimensies, die gepaste ouerskapstyl is vir

die moderne samelewing waar kinders se regte en behoeftes beklemtoon word. Die hoop is dat die uitgevoerde studie daarop sal dui dat die toepassing van hierdie ouerskapstyl deur vaders sal veroorsaak dat dogters 'n hoër vlak van emosionele intelligensie kan bereik.

6.2. Outoritêre ouerskapstyl

Ouers wat hierdie ouerskapstyl toepas verwag onmiddellike en onbetwisbare gehoorsaamheid van hulle kinders (Papalia *et al.*, 2008:316). Hierdie ouers beweeg in die rigting van wit-en-swart-ouerskap en hanteer ouerskap volgens "doen wat ek sê"- maaatreëls (Latouf, 2008:55). Geen onderhandeling oor reëls word toegelaat nie. Volgens Louw en Louw (2007:195) is die ouerskapstyl laag in die dimensies van koestering en kommunikasie. Dié ouers is wel baie konsekwent in die uitvoer van ouerskapstake, wat moontlik 'n gevoel van sekuriteit by kinders kan skep. Dié tipe ouers neem volgens Britz (2007:136) ten volle verantwoordelikheid vir die opvoeding van hulle kinders.

'n Kenmerk van dié ouerskapstyl wat ooreenstem met die gesaghebbende ouerskapstyl is dat beide ouerskapstyle grense duidelik toepas word en die style is bereid om wangedag aan te spreek. 'n Nadeel van dié styl is dat indien ouers nie genoeg liefde betoon nie, hierdie styl van ouerskap uiters destruktief kan wees (vergelyk Britz, 2007:136; Grolnick, 2003:17; Vasta *et al.*, 2004:607).

Die *PSDQ* dui die volgende drie dimensies aan waaruit die outoritêre ouerskapstyl bestaan, naamlik, fisiese dwang dimensie, verbale vyandige dimensie en straf dimensie. 'n Kortlikse bespreking van elk van die dimensies sal nou volg:

6.2.1. Dimensies van outoritêre ouerskapstyl volgens die PSDQ

6.2.1.1. Fisiese dwangdimensie

Hierdie dimensie verwys na die mate waarmee outoritêre ouers fisiese lyfstraf gebruik met die doel van dissiplineer en sluit die volgende aksies in: klap, rondruk en slaan met 'n plathand of met enige item soos

rottangs, sambokke ensovoorts wat tradisioneel gebruik word vir lyfstraf (Robinson *et al.*, 2001:320).

6.2.1.2. Verbale vyandigheidsdimensie

Die outoritêre ouerskapstyl word geken aan die “wat ek sê is wet” - houding van ouers (Britz, 2007:136). Die vyandigheid in die taal wat gebruik word tydens dié ouerskapstyl vorm die basis van hierdie dimensie. Aspekte soos woede uitbarstings van ouers teenoor die kinders, skreeu op kinders en die kritisering van kinders en hulle gedrag val ook onder hierdie dimensie (Robinson *et al.*, 2001:320).

6.2.1.3. Strafdimensie

Outoritêre ouerskap word geken aan die feit dat ouers oortuig is daarvan dat daar vir elke foutiewe gedrag van kinders 'n straf toegedien moet word (Louw & Louw, 2007:195). Die strafdimensie se fokus is die mate waarin ouers se gedrag aan die bogenoemde stelling voldoen. Dié dimensie sluit aspekte soos die gebruik van dreigemente en die wegneem van voorregte met min of geen verduideliking, in as straf in (Robinson *et al.*, 2001:320).

6.3. Permissiewe ouerskapstyl

Ouers wat warm en aanvaardend voorkom, maar in plaas van betrokke wees by die kind se menswees eerder oor-toegeeflik en onoplettend is, word geklassifiseer as ouers met 'n permissiewe ouerskapstyl (vergelyk Britz, 2007:169; Gottman, 1997:50-52; Louw & Louw, 2007:195).

Volgens Louw en Louw (2007:195) is hierdie ouerskapstyl hoog in die dimensie van koestering maar laag in die dimensie van kommunikasie met kinders. Die ouerskapstyl ag nie die stel van grense vir kinders belangrik nie. Die feit dat die ouers nie wil leiding neem in die ouer-kind verhouding nie, kan veroorsaak dat kinders sekere besluite oor hulle lewens self moet neem wat heeltemal buite hulle ontwikkelingsvlakvermoë is. As gevolg van die voorafgenoemde is kinders met permissiewe ouers meer geneig om impulsief, ongehoorsaam en opstandig te wees (Gottman, 1997:53; Louw & Louw,

2007:195). Baumrind (in Grolnick, 2003:6) asook Louw en Louw (2007:225) is van mening dat kinders in die middelkinderjare wie se ouers dié ouerskapstyl toepas meer geneig is om in die skool te onderpresteer.

Robinson *et al.* (2001:320) dui aan dat die *PSDQ* net een dimensie identifiseer vir die permissiewe ouerskapstyl, naamlik die insiklikheiddimensie. Hierdie dimensie sal vervolgens kortliks bespreek word.

6.3.1. Dimensie van permissiewe ouerskapstyl volgens die PSDQ

6.3.1.1. Insiklikheiddimensie

Soos reeds genoem is ouers wat die permissiewe ouerskapstyl toepas, geneig om onbetrokke te wees by die dissiplinerings van hulle kinders. Die insiklikheiddimensie betrek aspekte soos die gebruik van dreigemente oor moontlike straf sonder die deurvoer daarvan, die geneigdheid om af te sien van dissiplinerings as die kinders heftig reageer, die geneigdheid tot bederf van kinders en die onvermoë om kinders te dissiplineer (Robinson *et al.*, 2001:320).

Tydens die bespreking hier bo is daar gepoog om die drie ouerskapstyle wat deur Diana Baumrind geïdentifiseer is, te bespreek en die dimensies wat daaraan gekoppel word volgens die *PSDQ* (Robinson *et al.*, 2001:320) te beklemtoon om sodoende 'n omvattende beeld te ontwikkel oor die verskillende dimensies wat ouerskapstyle definieer.

Uit die voorafgaande inligting is dit duidelik dat ouers 'n belangrike rol speel in die emosionele ontwikkeling van dogters en daar sal vervolgens in meer detail op die rol van die ouers tydens die middelkinderjare gefokus word.

6.4. Die rol van ouers tydens die middelkinderjare

Hoewel kinders in die middelkinderjare begin om meer tyd van die huis af te spandeer is die gesin nog steeds die middelpunt van hulle lewens, en so ook die verhouding met hulle ouers (Louw & Louw, 2007:247; Papalia *et al.*, 2008:387). Tydens hierdie ontwikkelingsfase word kinders minder afhanklik

van ouers in terme van aktiewe hulp, maar die afhanklikheid ten opsigte van morele ondersteuning en onderrig verhoog beduidend.

Ouers begin in hierdie ontwikkelingstadium om die oomblik-tot-oomblik besluitneming aan kinders oor te gee en beweeg na oorkoepelende toesig. Op grond van hierdie stelling is dit duidelik dat die verhouding tussen ouers en kinders tydens hierdie fase'n metamorfose ondergaan (vergelyk Berk, 2006:481; Louw & Louw, 2007:246). Tydens die middelkinderjare stel kinders baie hoë eise aan ouers, en dit kom in sommige huishoudings voor asof die ouers se lewens om die aktiwiteite van die kinders draai (Papalia *et al.*, 2008:387). Aangesien kinders se rolle in dié tydperk verander, verander ouers se rolle ook. Tydens die vroeë kinderjare is kinders afhanklik van ouers vir elke uitdaging wat die kinders teëkom, maar tydens die middelkinderjare funksioneer kinders baie meer onafhanklik, hulle kies self vriende, voltooi huiswerk self en doen ook later in die laat middelkinderjare self voorbereiding vir eksamens.

Kinders in die middelkinderjare begin om reëls en regulasies wat ouers implementeer bevraagteken en teëstaan op grond van hulle verhoogde kognitiewe kapasiteit, wat beteken dat daar meer konflik in die huis en gesin kan plaasvind (Louw & Louw, 2007:247; Vasta *et al.*, 2004:535). Die hantering van hierdie konflik deur die ouers skep 'n milieu vir die hantering van alle konflik in kinders se toekoms.

Ouers tree op as sosialiseringsagente tydens die kinderontwikkelingsfase. Hulle kies die omgewing waarin kinders kan sosialiseer soos byvoorbeeld die kinders se skool, maar die onus rus op die kinders om deel te neem aan die sosialiseringsproses (Berk, 2006:481; Louw & Louw, 2007:250). Dié fase word gekenmerk aan die oorskakel van ouerskap na "ouerskap op 'n afstand", sodat kinders meer vryheid kan ervaar om hulle eie identiteit te vestig.

Hoewel dit duidelik is uit die voorafgaande paragraaf dat kinders tydens die middelkinderjare baie meer onafhanklik begin funksioneer, is dit belangrik om kennis te neem daarvan dat die gesin, en die verhoudings met die ouers nog

steeds die middelpunt van die kinders se lewe is. Ouers speel 'n kardinale rol in die emosionele, sosiale en kognitiewe ontwikkeling van kinders in hierdie ontwikkelingsfase (Louw & Louw, 2007:250). Die navorser is oortuig daarvan dat vaders se rol tydens hierdie fase van kindwees nog as minderwaardig geag word deur ouers, onderwysers en professionele persone. In die volgende gedeelte sal daar deur die navorser gepoog word om aspekte oor die belangrikheid van vaders se betrokkenheid by dogters se ontwikkeling en lewe uit te lig.

6.4.1. Vaders en dogters

Die rol van vaders het die afgelope twee dekades 'n metamorfose ondergaan (Wambugu & Adams, 2007:18). Die tekort aan navorsing in dié veld, spesifiek in die Suid-Afrikaanse konteks, het daartoe gelei dat die navorser die navorsing aangepak het.

Dit kan as vanselfsprekend aanvaar word dat vaders 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van hulle dogters se emosionele en sosiale vaardighede (soos ook aangedui in Hoofstuk een) maar nie alle ouers is bewus van die impak wat vaders se afwesigheid speel in dogters se emosionele ontwikkeling nie (Schwartz, 2007). 'n Onlangse studie gedoen aan die Universiteit van St. Louis in die Verenigde State van Amerika (Schwartz, 2007) het aangedui dat indien die vaders van kinders afwesig is en die moeders aan depressie lei, die moontlikheid dat die kinders ook depressie sal ontwikkel aansienlik hoër is as dié kinders met betrokke vaders. Dié stelling is ook van toepassing op dogters. Volgens dr. Allan Schwartz toon [dogters] wat sonder vaders grootword 'n groter geneigdheid om op skool swak te presteer, 'n lae selfbeeld te hê en aan depressie te ly. Wright (2005:9) beaam hierdie stelling deur by te voeg dat daar 'n gemeenskap van vroue vandag bestaan wat ernstige emosionele probleme ervaar wat die direkte gevolg is van 'n onsuksesvolle verhouding met hulle biologiese vaders.

Volgens Walker (1999) is een van vaders se belangrikste take ten opsigte van dogters se emosionele ontwikkeling die bekragtiging van hulle dogters se vroulikheid. Die outeur is ook van mening dat die verhouding wat dogters met

hulle vaders het, een van die betekenisvolste verhouding wat dogters ooit sal hê. Vaders is die eerste manspersoon vir wie dogters lief word en 'n verhouding mee het. Die manier hoe vaders teenoor dogters optree, behandel en 'n betekenisvolle verhouding met hulle aanmoedig, sal die basis vorm van alle verhoudings wat dogters in die toekoms met manspersone sal hê (Walker, 1999).

Die moderne samelewing veroorsaak dat 'n groot hoeveelheid dogters sonder enige vaderfiguur grootword. Dit kan veroorsaak word deur vaders wat elders moet werk om vir hulle gesin te voorsien omdat werkloosheid in Suid-Afrika algemeen voorkom, die hoë egskeidingsyfer, die abnormale hoë voorkoms van geweld, wat vaders se lewens neem of veroorsaak dat hulle hulself in korrektiewe instansies bevind of die tendens van enkelouer gesinne. Wright (2005:13) is van mening dat hierdie afwesigheid van 'n vader in 'n dogter se lewe, 'n leemte in haar lewe laat wat nie deur enige iets of iemand anders gevul kan word nie. Michael Gurain (2008a) maak die stelling dat indien vaders eerlik met hulle dogters kommunikeer oor hulle gevoelens, dogters hulle vaders sal vertrou met hulle diepste geheime.

Volgens 'n studie wat onderneem is deur Kenny en Peters (in Richter, 2006:53) word daar aangedui dat die afwesigheid van 'n vaderfiguur, die kind se ontwikkeling van 'n positiewe selfkonsep strem. Nielsen (in Degraffenred, 2008) voer aan dat die verhouding wat vaders met hulle dogters het 'n belangrike rol in dogters se lewe as kind, adolessente en volwasse vrou speel. Navorsing wat in die VSA gedoen is toon dat dogters met betrokke vaders meer selfvertroue het en nie maklik deur groepsdruk geforseer word tot seksuele aktiwiteite om seuns te beïndruk om sodoende haar gevoel van selfwaarde te verhoog nie. Verder kom dié dogters meer assertief voor, hulle beskik oor meer vaardighede om gesonde verhoudings met die teenoorgestelde geslag te vorm en is ook minder geneig om eetversteurings, depressie of angsversteurings op 'n latere ouderdom te ontwikkel (Nielsen in Degraffenred, 2008). 'n Navorsingsprojek van Bruce Ellis, van Canterbury Universiteit in Nieu-Zeeland (Durham, 2003) het ook daarin geslaag om 'n belangrike voordeel uit te wys van vaders wat betrokke is by hulle dogters se

opvoeding. Die studie het aangetoon dat dogters wie se vaders hulle verlaat tydens die middelkinderjare (6-12 jaar), tot drie maal meer geneig is om swanger te word voor die ouderdom van 19 jaar as hulle eweknie, waar vaders deurentyd betrokke was in die familielewe.

Uit voorafgaande inligting is dit duidelik dat die vaderfiguur onmisbare rol speel in dogters se lewens, en kan die aanname gemaak word dat betrokke vaders wel'n positiewe invloed sal hê op die ontwikkeling van dogters se emosionele intelligensie.

Vaderskap is gewoonlik net nog een van die moderne gesinsman se rolle, en die aanname kan gemaak word dat vaderskap beïnvloed sal word deur verskeie aspekte en sisteme. Die navorser sal poog om die invloede te bespreek volgens die Bio-ekosistemiese teorie van Uri Bronfenbrenner (Bronfenbrenner & Morris, 1998:993) en ook volgens die Veldteorie vanuit'n Gestaltperspektief (Perls, Hefferline & Goodman, 1951:28).

6.5. Faktore wat vaderskap beïnvloed volgens ontwikkelings teorieë

Daar is reeds vasgestel dat ouerskap 'n dinamiese sisteem is waarvan ontwikkeling en verandering gedurig plaasvind, net soos die ontwikkeling van kinders. Die afleiding kan gemaak word dat vaderskap ook'n dinamiese verhouding is, wat gedurende verander as gevolg van invloede van buite. Dit is as gevolg hiervan moontlik om die rol van vaders te evalueer deur gebruik te maak van 'n ontwikkelingsteorie.

6.5.1. Bio-ekosistemiese teorie

Die Amerikaanse sielkundige, Uri Bronfenbrenner, se Bio-ekosistemiese teorie verduidelik hoe reeks verskillende interaksionele prosesse en sisteme, die ontwikkeling van'n individu beïnvloed (Bronfenbrenner & Morris, 1998:993). Omdat vaderskap 'n rol van 'n individu geklassifiseer kan word, kan vaderskap as die individu in hierdie opset gesien word, wat dus dan ook beïnvloed word deur die verskillende prosesse en sisteme van daaglikse lewe (Papalia *et al.*, 2008:36; Vasta *et al.*, 2004:22).

Bronfenbrenner het die volgende sisteme geïdentifiseer (Bronfenbrenner & Morris, 1998:993; Papalia *et al.*, 2008:36; Vasta *et al.*, 2004:24): die mikrosisteem, mesosisteem, eksosisteem, makrosisteem en die chronosisteem. Daar sal nou in meer besonderhede na elke sisteem gekyk word en ook na die moontlike invloede wat dié sisteme sal hê op vaders se rol as ouers.

6.5.1.1. Mikrosisteem

Hierdie sisteem bestaan uit die aktiwiteite, rolle en persoonlike verhoudings wat vaders beleef (Bronfenbrenner & Morris, 1998:994). Vaders het verskeie rolle in hulle huislike omgewing, byvoorbeeld eggenote vir moeder, finansiële voorsiener vir gesin en die instandhoudingspersoon wat die huis en tuin betref – om slegs 'n paar voorbeelde te noem. Die verskillende rolle wat die vaders moet vervul naas die vaderskap rol het 'n invloed op die kwaliteit van die uitvoering van hulle vaderskapsrolle. 'n Voorbeeld hiervan is dat die pa 'n belangrike skoolgebeurtenis van sy kind misloop omdat sekere huishoudelike take aandag vereis, soos byvoorbeeld die herstel van die dak voordat die reënseisoen aanbreek. Hoewel die herstel van die dak belangrik is vir die gesin se veiligheid, kan die kind 'n negatiewe ervaring ten opsigte van die pa se afwesigheid by die skoolgebeurtenis ervaar (Louw & Louw, 2007:27; Vasta *et al.*, 2004:23). Verskillende verhoudings in dié sisteem kan ook beduidende invloed hê op die vaderskapsrol van vaders. Die feit dat vaders moontlik 'n vaderskapsrol moet vervul vir 'n seun sowel as 'n dogter kan 'n voorbeeld wees van twee verhoudings wat 'n positiewe of negatiewe invloed kan hê op die vaderskapsrol (vergelyk Louw & Louw, 2007:27; Papalia *et al.*, 2008:36).

6.5.1.2. Mesosisteem

Die mesosisteem verwys na die interaksie tussen die mikrosisteme in die individu se bestaan (Papalia *et al.*, 2008:36). Hierdie sisteem sluit persoonlike verhoudings tussen die verskillende mikrosisteme in (Vasta *et al.*, 2004:24). 'n Voorbeeld van 'n mesosisteem wat vaders se vaderskapsrol kan beïnvloed is byvoorbeeld 'n werkgewer wat baie ingestel is op positiewe gesinsverhoudings en 'n vader op 'n ouerskapskursus stuur wat veroorsaak dat

hy meer sensitief is vir sy kinders se behoeftes en emosionele gedrag wat veroorsaak dat sy vaderskapsrol verbeter en ontwikkel. Die verhouding tussen die pa en sy werkgewer het dus veroorsaak dat die vader se ouerlike vaardighede verbeter.

6.5.1.3. Eksosisteem

Hierdie sisteem verwys na sosiale omgewings wa'n individu nie noodwendig eerstehands sal ondervind nie, maar wat steeds ontwikkeling kan beïnvloed (Louw & Louw, 2007:27). Vaders het dalk nie direk kontak met die ouers van dogters se vriende nie, maar omdat dogters wel tyd in die teenwoordigheid van dié persone spandeer, kan dit moontlik invloed hê op vaders se vaderskapsrol, omdat dogters se verwagtings van vaders moontlik beïnvloed kan word deur die eksosisteem. Dogters se vriendekring se ouerhuise kan beskou word as 'n eksosisteem van vaders. Die skool kan ook voorbeeld wees van só 'n sisteem, aangesien die persepsies wat deur onderwysers aan kinders oorgedra word na die vaders kan deurspoel en so hulle vaderskap beïnvloed, hoewel vaders nie direkte kontak het met die onderwysers nie (Hall, 2008:65).

Die navorser is van mening dat 'n verdere voorbeeld van hierdie tipe sisteem die media is wa'n invloed kan hê op kinders in hulle middelkinderjare. Kinders word blootgestel aan televisie programme waarin vaders in 'n sekere lig voorgestel word. Kinders verwag dan dat alle vaders sal optree soos die voorbeeld in die televisieprogram. Indien hulle vaders dan nie so optree soos deur die televisieprogram nie, kan dit negatiewe reaksies by die kinders ontlok wat weer die vader-kind verhouding negatief kan beïnvloed en sodoende ook die vaders se vaderskapsrol.

6.5.1.4. Makrosisteem

Hierdie sisteem verwys na die breedste omgewingskonteks waarin vaders hulle bevind (Louw & Louw, 2008:27). Die sisteem sluit die ekonomiese sisteem, die politiese sisteem en die kulturele sisteem in. Die gebeure wat plaasvind in hierdie sisteem het 'n rimpeleffek op al die bogenoemde sisteme. Indien die kultuur van vaders byvoorbeeld aandui dat slegs moeders

verantwoordelik is vir die emosionele versorging van kinders, gaan vaders hulle vaderskapsrol so aanpas om die emosionele versorging van kinders uit te sluit (Papalia *et al.*, 2008:36; Vasta *et al.*, 2004:24).

Die ekonomiese sisteem kan beduidende invloed op vaders se ouerskapsrol hê (Papalia *et al.*, 2008:36). Tydens 'n sukkelende ekonomie word vaders (wat tradisioneel die grootste inkomste verdien tussen die ouers) onder die meeste druk geplaas om langer ure te werk. Die tyd weg van hulle huisgesin kan hulle vaderskapsrol moontlik negatief beïnvloed, omdat vaders voeling kan verloor met hulle kinders se ontwikkeling.

6.5.1.5. Chronosisteem

Chronosisteem bind die konsep van tyd aan die Bio-ekosistemiese teorie van Bronfenbrenner (Vasta *et al.*, 2004:24). Die tyd waarin vaderskap plaasvind speel ook 'n rol in die ontwikkeling van hierdie rol. Op die oomblik is daar 'n oplewing in die bewusmaking van vaders oor die belangrike rol wat vaders in hulle kinders se lewens speel, twintig jaar gelede was dit egter nie die geval nie. Die era (tyd) kan dus 'n positiewe invloed op vaderskap uitoefen. Die chronosisteem kan vaderskap egter ook negatief beïnvloed. 'n Gejaagde lewe kan veroorsaak dat vaders nie tyd beskikbaar het om kwaliteit sowel as kwantiteit tyd saam met hulle kinders te kan spandeer nie, wat hulle vaderskapsrol negatief kan beïnvloed ten opsigte van die skuld gevoel wat vaders ervaar oor die beperkte tyd saam met hulle kinders.

Na aanleiding van bogenoemde bespreking van die verskillende sisteme van invloed volgens Bronfenbrenner se Bio-ekosistemiese ontwikkelingsteorie, is die navorser van mening dat al hierdie sisteme moontlik 'n beduidende invloed sal hê op vaders se ouerskapstyle en sodoende ook op die vlak van emosionele intelligensie wat hulle graad 2-dogter sal oor beskik.

Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die invloede op vaders se ouerskap volgens die veldteorie vanuit 'n Gestaltperspektief.

6.5.2. Veldteorie

Die veldteorie wat omvat word in die Gestaltperspektief, maak die aanname dat alles wat in kinders en vaders se omgewing gebeur, hetsy direk of indirek, het 'n beduidende invloed om hul le ontwikkeling en bestaan het (Blom, 2004:22). Volgens dié teorie word gedrag gesien as die resultaat van die interaksie tussen die persoon se eienskappe, vermoëns, behoeftes en die sosiale sowel as fisiese omgewing (Perls *et al.*, 1951:27; Steyn, 2005:48).

Yontef (1993:125) identifiseer die “veld” as die omgewing of wêreld waarin die betrokke individu funksioneer. Die veldteorie stel voor dat organisme gesien of verstaan moet word ten opsigte van sy omgewing, wat beteken dat vaders se omgewing (hulle veld) waarin hulle beweeg 'n groot impak sal hê op hulle ouerskapstyl. Alle sisteme funksioneer as 'n eenheid in die veld en niks staan geïsoleerd of apart van enige iets anders in die veld nie. Volgens dié teorie bestaan die veld van 'n persoon uit die persoon se totale omgewing, die persoon en al die belangrike persone in sy of haar lewe ingesluit. Alles wat moontlik 'n invloed op die persoon kan hê sowel as dit waarop die persoon moontlik 'n invloed mag hê word ingesluit (Perls *et al.*, 1951:26; Corey, 2001:197). Hierdie verhoudings tussen die persoon en sy veld hou wedersydse gevolge in (Corey, 2001:197), wat die aanname versterk dat indien vaders verander (byvoorbeeld hulle ouerskapstyl) dit 'n invloed sal hê op hulle dogters, hetsy negatief of positief. Indien vaders se werksomstandighede so verander dat hulle byvoorbeeld baie minder tyd by die huis spandeer sal dit moontlik 'n invloed hê op hulle dogters se opvoeding, en ook 'n moontlike 'n invloed op hulle emosionele intelligensie vlak.

Die navorser is van mening dat die veldteorie se aanname dat enige verandering in vaders se veld ook verandering in hulle dogter se veld sal teweegbring baie gepas is vir die tema van die navorsing en dat dit baie nouliks aansluit by die hipoteses gestel, dat sekere ouerskapstyle van vaders meer geneig is om 'n hoër vlak van emosionele intelligensie by graad 2-dogters te bewerkstellig.

7. Samevatting

Hierdie hoofstuk het bestaan uit die definiëring van emosionele intelligensie en die fasette daarvan. Daar is ook aandag geskenk aan moontlike faktore wat die ontwikkeling van emosionele intelligensie kan beïnvloed. Die ontwikkeling van dogters in die middelkinderjare is daarna bespreek volgens die psigososiale teorie van Erik Erikson. Ouerskap, ouerskapstyle, die rol van vaders in ouerskap en die invloed van verskillende sisteme op vaderskap na aanleiding van die Bio-ekosistemiese teorie van Bronfenbrenner sowel as vanuit die Gestalt perspektief se veld teorie is daarna behandel.

Hoofstuk drie sal aandag skenk aan die weergee van die empiriese studie se data, die omskrywing van die meetinstrumente asook die omskrywing van statistiese metodes gebruik om die analise daarvan te doen en ook die analise en beskrywing van die bevindings.

HOOFSTUK 3

NAVORSINGSMETODOLOGIE: 'N EMPIRIESE PERSPEKTIEF EN INTEGRASIE VAN NAVORSINGSBEVINDINGE

1. Inleiding

Hoofstuk drie hou die bevindings van die navorsing voor. Die doel en doelwitte van die studie, soos uiteengesit in hoofstuk een sal eerstens hersien word. Die navorsingsbenadering en metodologie sal kortliks bespreek word, aangesien 'n volledige bespreking reeds in hoofstuk een vervat is. Die bevindings wat betrekking het op die twee meetinstrumente wat gebruik is, naamlik die *Parenting Styles and Dimensions Questionnaire* (hierna genoem die PSDQ) en Cilliers Emosionele Intelligensie Toets (hierna genoem die CEI) sal bespreek word na aanleiding van beskrywende statistiek met die hulp van grafiese voorstellings.

2. Die kwantitatiewe navorsingsproses hersien

Aangesien die hipoteses wat in hoofstuk een geformuleer is, hoofsaaklik bevestig of verkeerd bewys sal word deur numeriese data verkry deur die psigometriese vraelyste en psigometriese toetse wat tydens die studie gedoen is, word die studie deur middel van die kwantitatiewe benadering uitgevoer (Babbie, 2004:396). Die evaluering van bogenoemde hipoteses word in hoofstuk vier bespreek.

Die volgende hipoteses is as riglyne vir die studie geformuleer:

Hipotese 0: Daar is 'n verband tussen die vaderlike ouerskapstyl en die vlak van emosionele intelligensie van die graad 2-dogter.

Hipotese 1: Daar is geen verband tussen die vaderlike ouerskapstyl en die vlak van emosionele intelligensie van die graad 2-dogter nie.

Die doelstelling van die studie is om die verband tussen vaders se ouerskapstyle en graad 2-dogters se emosionele intelligensie te bepaal en

aan te dui watter ouerskapstyle en dimensie van die ouerskapstyle die mees bevorderlik sal wees vir die ontwikkeling vanhoër vlak van emosionele intelligensie.

Om seker te maak dat bogenoemde doelstelling bereik word, is die volgende doelwitte vir die studie saamgestel:

- A. Om 'n geïntegreerde teoretiese kennisraamwerk saam te stel ten opsigte van:
 - a. Literatuur beskikbaar oor vaders se ouerskapstyle asook die verband tussen vaders se ouerskapstyle en die ontwikkeling van emosionele intelligensie by graad 2 dogters;
 - b. Literatuur oor die ontwikkeling van kinders in hulle middelkinderjare en literatuur oor die ontwikkeling van emosionele intelligensie.

- B. Om data-insameling te doen deur middel van:
 - a. Psigometriese vraelyste aan die vaders en moeders van graad 2-dogters van die laerskool. Om die vaders se ouerskapstyle te bepaal deur die gebruik van die *PSDQ*;
 - b. Psigometriese toetsing van graad 2-dogters by die laerskool om hulle emosionele intelligensie te bepaal deur die afneem van die CEI, 'n gestandaardiseerde psigometriese meetinstrument.

- C. Om die bevindinge van die *PSDQ* en CEI te ontleed en te evalueer.

- D. Om die bevindinge volledig te bespreek, gevolgtrekkings te formuleer en aanbevelings aan te dui.

3. Meetinstrumente

Daar is tydens die insameling van die empiriese data gebruik gemaak van twee meetinstrumente wat vervolgens bespreek sal word.

3.1. Cilliers Emosionele Intelligensie Toets

Die Cilliers Emosionele Intelligensie Toets (CEI) is 'n gestandaardiseerde psigometriese toets vir die meet van emosionele intelligensie in kinders tussen die van ouderdom van vier en agt jaar (Cilliers, 2004:10). Dié psigometriese meetinstrument is deur dr. Cilliers, 'n opvoedkundige sielkundige, gestandaardiseer tydens die afhandeling van haar doktorsale studies aan die Universiteit van Bloemfontein.

3.1.1. Toets administrasie

Dié toets is beskikbaar in Afrikaans wat bygedra het tot die gebruik daarvan tydens die studie. Die toets bestaan uit vyf onderafdelings: Optimisme, Impulsbeheer, Herken en beheer van eie emosies, Empatie en Interpersoonlike vaardighede, wat gemeet word deur die beantwoording van 50 vrae. Elke onderafdeling bestaan uit tien vrae wat deur die psigometris aan die respondente gestel word terwyl grafiese uitbeelding van die vraag ook aan hulle gewys word. Respondente kon dan een van drie moontlike antwoorde kies wat hulle as die mees gepas beskou het (Cilliers, 2004:76).

Die afneem van die toetse is waargeneem deur psigometris geïdentifiseer deur dr. Cilliers. Die graad 2-dogters is gedurende skoolure getoets. Die skoolhoof sowel as die skool se beheerliggaam het skriftelike toestemming verleen (verwys Bylaag 2 – p. 124).

3.1.2. Nasien van CEI

Die nasien van die toetse is ook deur bogenoemde dr. Cilliers waargeneem. Daar is 'n punt toegeken aan elke korrekte antwoord verskaf, en sodoende is daar 'n rou punt vir elke onderafdeling bepaal. Die rou punte is bymekaar getel om 'n totaal uit 50 te verkry. Hierna is

elke afdeling se stanege bepaal volgens die gegewe tabel (Tabel 3.1. p. 83). Daarna is die vyf staneges bymekaar getel en deur vyf gedeel om die finale stanege vas te stel. Sodoende is die kumulatiewe persentasie wat verwerf is, bepaal volgens die gegewe tabel (Tabel 3.1. p. 83). Die uitslae is aan die navorser gestuur met kumulatiewe persentasies vir elke respondent, asook'n kort interpretasie van elke respondent se toetsbevindinge. Die respondente se emosionele intelligensie is deur middel van vier vlakke geklassifiseer, naamlik, baie goed, goed, gemiddeld of swak.

3.2. Parenting Styles and Dimensions Questionnaire (PSDQ)

Hierdie vraelys vorm deel van die meetinstrumente wat gebruik is om die studie se data in te samel. Die navorser het dit nodig geag om hierdie vraelys in te sluit om te verseker dat die empiriese data se verstaanbaarheid sodoende verhoog word.

3.2.1. Toets administrasie

Die PSDQ-vraelys bestaan uit 32 stellings en is deur Robinson, Mandleco, Olsen en Hart (2001) ontwikkel om nie net bloot die verskillende ouerskapstyle van ouers uit te wys nie, maar ook om die gebruik van die verskillende dimensies van die ouerskapstyle te identifiseer. Die navorser verwys na Bylaag 3 (p. 126), vir 'n kopie van die PSDQ.

Die vraelys is aan 28 ouers gestuur, wat skriftelike toestemming daarvoor aan die navorser gegee het. Die vraelys het bestaan uit vraelys wat vaders oor hulle eie ouerskap moes invul en uit vraelys wat moeders oor vaders se ouerskap moes invul. Die ouers is versoek om die vraelyste binne een week weer aan die navorser terug te besorg. Die responskoers was 85%, wat beteken dat 24 voltooide vraelyste terugontvang is.

3.2.2. Nasien van PSDQ

Die PSDQ bepaal nie die dominante ouerskapstyl van ouers nie, maar tot watter mate die ouers die verskillende dimensies van die drie hoofouerskapstyle in hulle ouerskapstyl gebruik. Die drie hoofouerskapstyle is die gesaghebbende (demokratiese) ouerskapstyl, die outoritêre ouerskapstyl en die permissiewe ouerskapstyl. Ouers ken aan elke stelling 'n waarde toe op grond van hoe gereeld hulle, of hulle eggenoot op 'n sekere manier teenoor die betrokke kind optree. Die waardes is as volg: 1 = Nooit, 2 = So nou en dan, 3 = Omtrent 50% van die tyd, 4 = Baie gereeld en 5 = Altyd. Die drie ouerskapstyle se verskillende dimensies sal kortliks bespreek word:

3.2.2.1. Gesaghebbende ouerskapstyl (Faktor 1)

Volgens die PSDQ bevat die gesaghebbende (demokratiese) ouerskapstyl die volgende drie dimensies (Robinson *et al.*, 2001:301):

- 'n Verhoudingsdimensie (subfaktor 1) met ondersteuning en warmte as karaktertrekke wat bepaal word deur die beantwoording van vyf vrae in die vraelys. Die rou punt van hierdie dimensie word dus bepaal deur die som van die waardes wat toegeken is aan die vyf betrokke vrae en dan te deel deur 25 (Robinson *et al.*, 2001:301).
- 'n Redeneringsdimensie (subfaktor 2) met redenering en gewilligheid as karaktertrekke wat bepaal word deur die beantwoording van vyf vrae in die vraelys. Die rou punt van hierdie dimensie word dus bepaal deur die som van die waardes wat toegeken is aan die vyf betrokke vrae en dan te deel deur 25 (Robinson *et al.*, 2001:301).
- 'n Demokratiese deelnamedimensie (subfaktor 3) met demokratiese deelname as karaktertrek wat bepaal word deur die beantwoording van vyf vrae in die vraelys. Die rou punt van hierdie dimensie word dus bepaal deur die som van die waardes wat toegeken is aan die vyf betrokke vrae en dit dan te deel deur 25 (Robinson *et al.*, 2001:301).

3.2.2.2. Outoritêre ouerskapstyl (Faktor 2)

Volgens die *PSDQ* bevat die outoritêre ouerskapstyl die volgende drie dimensies:

- 'n Fisiese dwangdimensie (subfaktor 1) met fisiese lyfstraf as karaktertrek wat bepaal word deur die beantwoording van vier vrae in die vraelys. Die rou punt van hierdie dimensie word dus bepaal deur die som van die waardes toegeken aan die betrokke 4 vrae wat dan deur 20 gedeel word (Robinson *et al.*, 2001:302).
- 'n Verbale vyandigheidsdimensie (subfaktor 2) met woede en kritesing as karaktertrekke wat bepaal word deur die beantwoording van vier vrae in die vraelys. Die rou punt van hierdie dimensie word dus bepaal deur die som van die waardes toegeken aan die betrokke 4 vrae wat dan deur 20 gedeel word (Robinson *et al.*, 2001:302).
- 'n Strafdimensie (subfaktor 3) wat gekenmerk word deur 'n ouer wat kinders straf met min of sonder enige verduideliking, wat bepaal word deur die beantwoording van vier vrae in die vraelys. Die rou punt van hierdie dimensie word dus bepaal deur die som van die waardes toegeken aan die betrokke 4 vrae wat dan deur 20 gedeel word (Robinson *et al.*, 2001:302).

3.2.2.3 Permissiewe ouerskapstyl (Faktor 3)

Volgens die *PSDQ* bestaan die permissiewe ouerskapstyl slegs uit een dimensie, naamlik:

- 'n Inskiklikheidsdimensie wat gekenmerk word deur ouers wat dreigemente van straf en dissiplineringsgebruik om kinders te dissiplineer, maar selde ooit die dreigemente uitvoer. Die teenwoordigheid van dié karaktertrek word bepaal deur die beantwoording van vyf vrae in die *PSDQ*. Die rou punt van hierdie dimensie word dus bepaal deur die som van die waardes toegeken aan die betrokke vyf vrae wat deur 25 gedeel word (Robinson *et al.*, 2001:301).

4. Data-insameling

Gedurende die studie is die volgende prosedures gevolg:

- 'n Laerskool in Klerksdorp is genader en die navorsingsvoorstel is aan die hoof en beheerliggaam voorgelê. Toestemming is skriftelik verkry om die navorsing by dié skool te doen.
- Temas is geïdentifiseer volgens die onderwerp van die navorsing en 'n literatuurstudie is onderneem en voltooi soos uiteengesit in hoofstuk twee.
- Die graad 2-dogters is deur die navorser as respondente geïdentifiseer en daar is toestemmingsbriewe aan al die graad 2-dogters gestuur wie se ouers nie geskei was nie. Hierdie voorwaarde was een van die voorafbepaalde kriteria vir toelating tot die studie. Toestemmingsbriewe vir deelname aan die studie is deur die ouers aan die skool teruggestuur waar die navorser dit ontvang het. Uit die moontlike 46 graad 2-dogters het 28 se ouers toestemming verleen tot deelname aan die studie.
- *PSDQ*-vraelyste is aan 28 ouerpare gestuur, met vraelyste vir die vaders om te voltooi ten opsigte van hulle eie ouerskapstyl asook vraelys vir die moeders om te voltooi ten opsigte van die vaders se ouerskapstyl. Die ouerpare is versoek om die voltooide vraelyste binne 'n week terug te stuur aan die skool. Uit die 28 ouerpare is 24 voltooide stelle vraelyste terugontvang. Die 28 graad 2-dogters wie se ouers toestemming verleen het tot deelname, is deur 'n psigometris getoets met behulp van die CEI om hulle vlak van emosionele intelligensie te bepaal. Die toetsing het plaasgevind by die skool en is oor 'n tydperk van vier dae afgehandel.
- Die analise en kwalifisering van ingesamelde data deur middel van die twee meetinstrumente is voltooi en word in hoofstuk drie uiteengesit.
- Die implikasie en bevindings van die studie word in hoofstuk vier bespreek en areas vir moontlike verdere navorsing word aangedui.

Die empiriese data sal vervolgens ontleed word met die behulp van statistiese ontleding en grafiese voorstellings. Daar sal ook aandag gegee word aan integrering en interpretering van bevindings.

5. Statistiese ontleding van empiriese data, interpretering en integrering van bevindings

Aangesien die studie kwantitatief van aard was is statistiese analise uitgevoer. Statistiese analise behels die kategorisering, ontleding, herrangskikking, manipulasie en opsomming van data ten einde die navorsingsprobleem aan te spreek (Kruger *et al.*, 2005:218). Beskrywende statistiek is gebruik om die data te analiseer, ontleed en te interpreteer. Leedy *et al.* (2005:30) definieer beskrywende statistiek as die opsomming van die algemene beeld van die ingesamelde data. *Smith's Statistical Package* (2005) is gebruik om die analyses te doen.

Die kumulatiewe rou punt van 'n groep data is volgens Kruger *et al.* (2005:234) die beste mate van voorspelling wat gebruik kan word tydens beskrywende statistiek. Kumulatiewe rou punte verwys na die gemiddeld van 'n groep data wat ingesamel is terwyl die standaardafwyking die vierkantswortel is van die afwyking, wat gebruik word om die verspreiding van die data aan te dui (Haslam & McGarty, 2003: 152). Die gebruik van die standaardafwyking is een van die mees betroubare aanduidings van die verspreiding van data (Kruger *et al.*, 2005:235). Die standaardafwyking van 'n groep data is 'n aanduiding of die data verspreid genoeg is om sodoende die data te kan veralgemeen (vergelyk Huysamen, 1991:65; Kruger *et al.*, 2005:235). Volgens Huysamen (1991:64) is die ideale standaardafwyking tussen drie waardes meer en drie waardes minder as die kumulatiewe rou punt van die verdeling.

Staneges is aangewend deur die CEI om die respondente se vlak van emosionele intelligensie aan te dui. Staneges is skale wat aangewend word in normtabelle wat gebruik word vir die evaluering van die respondente se rou data wat behaal is in die betrokke meetinstrument (Cilliers, 2004:74).

Die data bekom deur die toetsing van graad 2-dogters se emosionele intelligensie is geanaliseer deur die bepaling van die rou punte en die standaardafwyking van die kumulatiewe rou punt sowel as die standaardafwyking van die rou punte van die vyf onderafdelings waaruit die toets saamgestel is.


5.1. Emosionele intelligensie toets (CEI)

Die steekproef het bestaan uit 24 (n=24) graad 2-dogters, wat tydens skoolure geevalueer is om hulle vlak van emosionele intelligensie te bepaal. Die afbakenings waarvolgens die vlak van emosionele intelligensie aangedui word, kan hieronder gevind word in Tabel 3.1. soos aangedui deur Cilliers (2004:76).

Tabel 3.1. – Beskrywings van stanegeskaal en persentasietoekenning van CEI (Cilliers, 2004:76)

<u>STANEGE</u>	<u>KUMULATIEWE %</u>	<u>BESKRYWING</u>
1	4.01%	Baie swak
2	10.56%	Swak
3	22.66%	
4	40.13%	
5	59.87%	Gemiddeld
6	77.34%	
7	89.44%	
8	95.99%	Goed
9	100%	

Vanuit die empiriese data soos uiteengesit in Figuur 3.1., kan die 24 respondente se punte soos volg weergegee word: 50% (n=12) het goeie emosionele intelligensie getoon en volgens Tabel 3.1. staneges van 4, 5 of 6 behaal, 33% (n=8) het gemiddelde emosionele intelligensie getoon en volgens Tabel 3.1. staneges van 7 of 8 behaal en laastens het 17% (n=4) 'n baie goeie vlak van emosionele intelligensie getoon en 'n stanege van 9 behaal.



Figuur 3.1. Verspreiding van die emosionele intelligensie tellings

Na aanleiding van bogenoemde data is dit duidelik dat die persentasie (17%) respondente se emosionele intelligensie baie goed is, terwyl die helfte van die respondente wat getoets is 'n goeie vlak van emosionele intelligensie toon en derde (33%) van die respondente 'n gemiddelde vlak van emosionele intelligensie toon. Tydens die studie het geen respondente se emosionele intelligensie as swak gemeet nie.

Tabel 3.2. dui die punte aan wat behaal is deur die graad 2-respondente in elk van die vyf onderafdelings, naamlik: Optimisme, Impulsbeheer, Herken en beheer van eie emosies, Empatie en Interpersoonlike vaardighede. Die kumulatiewe rou punt van hierdie groep data is bereken as 0.8671. Die standaardafwyking van hierdie groep data is bereken as 0.1435 (soos aangedui in Tabel 3.2.), wat daarop dui dat die verspreiding van die data aanvaarbaar is, aangesien die verskil tussen die kumulatiewe rou punt en die standaardafwyking 0.7236 is (Huysamen, 1991:64).

Die standaardafwykings van die vyf onderafdelings van emosionele intelligensie is bepaal soos aangedui in Tabel 3.2.

Tabel 3.2. – Standaardafwykings van onderafdelings van CEI


Optimisme	0.2216
Impulsbeheer	0.1738
Herken en beheer van eie emosies	0.2078
Empatie	0.1500
Interpersoonlike vaardighede	0.1435

Bogenoemde standaardafwykings is'n goeie aanduiding dat die data goed verspreid is en nie te ver uit mekaar is nie. Die data kan gesien word'n goeie aanduiding van die algemene populasie se emosionele intelligensie tellings as gevolg hiervan (Leedy *et al*, 2005:261). In Tabel 3.3. word die rou punte waarvan die standaardafwykings van die onderafdelings van die CEI bepaal is, aangedui.

Tabel 3.3. – Rou punte van dogters se CEI-toets en standaardafwykings

-	OPTIMISME		IMPULSBEHEER		HERKEN & BEHEER VAN EIE EMOSIES		EMPATIE		INTERPERS. VD		UITSLAG		
	Nav. Nr.	KUMULATIEWE PERSENTASIE	STANEGE	KUMULATIEWE PERSENTASIE	STANEGE	KUMULATIEWE PERSENTASIE	STANEGE	KUMULATIEWE PERSENTASIE	STANEGE	KUMULATIEWE PERSENTASIE	STANEGE	KUM % BEHAAL	STANEGE
1	100	100%	9	100%	9	59.87%	5	100%	9	89.44%	7	100%	9
2	101	100%	9	89.44%	7	89.44%	7	100%	9	89.44%	7	95.99%	8
3	104	100%	9	59.87%	5	77.34%	6	100%	9	100%	9	95.99%	8
4	106	59.89%	5	59.87%	5	100%	9	100%	9	77.34%	6	77.34%	6
5	107	89.44%	7	89.44%	7	100%	9	100%	9	77.34%	6	95.99%	8
6	109	100%	9	89.44%	7	100%	9	100%	9	89.44%	7	100%	9
7	110	89.44%	7	100%	9	59.87%	5	89.44%	7	77.34%	6	95.99%	8
8	111	77.34%	6	100%	9	89.44%	7	89.44%	7	100%	9	89.44%	7
9	112	89.44%	7	100%	9	100%	9	89.44%	7	100%	9	100%	9
10	113	89.44%	7	40.13%	4	59.87%	5	59.87%	5	89.44%	7	59.87%	5
11	115	100%	9	89.44%	7	59.87%	5	100%	9	100%	9	95.99%	8
12	116	22.66%	3	59.87%	5	100%	9	59.87%	5	77.34%	6	59.87%	5
13	119	77.34%	6	89.44%	7	22.66%	3	100%	9	89.44%	7	77.34%	6
14	121	77.34%	6	89.44%	7	59.87%	5	89.44%	7	77.34%	6	77.34%	6
15	126	77.34%	6	89.44%	7	100%	9	100%	9	100%	9	95.99%	8
16	127	59.87%	5	89.44%	7	89.44%	7	100%	9	89.44%	7	77.34%	6
17	129	22.66%	3	89.44%	7	100%	9	59.87%	5	59.87%	5	59.87%	5
18	131	89.44%	7	59.87%	5	89.44%	7	100%	9	89.44%	7	89.44%	7
19	133	100%	9	100%	9	59.87%	5	100%	9	89.44%	7	95.99%	8
20	136	89.44%	7	59.87%	5	100%	9	100%	9	77.34%	6	95.99%	8
21	138	89.44%	7	89.44%	7	59.87%	5	100%	9	100%	9	89.44%	7
22	139	89.44%	7	100%	9	89.44%	7	100%	9	89.44%	7	95.99%	8
23	140	59.87%	5	89.44%	7	89.44%	7	59.87%	5	40.13%	4	59.87%	5
24	144	100%	9	100%	9	89.44%	7	100%	9	100%	9	100%	9
ROU PUNT		0.8124		0.8431		0.8105		0.9155		0.8621		0.8671	
STD AFW		0.2216		0.1738		0.2078		0.1500		0.1432		0.1435	

As Tabel 3.3. verder in detail ontleed word, is dit duidelik dat die kumulatiewe rou punt van die data verkry vir die onderafdeling van empatie (0.9155) aansienlik hoër is as die onderafdeling van herken en beheer van eie emosies (0.8105) wat die laagste gemeet het. Naas empatie het die onderafdeling van interpersoonlike vaardighede die hoogste gemeet (0.8621) en daarna impulsbeheer (0.8431). Die onderafdeling optimisme het die tweede laagste (0.8124) gemeet. Die kumulatiewe rou punte van die vyf onderafdelings word in Figuur 3.2. grafies uitgebeeld.



Figuur 3.2. Verspreiding van rou punt-waardes van vyf vaardighede van emosionele intelligensie

Die grafiese voorstelling dui aan dat interpersoonlike vaardighede die tweede beste ontwikkel is naas empatie. Dit is kommerwekkend dat die graad 2-respondente wat getoets is kumulatief die swakste gevaar het in die onderafdeling, Herken en beheer van eie emosies. Die onderafdeling, Optimisme, het die tweede laagste getoets, en die navorser is van mening dat hierdie neiging moontlik nagevors kan word om die impak van Suid-Afrika se huidige misdaadsyfers op optimisme te bepaal.

5.2. Ouerskapstyle en dimensie meting (PSDQ)

Vier en twintig *PSDQ* vraelyste is van ouers terugontvang. Die vaders en moeders se *PSDQ* is nagesien, soos deur die navorser uiteengesit in subafdeling 3.2.2. (p. 79). Die data word in Bylaag 4 (p.132) uiteengesit. Vir die doel van klassifisering is die gemiddelde rou punte van die vaders en moeders bepaal. Vir die doel van ontleding sal hierdie punte as die rou punt van die vaders se toetsing gebruik word.

Tabel 3.4. – Rou punte en standaardafwykings van die *PSDQ*


	Gesaghebbende ouerskapstyl (Faktor 1)	Outoritêre ouerskapstyl (Faktor 2)	Permissiewe ouerskapstyl (Faktor 3)
Kumulatiewe rou punt	0.7758	0.3500	0.4150
Standaardafwyking	0.0880	0.0864	0.0920

Tabel 3.4. dui aan dat die standaardafwykings van die drie oorkoepelende ouerskapstyle minder is as 0.5. Dit is aanduiding dat die data goed verspreid is aangesien dit nie met meer as 3 waardes verskil van die kumulatiewe rou punte nie. Data wat goed verspreid is, kan gesien word as 'n realistiese verteenwoordiging van die algemene populasie (Leedy *et al.*, 2005:261). Die kumulatiewe rou punte dui aan dat die gesaghebbende ouerskapstyl ($x=0.7758$) die mees algemene ouerskapstyl is wat deur vaders van die graad 2-respondente toegepas word, en dat die permissiewe ouerskapstyl ($x=0.4150$) die tweede meeste toegepas word deur graad 2-respondente se vaders.

Aangesien die meerderheid van die vaders aangetoon het dat hulle oorkoepelend gebruik maak van die gesaghebbende ouerskapstyl, het die navorser dit goed gedink om die dimensies van die verskillende ouerskapstyle, soos uiteengesit in die *PSDQ*, te analiseer en die integrering van die data daarop te baseer.

5.2.1. Gesaghebbende ouerskapstyl


Die eerste dimensie wat ondersoek is, was Faktor 1 (gesaghebbende ouerskapstyl) se subfaktor 1, naamlik die dimensie van verhoudings. Die kumulatiewe rou punt van hierdie dimensie was 0.8567 en die standaardafwyking 0.0970. Die tweede dimensie van Faktor 1 was die dimensie van redenering waarvan die kumulatiewe rou punt 0.79 was en die standaardafwyking 0.1166. Die dimensie van demokratiese deelname was die laaste dimensie van Faktor 1 wat gemeet is, en dié dimensie se kumulatiewe rou punt was 0.6825 en die standaardafwyking 0.0975. Al drie bogenoemde dimensies se standaardafwykings was 'n aanduiding dat die data goed verspreid is wat aandui dat die data veralgemeen kan word op die normale populاسie. Die goeie verspreiding dui aan dat die ingesamelde data verteenwoordigend is van die algemene populاسie wat die waarde van die studie verhoog (Huysamen, 1991:63). Figuur 3.3'n grafiese voorstelling van die voorafgaande paragraaf se inhoud.



Figuur 3.3. Verspreiding van rou punte en standaardafwykings van Faktor 1 se dimensies

5.2.2. Outoritêre ouerskapstyl

Faktor 2 (outoritêre ouerskapstyl) bestaan ook uit drie dimensies soos Faktor 1. Die eerste subfaktor behels die dimensie van fisiese dwang en die kumulatiewe rou punt vir hierdie dimensie was 0.3417 en die standaardafwyking 0.0924. Die tweede subfaktor, die dimensie van verbale vyandigheid, het 'n kumulatiewe rou punt van 0.3858 getoon en 'n standaardafwyking van 0.1267. Die dimensie van straf, subfaktor 3, se kumulatiewe rou punt was 0.3254 en die standaardafwyking 0.0908. Al drie bogenoemde dimensies se standaardafwykings was aanduiding dat die data goed verspreid voorkom en goeie waardes is vir veralgemening op die algemene populasie van graad 2-dogters se vaders in Klerksdorp. Figuur 3.4. is grafiese voorstelling van die voorafgaande paragraaf.



Figuur 3.4. Verspreiding van rou punte en standaardafwykings van Faktor 2 se dimensies

5.2.3. Permissiewe ouerskapstyl

Faktor 3 (permissiewe ouerskapstyl) bestaan slegs uit een dimensie, die insiklikheidsdimensie en die kumulatiewe rou punt van die respondente was 0.4150 en die standaardafwyking is aangedui as 0.0920. Die verskil tussen die kumulatiewe rou punt en die

standaardafwyking is bereken as 0.323, wat beteken dat die verspreiding van die data veralgemeenbaar is op die algehele populasie van vaders van graad 2-dogters wat die toepasbaarheid van die studie bevestig (Leedy *et al.*, 2005:261).

Na aanleiding van die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat die gesaghebbende ouerskapstyl se eerste dimensie, naamlik die verhoudingsdimensie, die meeste deur die vaders betrokke by die studie toegepas word.

5.3. Integrering van data van die PSDQ en die CEI

Die klassifisering van die graad 2-respondente se emosionele intelligensie is ingedeel in vier kategorieë, naamlik: baie goed, goed, gemiddeld en swak. Soos reeds genoem is 50% (n = 12) van die dogters in die steekproef geïdentifiseer met 'n goeie emosionele intelligensie, 33% (n = 8) met gemiddelde emosionele intelligensie en slegs 17% (n = 4) met baie goeie emosionele intelligensie.


Die doelstelling van die studie was om die verband tussen vaders se ouerskapstyle en graad 2-dogters se emosionele intelligensie te bepaal en die korrelering van die twee stelle versamelde data kan gesien word as die kernaspek van die studie wat vervolgens beskryf sal word.

5.3.1. Respondente met 'n baie goeie emosionele intelligensie

In Bylaag 6 (p. 138) word die empiriese data van die PSDQ voorgehou van die respondente wat getoets het met baie goeie emosionele intelligensie. Na aanleiding van die data vervat in Bylaag 6 (p. 138) kan die volgende stelling geformuleer word:

Vaders wie se dogters oor 'n baie goeie emosionele intelligensie beskik, behaal hoogste punte in die eerste ouerskapstyl, Faktor 1 – gesaghebbende ouerskapstyl en die laagste punte in Faktor 2 – outoritêre ouerskapstyl.

Dié stelling word grafies in Figuur 3.5. voorgestel.




Figuur 3.5. Dogters met'n baie goeie emosionele intelligensie se PSDQ-rou punte in verskillende ouerskapstyle verdeel

Die dogters met'n baie goeie emosionele intelligensie se vaders het die volgende kumulatiewe rou punte onderskeidelik behaal vir die volgende verskillende dimensies van Faktor 1 (gesaghebbende ouerskapstyl):

- Verhoudingsdimensie - 0.81
- Redeneringsdimensie - 0.75
- Demokratiese deelname-dimensie - 0.67

Die tellings dui daarop dat dogters 'n baie goeie emosionele intelligensie se vaders meer gebruik maak van die verhoudingsdimensie as enige van die ander dimensies van die gesaghebbende ouerskapstyl en dat die ander dimensies daaropvolgende rangorde inneem. Hierdie vaders behaal dan ook baie laer punte in die ander ouerskapstyle se dimensies met die hoogste telling in Faktor 2 (outoritêre ouerskapstyl) se subfaktor 2, verbale vyandigheid, met 'n rou punt van 0.38 en die laagste telling in subfaktor 3, strafdimensie, van Faktor 2 (outoritêre ouerskapstyl). Die strafdimensie se rou punt is 0.29. Bogenoemde data word omvat in Figuur 3.6.



Figuur 3.6. Waardes van vaders (dogters met'n baie goeie emosionele intelligensie) in elk van die verskillende subfaktore

5.3.2. Respondente met 'n goeie emosionele intelligensie


In Bylaag 7 (p. 140) word die empiriese data van die vaders wie se dogters getoets het met'n goeie emosionele intelligensie, weergegee en ingedeel volgens die verskillende faktore (ouerskapstyle). Na aanleiding van die data vervat in Bylaag 7 (p. 140) kan die volgende stelling geformuleer word:

Vaders wie se dogters'n goeie emosionele intelligensie behaal het, neig om die hoogste punte te behaal in die eerste ouerskapstyl, Faktor 1 – gesaghebbende ouerskapstyl en die laagste punte te behaal in Faktor 2 – outoritêre ouerskapstyl.

Die dogters met'n goeie emosionele intelligensie se vaders het die volgende kumulatiewe rou punte onderskeidelik behaal in die volgende verskillende dimensies van Faktor 1 (gesaghebbende ouerskapstyl):

- Verhoudingsdimensie - 0.86
- Redeneringsdimensie - 0.81
- Demokratiese deelname-dimensie - 0.69

Dit word vervolgens grafies in Figuur 3.7. voorgestel.




Figuur 3.7. Dogters met'n goeie emosionele intelligensie se *PSDQ*-roupunte in verskillende ouerskapstyle verdeel

Die tellings dui daarop dat dogters met'n goeie emosionele intelligensie se vaders meer gebruik maak van die verhoudingsdimensie as enige van die ander dimensies van die gesaghebbende ouerskapstyl en dat die ander dimensies daaropvolgende rangorde inneem. Dié vaders behaal die volgende punte in die ander subfaktore (dimensies) wat hier onder in dalende rangorde verskyn:

- Redeneringsdimensie (Faktor 1) - 0.81
- Demokratiese deelname-dimensie (Faktor 1) - 0.69
- Inskiklikeidimensie (Faktor 3) - 0.40
- Verbale vyandigheidsdimensie (Faktor 2) - 0.39
- Strafdimensie (Faktor 2) - 0.31
- Fisiese dwangdimensie (Faktor 2) - 0.29

Bogenoemde data word grafies in Figuur 3.8. uitgebeeld.




Figuur 3.8. Waardes van vaders (dogters met'n goeie emosionele intelligensie) in elk van die verskillende subfaktore

5.3.3. Respondente met 'n gemiddelde emosionele intelligensie

In Bylaag 8 (p. 143) word die empiriese data van die vaders wie se dogters getoets het met gemiddelde emosionele intelligensie, weergegee en word ingedeel volgens die verskillende faktore (ouerskapstyle).

Na aanleiding van die data vervat in Bylaag 8 (p. 143) kan die volgende stelling geformuleer word: *Vaders wie se dogters gemiddelde emosionele intelligensie behaal het, neig om die hoogste punte te behaal in die eerste ouerskapstyl, Faktor 1 – gesaghebbende ouerskapstyl en die laagste punte in Faktor 2 – outoritêre ouerskapstyl.* Hierdie stelling word grafies voorgestel in Figuur 3.9.




Figuur 3.9. Dogters metn gemiddelde emosionele intelligensie se PSDQ-rou punte in verskillende ouerskapstyle verdeel

Die tellings dui daarop dat dogters metn gemiddelde emosionele intelligensie se vaders meer gebruik maak van die verhoudingsdimensie as enige van die ander dimensies van die gesaghebbende ouerskapstyl en dat die ander dimensies daaropvolgende rangorde inneem. Hierdie vaders behaal die volgende punte in die ander subfaktore (dimensies) wat in dalende rangorde gelys word:

- Redeneringsdimensie (Faktor 1) - 0.87
- Demokratiese deelname-dimensie (Faktor 1) - 0.68
- Inskiklikheiddimensie (Faktor 3) - 0.46
- Fisiese dwangdimensie (Faktor 2) - 0.43
- Verbale vyandigheiddimensie (Faktor 2) - 0.38
- Strafdimensie (Faktor 2) - 0.35

Bogenoemde data word in Figuur 3.10. vervat.



Figuur 3.10. Waardes van vaders (dogters met gemiddelde emosionele intelligensie) in elk van die verskillende subfaktore

Na aanleiding van bogenoemde data en die interpretasie daarvan kan die navorser die volgende stellings maak: dat vaders van dogters met baie goeie, goeie en gemiddelde emosionele intelligensie in die eerste plek die meeste gebruik maak van die verhoudingsdimensie, in die tweede plek van die redeneringsdimensie en in die derde plek van die demokratiese deelname-dimensie. Dit is egter by die dimensie wat vierde meeste gebruik word wat die verskil tussen die ouerskapstyle van vaders sigbaar word.

Die vaders met dogters wat'n baie goeie emosionele intelligensie toon, maak vierdens gebruik van die verbale vyandigheidsdimensie, terwyl vaders met dogters wat goeie sowel as gemiddelde emosionele intelligensie toon gebruik maak van die insiklikheidsdimensie. Die dimensie wat die vyfde meeste deur vaders gebruik word met dogters wat'n baie goeie emosionele intelligensie toon, is insiklikheid terwyl die vaders van dogters met goeie en gemiddelde emosionele intelligensie onderskeidelik gebruik maak van die verbale vyandigheidsdimensie en fisiese dwangdimensie.

Vaders van dogters met'n baie goeie emosionele intelligensie het verder in die volgende volgorde van die oorblywende ouerskapsdimensies gebruik

gemaak in die volgende volgorde: eerstens die fisiese dwangdimensie en tweedens die strafdimensie. Die dimensies wat die tweede minste en die minste gebruik is deur vaders van dogters met goeie emosionele intelligensie was die dimensies van straf en fisiese dwang. Vaders met dogters met gemiddelde emosionele intelligensie het die dimensies van verbale vyandigheid en straf die tweede minste en minste toegepas. Tabel 3.5. stel die data grafies voor om die vergelyking te vergemaklik.

Tabel 3.5. Voorstelling van die volgorde van ouerskapsdimensies wat deur vaders van dogters met verskillende emosionele intelligensievlakke, gebruik word.

<u>BAIE GOEIE EI</u>	<u>GOEIE EI</u>	<u>GEMIDDELDE EI</u>
1. Verhoudingsdimensie	1. Verhoudingsdimensie	1. Verhoudingsdimensie
2. Redeneringsdimensie	2. Redeneringsdimensie	2. Redeneringsdimensie
3. Demokratiese deelname-dimensie	3. Demokratiese deelname-dimensie	3. Demokratiese deelname-dimensie
4. Verbale vyandigheidsdimensie	4. Inskiklikheidsdimensie	4. Inskiklikheidsdimensie
5. Inskiklikheidsdimensie	5. Verbale vyandigheidsdimensie	5. Fisiese dwangdimensie
6. Fisiese dwangdimensie	6. Strafdimensie	6. Verbale vyandigheidsdimensie
7. Strafdimensie	7. Fisiese dwangdimensie	7. Strafdimensie

Dit blyk uit bogenoemde data dat die invloed van die vaders se ouerskapstyle op die dogters se emosionele intelligensie nie gebaseer kan word op die ouerskapstyldimensies wat die meeste benut word nie, maar wel op die ouerskapstyldimensies wat die minste benut word deur die vaders.

6. Samevatting.

Die doel van hierdie studie en literatuurstudie was om die verband tussen vaders se ouerskapstyle en die emosionele intelligensie van graad 2-dogters te ondersoek. Met die hulp van twee meetinstrumente naamlik die CEI en die PSDQ, is daar empiriese data ingesamel wat tydens hierdie hoofstuk eerstens

afsonderlik geanaliseer en tweedens vergelykings getref is om sodoende die gestelde hipoteses vir hierdie kwantitatiewe studie te bevestig of verkeerd te bewys.

Die totale steekproef het uit 24 dogters bestaan, waarvan 17% ($n = 4$) 'n baie goeie emosionele intelligensie getoon het, 50% ($n = 12$) 'n goeie emosionele intelligensie en 33% ($n = 8$) 'n gemiddelde vlak van emosionele intelligensie getoon het. Dit is vir die navorser kommerwekkend dat die graad 2-respondente wat getoets is kumulatief die swakste gevaar het in die onderafdeling, Herken en beheer van eie emosies.

Die onderafdeling Optimisme, het die tweede laagste getoets en die navorser is van mening dat hierdie neiging moontlik nagevors kan word om die impak van Suid-Afrika se huidige misdaadsyfers op optimisme te bepaal.

Vaders se ouerskapstyle is geïdentifiseer deur die onderskeie dimensies van ouerskapstyle te analiseer en te korreleer met die rou punte wat deur die respondente in die CEI behaal is. Deur die korrelering van die twee stelle data kon die navorser sekere dimensies van ouerskapstyle identifiseer wat die ontwikkeling van 'n hoër vlak van emosionele intelligensie by graad 2-dogters verhinder.

Hierdie inligting sal in hoofstuk vier weergegee word. Daar sal ook probeer word om die navorsingsprobleem aan te spreek om sodoende die gestelde hipoteses te kan bevestig of verkeerd te kan bewys. Aanbevelings en moontlike leemtes van hierdie ondersoek sal ook in hoofstuk vier aandag geniet.

HOOFSTUK 4

GEVOLGTREKKINGS, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

1. Inleiding

Die fokus van die studie was om die verband tussen vaders se ouerskapstyle en graad 2-dogters se emosionele intelligensie te bepaal. Die navorsingsprobleem word in hoofstuk een geformuleer. Hipoteses is na aanleiding hiervan gestel. Die navorsingsproses en -metodes word aangedui en die etiese aspekte wat in ag geneem is tydens die studie is ondersoek en die hoofkonsepte is gedefinieer. Volledige literatuurstudie is onderneem en word in hoofstuk twee uiteengesit.

In hoofstuk twee is daar gefokus op emosionele intelligensie – die definiëring daarvan, die identifisering van vaardighede wat bemeester moet word vir die ontwikkeling van emosionele intelligensie, die faktore wat die ontwikkeling daarvan beïnvloed asook die voorspellingswaarde van emosionele intelligensie. Die fokus het hierna na graad 2-dogters verskuif. Graad 2-dogters bevind hulle in die middelkinderjare en die navorser het gepoog om die ontwikkeling van die middelkindjare te bespreek vanuit die teoretiese perspektief van Erikson se epigenetiese ontwikkelingsteorie. Ouerskap is vervolgens gedefinieer en die fokus word dan verskuif na ouerskapstyle en die dimensies van die verskillende ouerskapstyle soos gekonseptualiseer deur die *PSDQ*, wat ingespan is as een van die meetinstrumente tydens die studie. Hoofstuk twee word afgesluit met die bespreking van die rol van vaders in dogters se ontwikkeling en faktore wat vaders se ouerskapstyle moontlik kan beïnvloed na aanleiding van twee ontwikkelingsteorieë.

Hoofstuk drie skenk aandag aan die empiriese bevindinge van die studie. Dit word bespreek, beskryf en geanaliseer. Hoofstuk vier poog eerstens om te evalueer tot watter mate die doel en doelwitte van hierdie studie bereik is en tweedens om gevolgtrekkings te formuleer. Die beperkings en tekortkominge van die studie word ook in hierdie hoofstuk bespreek en laastens word

aanbevelings na aanleiding van die navorsingsresultate geformuleer en weergegee.

2. Hersiening van navorsingsprobleem, doelstelling en doelwitte van die studie

Die probleemstelling van hierdie kwantitatiewe studie is soos volg gedefinieer:

Daar is'n gebrek aan beskikbare resente navorsing wat aan terapeute, sielkundiges, sosioloë, maatskaplike werkers en ouers die mees gepaste ouerskapstyl van vaders uitwys wat bevorderlik sal wees vir die ontwikkeling van 'n hoër vlak emosionele intelligensie by graad 2-dogters.

Die probleemstelling is aangespreek deur die uitvoering van die empiriese studie en die leemte in resente navorsing word dus aangevul deur die publikasie van die studie se bevindings.

Die doelstelling of eindbestemming wat die navorser wou bereik met die studie was om die verband tussen vaders se ouerskapstyle en graad 2-dogters se emosionele intelligensie te ondersoek. Om bogenoemde doelstelling te kon bereik is die volgende doelwitte vir die studie geformuleer:

- Om 'n geïntegreerde teoretiese kennisraamwerk saam te stel ten opsigte van beskikbare literatuur oor vaders se ouerskapstyle en die verband tussen vaders se ouerskapstyle en die ontwikkeling van emosionele intelligensie by graad 2-dogters. Om literatuur oor die ontwikkeling van kinders in die middelkinderjare en die ontwikkeling van emosionele intelligensie tydens hierdie ontwikkelingsfase te bestudeer. *Die navorser het hierdie doelwitte bereik, deur die uitvoering van 'n uitgebreide lit eratuurstudie soos in hoofstuk twee uiteengesit.*

- Om data-insameling te doen deur middel van die *PSDQ*, om die vaders van graad 2-dogters van die betrokke laerskool se ouerskapstyle te bepaal asook die gebruik van sekere dimensies van die ouerskapstyle. Die *PSDQ*-vraelyste is aan ouers gestuur en die ouers het die ingevulde vraelyste aan die navorser teruggestuur, soos versoek. *Hierdie doelwit is suksesvol bereik deur die uitvoer van die empiriese studie en die weergee van dié data in hoofstuk drie.*
- Om data-insameling te doen deur die afneem van die *CEI*-toets om die graad 2-dogters by die spesifieke laerskool se emosionele intelligensie te bepaal. *Die navorser het 'n geregistreerde psigometris gekontrakteer om die afneem van die psigometriese meetinstrument te behartig. Die proses het vier dae geneem en 24 graad 2-dogters se emosionele intelligensie is getoets. Die doelwit is dus bereik.*
- Die ontleding en evaluering van die twee meetinstrumente (*PSDQ* en *CEI*) se bevindings. *Die data van die twee meetinstrumente is weergegee, geanaliseer, beskryf en gekorreleer in hoofstuk drie wat die bereiking van die doelwit verseker het. Grafiese voorstellings word gebruik om van die data weer te gee en te verduidelik.*
- Om die bevindings volledig te bespreek sodat die verband tussen 'n spesifieke ouerskapstyl van vaders met 'n hoër vlak van emosionele intelligensie in graad 2-dogters bepaal kan word en om daarna die gevolgtrekkings weer te gee saam met aanbevelings vir verdere navorsing. *Die eerste deel van hierdie doelwit is bereik deur die besprekings in hoofstuk drie. Die gevolgtrekkings, bevindings en aanbevelings sal aangespreek word in hoofstuk vier.*

Deur die bereiking van die bogenoemde doelwitte, kan die aanname gemaak word dat die doelstelling van die studie bereik is. Die gevolgtrekkings wat

hierna volg, word geformuleer na aanleiding van die bevindings van die empiriese studie.

3. Gevolgtrekkings na aanleiding van empiriese ondersoek

Tydens die uitvoer van hierdie kwantitatiewe studie, is daar eerstens psigometriese vraelyste aan ouers van die respondente verskaf om die vaders se ouerskapstyle en dimensies van hulle ouerskapstyle te bepaal. Daarna is die respondente aan psigometriese toetsing blootgestel om die vlak van hulle emosionele intelligensie te bepaal.

Vaders se ouerskapstyle is volgens die indeling van Baumrind (1966) geklassifiseer, naamlik die gesaghebbende ouerskapstyl, outoritêre ouerskapstyl en die permissiewe ouerskapstyl. Die vaders se gebruik van die verskillende ouerskapstyle se dimensies is ook bepaal en aangedui.

Die data het aangedui dat die gesaghebbende ouerskapstyl die mees algemene ouerskapstyl vir die vaders van die graad 2-respondente blyk te wees. Na aanleiding hiervan het die navorser dit goed gedink om die dimensies van die verskillende ouerskapstyle te analiseer en die integrering van die data daarop te baseer. Die analise van die data het aangedui dat die gesaghebbende ouerskapstyl se verhoudingsdimensie die meeste gebruik word deur 100% van die vaders wat aan die uitgevoerde studie deelgeneem het.

Die graad 2-dogters se emosionele intelligensie deur die gebruik van die CEI bepaal. Die klassifisering van die vroulike respondente se emosionele intelligensie is in vier kategorieë verdeel naamlik: baie goed, goed, gemiddeld en swak.

Na aanleiding van die analisering van die data is daar bepaal dat 50% van die graad 2-dogters se emosionele intelligensie op goeie vlak getoets het, 33% op 'n gemiddelde vlak en 17% het op 'n baie goeie vlak getoets.

Dit is vir die navorser ook beduidend as die lae persentasie (17%) dogters met baie goeie emosionele intelligensie, met die vaardigheid van herken en beheer van eie emosies gekorreleer word, dat daar meer aandag geskenk moet word om hierdie vaardigheid by kinders in die middelkinderjare te ontwikkel.

Die doelstelling van die uitgevoerde studie was om te bepaal of daar bewys kan word dat spesifieke ouerskapstyd-dimensies wat deur vaders toegepas word moontlik verband hou met graad 2-dogters se emosionele intelligensievlak. Om hierdie doel te bereik was dit nodig om bogenoemde twee stelle data te integreer. Na die integrasie was die volgende duidelik:

Al die graad 2-dogters, ongeag van hulle vlak van emosionele intelligensie se vaders maak eerstens die meeste gebruik van die verhoudingsdimensie, die tweede meeste van die redeneringsdimensie en derdens van die demokratiese deelname-dimensie. Dié drie dimensies word onder die gesaghebbende ouerskapstyl geklassifiseer.

Die gebruik van verskillende dimensies deur vaders het hierna verskil tussen dogters wat met verskillende vlakke van emosionele intelligensie getoets is. Die verskille sal vervolgens aangedui en bespreek word.

Die respondente wie se emosionele intelligensie as baie goed getoets het se vaders het in dalende volgorde van die oorblywende ouerskapstyd-dimensies gebruik gemaak: verbale vyandigheid-, insiklikheid-, fisiese dwang- en strafdimensie. Die vaders wie se dogter getoets het met'n goeie en gemiddelde emosionele intelligensie het in die vierde plek die meeste gebruik gemaak van die insiklikheidsdimensie.

Dogters met'n goeie emosionele intelligensie se vaders het verder van ouerskapstyd-dimensies in die volgende volgorde gebruik gemaak: verbale vyandigheid-, straf- en fisiese dwangdimensie. Dogters met'n

gemiddelde emosionele intelligensie se vaders het weer van die ouerskapstyldimensies in die volgende volgorde gebruik gemaak: fisiese dwang-, verbale vyandigheid- en strafdimensie.

Die gevolgtrekking wat uit die analise van die bogenoemde data gemaak kan word, is dat die invloed van die vaders se ouerskapstyle op die dogters se emosionele intelligensie nie gebaseer moet word op watter van die ouerskapstyldimensies die meeste gebruik word nie, maar wel op die ouerskapstyldimensies wat die minste deur die vaders gebruik word.

Die integrering van bogenoemde bevindings is verantwoordelik vir die aanspreek van die navorsingsprobleem, sowel as die bevestiging of verwerping van die gestelde hipoteses in hoofstuk een.

4. Aanspreek van navorsingsprobleem en bevestiging van hipotese

Aangesien die totale steekproef van respondente se vaders aangedui het dat hulle van die gesaghebbende ouerskapstyl gebruik maak, is dit nie moontlik om aan te dui watter ouerskapstyl kan dui op die optimale ontwikkeling van emosionele intelligensie by graad 2-dogters nie. Dit is wel moontlik om aan te dui watter van die ouerskapstyldimensies, soos bepaal deur die PSDQ, die minste gebruik moet word deur vaders om die ontwikkeling van hoër vlak van emosionele intelligensie by hulle graad 2-dogters te ondersteun.

Die bevindings van die studie is dus as volg:

Om die ontwikkeling van hoër vlak van emosionele intelligensie by graad 2-dogters te ondersteun, is dit vir vaders nodig om die dimensies van die gesaghebbende ouerskapstyl die meeste te gebruik en die dimensies van straf en fisiese dwang onderskeidelik die minste en tweede minste in hulle ouerskapstyl te gebruik.

Die navorser stel voor dat die dimensie van verhouding die meeste benut word deur vaders en die dimensie van straf die minste, om die ontwikkeling van 'n hoër vlak van emosionele intelligensie in hulle dogters te bevorder. Die aanbeveling is ook die oorblywende dimensies in die volgende volgorde benut word deur die vaders: redeneringsdimensie, demokratiese deelname-dimensie, verbale vyandigheiddimensie, insiklikheiddimensie en laastens die fisiese dwangdimensie.

Die hipoteses geformuleer vir hierdie studie is as volg in hoofstuk een weergegee:

Hipotese 0: Daar is 'n verband tussen die vaders se ouerskapstyle en die vlak van emosionele intelligensie van graad 2-dogters;

Hipotese 1: Daar is geen verband tussen die vaders se ouerskapstyl en die vlak van emosionele intelligensie van graad 2-dogters nie.

Na aanleiding van bogenoemde bevindings van die studie word Hipotese 0 bevestig en Hipotese 1 verwerp.

Die volgende beperkings en tekortkominge is geïdentifiseer na aanleiding van die bogenoemde bevindinge.

5. Tekortkominge van studie en aanbevelings vir toekomstige studies

Die navorser kan ná die uitvoer van die studie die volgende beperkings en tekortkominge ten opsigte van die studie uitlig:

- Die steekproefgrootte van die studie was beperk. Die studie is slegs met graad 2-dogters van een laerskool uitgevoer en is deur die navorser as 'n loodsstudie beskou. 'n Aanbeveling vir toekomstige studies is dat die steekproef vergroot word om moontlik graad 2-respondente van verskeie dorpe en provinsies te betrek.

- Die respondente wat aan die studie deelgeneem het se moedertaal was Afrikaans. Toekomstige studies kan hierdie beperking uitskakel deur die steekproef te vergroot om sodoende meer van Suid-Afrika se elf landstale in te sluit.
- Die *PSDQ* is gebruik om die ouerskapstyle van vaders te bepaal en is deur die navorser as 'n beperking tot die geldigheid van die studie ervaar. Hierdie vraelys sluit vrae oor fisiese straf in. In Suid-Afrika dui die nuwe Kinderwet, Wet 38 van 2005 (Children's Amendment Act, 2008:36) aan dat geen straf wat kinders verkleineer toedien mag word nie. Die navorser het gevind dat die meeste van die vaders aangedui het dat hulle nog nooit van fisiese straf gebruik gemaak het vir die dissiplinerings van hulle dogters nie. Die navorser het oor geen metode beskik om te bepaal of die vaders se beantwoording van hierdie tipe vrae, beïnvloed is deur die vrees vir moontlike sosiale diskriminasie of verwerping nie. Die aanbeveling vir toekomstige studies is om gebruik te maak van 'n onderhoude met die vaders na die afneem van die *PSDQ* om hierdie aanname te ondersoek.
- 'n Verdere aanbeveling vir toekomstige studies, is om die swak vertoning van optimisme by graad 2-dogters te ondersoek om die moontlike impak van Suid-Afrika se misdadaasies hierop te bepaal asook moontlike ander faktore verantwoordelik vir hierdie verskynsel deur die uitvoering van kwalitatiewe studies te ondersoek. Die ontwikkeling van 'n program om die ontwikkeling van optimisme by laerskool kinders te bevorder kan moontlik hierby ingesluit word asook aanbevelings aan skole om die ontwikkeling daarvan aan te spreek in die vakgebied van Lewens Oriëntering.

Ongeag die tekortkominge en beperkings van die studie, was die navorser in staat om die studie suksesvol af te handel en die bevindings weer te gee.

6. Samevatting

Die studie het bygedra tot beskikbare literatuur oor die invloed van vaders se ouerskapstyle op dogters se emosionele intelligensie. 'n Natgebreide literatuurstudie wat ouerskapstyle, die dimensies van verskillende ouerskapstyle, emosionele intelligensie en die ontwikkeling van kinders in hulle middelkinderjare ingesluit het, is die ouerskapstyle van vaders geïdentifiseer. Die gesaghebbende ouerskapstyl word deur 50% (N=24) van die vaders die meeste gebruik, terwyl die permissiewe ouerskapstyl deur 27% van die vaders toegepas word en die outoritêre ouerskapstyl deur slegs 23% van die vaders.

Tydens die bepaling van vaders se ouerskapstyle is die gebruik van verskillende dimensies van die drie ouerskapstyle, soos aangedui deur die meetinstrument, *Parenting Styles and Dimensions Questionnaire (PSDQ)* ook geïdentifiseer. Die totale steekproef van vaders het aangetoon dat hulle die meeste van die verhoudingsdimensie (gesaghebbende ouerskapstyl) gebruik maak. Die dimensie wat die minste deur die vaders gebruik word, is die dimensie van straf wat onder die outoritêre ouerskapstyl val.

Graad 2-dogters, wat huidig in die middelkinderjare-ontwikkelingsfase is, se emosionele intelligensie is bepaal deur die gebruik van die Cilliers Emosionele Intelligensie Toets (CEI). Hierdie meetinstrument se bevindings het aangedui dat uit die steekproef van 24 respondente, slegs 17% oor 'n baie goeie vlak van emosionele intelligensie beskik. Die helfte (50%) van die respondente het oor 'n goeie vlak van emosionele intelligensie beskik, terwyl 33% met 'n gemiddelde emosionele intelligensie getoets is. Onderskeid is ook getref tussen die punte behaal wat behaal is vir die vyf onderafdelings van emosionele intelligensie, soos bepaal deur die CEI. Dit was kommerwekkend vir die navorser om bewyse te vind dat die graad 2-respondente kumulatief die swakste getoets het in die vaardigheid van herkenning en beheer van eie emosies. Empatie blyk die beste ontwikkelde vaardigheid van emosionele intelligensie na aanleiding van die CEI-bevindings. Bogenoemde stelle data is geïntegreer om te voldoen aan die doelstelling van die studie. Vaders van

dogters met 'n baie goeie vlak van emosionele intelligensie het aangedui dat hulle die meeste van die verhoudingsdimensie gebruik maak en dat die dimensie van straf die minste deur hulle ouerskapstyl benut word. Dogters met 'n goeie vlak van emosionele intelligensie se vaders maak die minste gebruik van die fisiese dwangdimensie en die meeste van die verhoudingsdimensie. Laastens het dogters met gemiddelde vlak van emosionele intelligensie se vaders aangedui dat die verhoudingsdimensie ook deur hulle die meeste benut word terwyl hulle die minste van die fisiese dwangdimensie gebruik maak.

'n Baie goeie vlak van emosionele intelligensie kan moontlik in graad 2-dogters verseker word indien hulle vaders die dimensie van verhouding die meeste benut en die dimensie van straf die minste.

Die bevinding van die studie is dus dat die ouerskapstydienisies wat vaders gebruik tydens die opvoeding van hulle graad 2-dogters 'n invloed sal hê op hulle vlak van emosionele intelligensie.

BIBLIOGRAFIE

Babbie, E. 2004. *The practice of social research*. 10de uitgawe. Wadsworth: Thompson Publisieerders.

Bailey, C. E. 2005. *Assessment of parenting styles and behaviour*. In Cierpa, M., Thomas, V., Sprenkle, H. S., Eds. *Family assessment: integrating multiple clinical perspectives*. Cambridge: Hogrefe & Huber. 193-210.

Bak, N. 2004. *Completing your thesis: a practical guide*. Pretoria: Van Schaik uitgewers.

Bar-On, R., Parker, J.D.A. & Goleman, D. 2000. *The handbook of emotional intelligence: Theory, development, assessment and application at home, school, and in the workplace*. Kalifornië: Jossey-Bass Inc.

Baumrind, D. 1966. *Effects of authoritative control on child behavior*. *Child Development*, 37 (4): 887–907.

Baumrind, D. 1991. *The influence of parenting style on adolescent competence and substance abuse*. *Journal of Early Adolescence*, 11: 56–59.

Berk, L. E. 2006. *Child Development*. 7de uitgawe. Boston: Pearson/Allyn & Bacon.

Blom, R. 2004. *Handbook of gestalt play therapy: Practical guidelines for child therapists*. London: Jessica Kingsley Publisieerders.

Blom, R. 2005. *Die kind en emosionele intelligensie: Werkboek 1*. Ongepubliseerde kursusmateriaal. Bloemfontein: Wisechild.

Brink, M. E. 2006. *Gestalt Guidelines Assisting Parents to Enhance Psychosocial Development in Children*. MDAIC-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

- Britz, H. 2007. *Kweek kinders met karakter*. Suid-Afrika: Carpe Diem Media.
- Bronfenbrenner, U. & Morris, P. A. 1998. *The ecology of developmental processes*. In: W. Damon (Series Ed.) & R. M. Lerner (Vol. Ed.), *Handbook of child psychology: Vol. 1: Theoretical models of human development* (993-1028). New York: Wiley
- Campbell, R. 2000. *Relational Parenting*. VSA: Tyndale House Publiseerders.
- Charoenruk, D. 2009. *Communication Research Methodologies: Qualitative and Quantitative Methodology*.
- Children's Act of South Africa (ACT No. 38 of 2005). Pretoria: Staatsdrukker
